HOOFSTUK IV

RITME EN METRUM

0. INLEIDING

Tot sover is in hierdie studie gekonsentreer op die volgende hoofaspekte van poëtiese taalgebruik: metaforisering (hoofstuk I), maniere van sintaktiese vooropstelling (hoofstuk II) en die herhaling en groepering van die klanke in 'n gedig (hoofstuk III). Globaal gesien, wanneer dit gemeet word aan die norm(e) van standaard taalgebruik, is daar twee maniere waarop die taalgebruik in die poësie gereleveer kan word: i) deur 'n oortreding van die reëls (semanties, sintakties en fonologies) van 'n grammatika vir 'n spesifieke taal en ii) deur die superponering van 'n ekstra patroonmatigheid op grammatikale taalgebruik. Metaforiese taalgebruik veronderstel in die meeste gevalle semantiese inkongruensie in mikroskopiese of makroskopiese kontekste; die opvallendheid van die sintaksis in die poësie resulteer uit sowel 'n oortreding van grammatikale reëls (delesie en verskuiwing) as die herhaling van sinskonstituente in bepaalde patrone (koppeling en parallelisme); die klankstruktuur in 'n gedig word gekenmerk deur verskeie patrone van klankherhaling (rym, alliterasie, assonans, pararym, ens.). Elk van die bogenoemde aspekte van poëtiese taalgebruik word dus in 'n mindere of meerdere mate gekenmerk deur óf 'n oortreding van grammatikale reëls óf anders 'n doelbewuste beperking van grammatikale moontlikhede, wat lei tot groter reëlmaat en patroonvorming. In die metries-ritmiese struktuur van 'n gedig word albei die bogenoemde verskynsels van onderskeidelik afwyking en patroonmatigheid aangetref. Die metriese struktuur van 'n gedig word gekenmerk deur die reëlmatige opeenvolging van sterker en swakker beklemtoonde sillabes in bepaalde metriese patrone. Só 'n ekstra reëlmatige groepering van die linguistiese gegewens sillabe en klem word dan 'n poëtiese norm waaraan daar óf gedeeltelik voldoen kan word óf waarvan daar minder of meer ingrypend afgewyk kan word.

Dit volg uit die bostaande stelling dat dit nodig is om by 'n verkenning van die metries-ritmiese struktuur van die poësie te onderskei tussen metrum en ritme. In die meeste studies oor hierdie aspek van poëtiese

taalgebruik word die metrum beskou as 'n geabstraheerde norm en die ritme gesien as die werklike realisering van dié verskynsels wat die metries-ritmiese struktuur van die gedig bepaal. Vergelyk byvoorbeeld die volgende karakterisering van metrum en ritme: "A distinction is made between meter, or the abstract model for the metrical scheme, and rhythm, or the concrete manifestation of stressing in the language of the poem. Depending on the type of meter or the particular poem involved, rhythm and meter may closely coincide, but frequently they diverge" (Bailey, 1972:156). [1] Die metrum word dus geabstraheer uit die werklike realisering van sterker en swakker beklemtoonde sillabes in 'n poësieteks of tekste. Dit is moontlik om te onderskei tussen verskillende grade van abstraksie: 'n jambe sou op die hoogste vlak van abstrahering byvoorbeeld kon verwys na 'n metriese patroon waarin 'n swakker gerealiseerde sillabe gevolg word deur 'n sterker gerealiseerde sillabe ongeag wat die basis van die opeenvolging is - die lengte van sillabes soos in klassieke verse of die sterkte van die klem op die sillabes soos byvoorbeeld in Duitse, Engelse, Nederlandse en Afrikaanse poësie. 'n Minder abstrakte omskrywing van metrum sou die jambe in spesifieke tale soos Engels en Afrikaans definieer as die alternering tussen swakker en sterker beklemtoonde sillabes. Met verwysing na genres binne die poësie sou die jambiese pentameter byvoorbeeld geabstraheer kon word as die metriese skema vir die sonnet; die werklike realisering van hierdie abstrakte model sou egter verskillend wees vir elke enkele sonnet of ander gedig met 'n jambiese metrum. Om op te som: die metrum verwys na bepaalde vaste patrone wat geabstraheer kan word vir 'n onbeperkte aantal gedigte - dit illustreer die superponering van 'n ekstra reëlmaat of patroonvorming op die opeenvolging van sterker en swakker beklemtoonde sillabes in standaard taalgebruik; die ritme verwys na die werklike realisering van die geabstraheerde metriese patroon in afsonderlike gedigte - dit illustreer sowel 'n gedeeltelike konkretisering van die metriese reëlmaat as die funksionele afwyking van 'n metriese norm. [2]

Afhangende van die basis vir 'n bepaalde metrum kan onderskei word tussen verskillende metriese skemas. Wanneer die aantal sillabes per versreël die maatstaf is, word gepraat van sillabiese metrum. Wanneer die aantal klemtone per versreël min of meer konstant bly, word gepraat van aksentuele metrum. 'n Kombinasie van die bostaande twee prinsipes behels

die organisasie van swakker en sterker beklemtoonde sillabes in bepaalde opeenvolgings: sowel die aantal sillabes as die verspreiding van 'n bepaalde aantal klemtone is belangrik. Hierdie tipe metrum is die mees algemene en word gedefinieer as sillabies-aksentueel. Malof (1970:23) gee 'n diagrammatiese voorstelling van die oorvleueling tussen die bo= staande onderskeidinge:

(1)



Behalwe hierdie drie metriese skemas of sisteme, waarbinne die beklem= toning van sillabes implisiet of eksplisiet 'n rol speel, kan ook nog gewys word op die kwantitatiewe metrum van Latynse, Griekse en Franse poësie, waar die lengte of duur van sillabes 'n bepalende faktor is. [3] Uiteindelik word in die vrye vers die versreël self geneem as die basiese ritmiese eenheid. Ten opsigte van Duitse, Nederlandse, Engelse en Afrikaanse poësie, waar die beklemtoning in plaas van die lengte van die sillabe 'n bepalende metriese faktor is, kan volstaan word met die volgende opsommende karakterisering van Tarlinskaja (1976b:2):

> In modern European poetry there are four systems of versification: 1) syllabo-tonic, whose basis of commensurability is repeated combinations of stressed and unstressed syllables; 2) tonic, whose basis of commensurability is the number of strongly stressed words in the line; 3) syllabic, whose basis of commensurability is the number of syllables per line; 4) free verse, whose basis of commensurability is the line itself. There are also transitional systems which fall between these four.

In hierdie studie sal veral gekonsentreer word op die sillabies-aksentu=ele metrum ("syllabo-tonic" by Tarlinskaja); waar dit duidelik blyk dat daar geen patroonmatigheid is in die aantal swakker beklemtoonde sillabes tussen sterker beklemtoonde sillabes nie, sal ook 'n aksentuele metrum ("tonic" by Tarlinskaja) betrek word in die bespreking.

Daar is verskeie maniere waarop die metries-ritmiese struktuur in 'n gedig beskryf kan word. Die grafiese, musikale en akoestiese is drie moontlike metodes vir die weergawe van die metries-ritmiese struktuur in die poësie. In 'n grafiese skandering word die simbool ⏑ gebruik vir 'n swakker geklemtoonde en / vir 'n sterker beklemtoonde sillabe; in 'n musikale skandering word die swakker en sterker beklemtoonde silla=bes aangedui met respektiewelike agste (♪) en kwart of halwe note (♩ 𝅗𝅥); in die akoestiese metode word poëtiese klanke omgesit in die grafieke wat deur masjiene soos die kimograaf of die oscillograaf op papier getrek word. [4)]

Die grafiese metode, in een of ander vorm daarvan, word aangetref in: i) die skanderings van tradisionele metrici, ii) die statistiese onder=soeke van die Russiese skole, iii) die uitvoerige analises van struk=turalisties-georiënteerde linguiste en iv) uiteindelik ook in die gene=ratiewe beskrywings van poësieritme. Weens die universele gebruik daarvan is die grafiese metode ook vir hierdie studie die geskikste beskrywings=meganisme vir die verkenning van die metries-ritmiese struktuur van 'n gedig.

Ten einde die interpretatiewe bydrae te bepaal van die metries-ritmiese struktuur van 'n gedig, moet 'n metries-ritmiese analise daarvan beant=woord aan twee essensiële vereistes: i) dit moet gegrond wees op 'n betroubare en noukeurige deskriptiewe skandering van die gedig; ii) dit moet die funksie bepaal van metriese en ritmiese vooropstelling in die betrokke gedig. Hierdie twee aspekte van metries-ritmiese analise sal vervolgens behandel word in 1 en 2 hieronder. By albei aspekte sal die opvattinge van tradisionele metrici (waarby die Russiese statistici ingesluit word) asook die teorieë van sowel strukturalisties- as genera=tief-georiënteerde linguiste ondersoek word. Die indeling in tradisionele, strukturalisties-linguistiese en generatiewe opvattings is 'n gedeeltelik chronologiese: tradisionele benaderinge in hierdie studie begin by

Jespersen (1900); strukturalisties-linguistiese opvattinge word veral ge= propageer deur Chatman (1956, 1965); generatiewe analises en beskrywings van metrum begin by Halle en Keyser (1966). Die studies van Bailey (vanaf 1972) en Tarlinskaja (vanaf 1973) sou nog gedeeltelik getipeer kon word as "tradisioneel". Hierdie twee teoretici inkorporeer in hulle uiteensettings van poësieritme egter sowel strukturalistiese as genera= tiewe insigte. Hierdie twee teoretici word ingedeel by die tradisiona= liste, omdat veral Tarlinskaja (1976a, 1976b) in die bepaling van metriese iktus ook uitgaan van ekstra-linguistiese beginsels. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die Russiese statistici - an= ders as byvoorbeeld tradisionaliste soos Malof (1970) en Wimsatt en Beardsley (1959) - nie die voet erken as 'n ritmiese eenheid nie. Bailey (1975a:13-14) stel dit so: "At the basis of the Russian method lies the implication that the classical meters are preserved; however, they are reinterpreted and redefined. A second implication is that the line is the basic unit of study rather than the foot. Feet have no factual existence in the rhythm; they are a purely metrical concept which refers to the internal ordering of stressed and unstressed syllables in a line". Kritiek en kommentaar vanuit die raamwerk van 'n bepaalde opvatting op 'n ander benadering word geïnkorporeer by 'n bespreking van die mees resente benadering. Daar sal gepoog word om in 1.4 en 2 'n verantwoorde sintese te maak tussen die verskillende opvattinge - 'n sintese wat dan as basis sal dien vir die beskrywingsapparaat wat in hierdie studie gebruik sal word. In 3 sal 'n samevattende illustrasie gegee word van die interpretatiewe leidrade wat verkry kan word uit 'n analise van die metries-ritmiese struktuur van 'n gedig. In 4 sal die sentrale voorbeeldgedig, D.J. Opperman se "Kontrak", dan ook vanuit 'n metries-ritmiese analise daarvan geïnterpreteer word. In 5 sal aan= getoon word wat die samehang is tussen enersyds die interpretatiewe leidrade verkry uit 'n metries-ritmiese analise van "Kontrak" en ander= syds die interpretatiewe bydrae van die metaforisering, die sintaktiese organisasie en die klankstruktuur van hierdie gedig.

A. TEORIE

1. DESKRIPTIEWE SKANDERING VAN DIE METRIES-RITMIESE STRUKTUUR VAN GEDIGTE

1.0 Inleiding

'n Betroubare en noukeurige skandering van 'n gedig moet 'n beskrywing gee van sowel die onderliggende metriese patroon of reëlmaat as die werk=like ritmiese realisering van die patroon of reëlmaat in die be=trokke gedig. Dit beteken dat sowel die geabstraheerde metrum as die ritmiese realisering van hierdie abstraksie aangedui moet word in die skandering van 'n gedig. Anders gestel: in die werklike realisering van die organisasie van swakker en sterker beklemtoonde sillabes in 'n gedig sal sowel 'n ooreenstemming met die metriese patroon as enige afwyking daarvan gereflekteer word. Sō 'n omlyning van die metrum en die ritme en die samespel tussen die twee sal dan 'n beskrywing wees van die metries-ritmiese struktuur van 'n gedig. Dit gaan dan om veral twee linguistiese gegewens wat geïmplementeer en gemanipuleer word in die metries-ritmiese struktuur van 'n gedig: sillabe en klem en hulle onderlinge verhouding tot mekaar: "The study of English meters should be carried out according to the syllabic and accentual structure of the line. Analysis of these two formal features is essential for explaining not only syllable-stress verse, but also various kinds of stress-meters which have a fixed number of ictuses per line (metrical stresses or ictic positions)" (Tarlinskaja, 1973:249). In die uiteensettings hieronder van tradisionele, strukturalisties-linguistiese en generatiewe skanderings=metodes en -prinsipes sal dan besonderlik aandag geskenk word aan die hantering van sillabe en klem binne hierdie teorieë.

1.1 Die skanderingsmetodes en -beginsels van tradisionele metrici en Russiese statistici

Otto Jespersen, Joseph Malof, W.K. Wimsatt en Monroe C. Beardsley, A.J. Coetzee (tradisionele metrici); James Bailey en Marina Tarlinskaja (Russiese statistici).

1.1.1 Grade van klem en die bepaling van metriese iktus

Sowel in die sillabies-aksentuele ("syllable-stress") as in die suiwer aksentuele ("strong-stress") metriese skemas is klem bepalend vir die werklike realisering van 'n potensieel belangrike metriese posisie of

iktus. Met Tarlinskaja (1973:250) kan soos volg onderskei word tussen linguisties bepaalbare klem en metriese iktus: "While the first term (d.i. "strong stress") applies to description of the actual linguistic stresses in a line (rhythm), the second term (d.i. "ictus") refers to the abstract metrical pattern (meter)". Oor die graad van klem (primêr, sekondêr of tersiêr) wat sterk genoeg sou wees vir die realisering van 'n metriese iktus bestaan daar verskil van mening. Vir sommige metrici is slegs primêr beklemtoonde sillabes metries signifikant; vir ander kan ook sekondêre en selfs tersiêre klem in bepaalde linguistiese opeenvolgings 'n metriese iktus realiseer.

Bailey (1975a) volg 'n binêre benadering: "English words will be regarded as having one main stress and, for the purpose of rhythmical analysis, they will be treated as being stressed or unstressed" (1975a:18). Die onderskeiding tussen beklemtoond en onbeklemtoond is gebaseer op grammatikale kategorieë: vormwoorde ("Form words") soos nomina, adjektiewe, selfstandige verba en die meeste adverbia is normaalweg sterker beklemtoon; funksiewoorde ("function words") soos pronomina, hulpverba, preposisies, konjunksies en artikels is normaalweg swakker beklemtoon "or even obscured" (Bailey, 1975a:18). Bailey se kriteria, toegepas op die volgende reël uit "In Time of War" (W.H. Auden) omlyn elke potensieel belangrike metriese posisie as 'n gerealiseerde metriese iktus:

(1)

		/		/		/		/
And	maps	can	really	point	to	places		
1	2	3	4	5	6	7	8	9
⏑	/	⏑	/	⏑	/	⏑	/	⏑

/ - bokant die woorde dui op die sterk beklemtoonde sillabes van vormwoorde.

1, 2, ens. - stel die nommering voor van die sillabes in die reël

⏑/ - toon die groepering van swakker en sterker beklemtoonde sillabes aan volgens die groepering van die jambiese metriese patroon

In die volgende verse uit dieselfde gedig word sommige potensieel belangrike metriese posisies egter nie beklemtoon nie:

(3)

	/		/			/		
Here	war	is	simple	like	a	monument		
1	2	3	4	5	6	7	8	9 10
⏑	/	⏑	/	⏑	/	⏑	/	⏑ /

			/				/		/
And	can	be	lost	and	are,	and	miss	their	wives
1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
⏑	/	⏑	/	⏑	/	⏑	/	⏑	/

Onderstreepte woorde en sillabes is potensieel belangrike metriese posisies wat onbeklemtoond, dus ongerealiseer, gelaat word.

Bailey se kriteria vir die realisering van metriese iktus, omdat dit gebaseer is op die linguistiese gegewe van grammatikale kategorieë, het die voordeel dat dit objektief toegepas kan word. Soos blyk uit die ongerealiseerde metries signifikante posisies in (3) hierbo, is Bailey se kriteria egter onvoldoende. Dit maak naamlik nie voorsiening vir i) die sekondêre klem van 'n meersillabige vormwoord soos "mŏnument", en ii) eensillabige funksiewoorde soos like, can en are in potensieel belangrike posisies in die metrum nie.

Die volgens Bailey se kriteria onvoldoende geskandeerde verse in (3) sou nŏg vir Wimsatt en Beardsley (1959) nŏg vir Coetzee (1972) enige probleem opgelewer het. Vir die eersgenoemde skrywers is die beginsel van rela= tiewe beklemtoning die enigste nodige onderskeidingskriterium: ăl wat belangrik is, is dat een sillabe altyd in vergelyking met 'n ander sillabe relatief sterker of swakker beklemtoond sal wees. In die omgewings "__le like", "__nument", "and can" en "and are" in (3) hierbo sou die onderstreepte funksiewoorde en die laaste sillabe van die vormwoord "monument" dus volgens die beginsel van relatiewe klem in elke geval ervaar word as sterker beklemtoond as die sillabe wat daaraan vooraf= gaan. Vir Coetzee (1972) is die oplossing nog meer voor-die-hand-lig= gend: die metriese patroon se aanduidings dien as 'n objektiewe maat= staf, sodat die ongerealiseerde metriese iktusse in (3) hierbo volgens Coetzee se skanderingsbeginsel outomaties beklemtoon sal word. Die enigste vereiste wat Coetzee stel, is dat funksiewoorde wat op sŏ 'n manier, weens die metriese posisie wat hulle beklee, ekstra beklem= toon word wel semanties belangrik moet wees in die gedig. Dit lyk na 'n gesonde uitgangspunt, behalwe dat die toekenning van klem op sulke geval= le dan berus by die subjektiewe interpretasie van die metrikus: oor die semantiese belangrikheid of onbelangrikheid van funksiewoorde in 'n vers= reël sou daar meningsverskil kon bestaan. Dit is trouens juis om hierdie rede dat Bailey (1975b) hom vir metriese doeleindes slegs bepaal by be= klemtoonde en onbeklemtoonde sillabes binne objektief onderskeibare

grammatikale kategorieë: "In order to avoid as much personal interpre= tation as possible in evaluating the strength of weakly stressed words and secondary stresses, and in order to achieve a high amount of relia= bility and objectivity, rhythmical analysis will be based on grammatical categories and the concept that an English word has one easily perceived stress" (1975b:23).

Dit is egter veral wanneer Coetzee besluit dat 'n funksiewoord in 'n metries sterk posisie nie beklemtoon moet word nie, dat hierdie skrywer myns insiens totaal verstrik raak in arbitrêre en subjektiewe kriteria. Die skrywer skandeer "Die moeder" van Elisabeth Eybers eers "so nougeset moontlik volgens die onderliggende jambiese maat" (1972:89), en daarna beredeneer hy gevalle van syns insiens semanties onbelangrike funksie= woorde, wat beklemtoon word in metriese sterk posisies. Vergelyk hier die skrywer se skandering van die eerste vier verse van die gedig:

(4)
1. ⏑ / ⏑ / ⏑ (/) ⏑ / / "Die vreemde oorsprong van jou lewe het
2. ⏑ / ⏑ (/) ⏑ / ⏑ / ⏑ / soos lig deur 'n kristal deur my gevloei
3. ⏑ / ⏑ / ⏑ / ⏑ / ⏑ (/) in al die maande toe ek één was met
4. ⏑ / ⏑ / ⏑ / ⏑ / ⏑ / die stil geheim van jou verborge groei.

(/) is 'n aanduiding van 'n "foutiewe" klem.

Coetzee merk op dat die metriese sterk posisies noodwendig sekere woorde "sonder 'n duidelike betekenisnoodsaak" (1972:90) sal uitsonder. In (4) hierbo fokus die metrum byvoorbeeld op die volgens Coetzee semanties minder belangrike woorde van (vers 1), 'n (vers 2), en met (vers 3). Aangesien die metrum egter vyf klemtone vereis, formuleer Coetzee sy eerste "skan= deringsbeginsel" soos volg: "...waar 'n vasgestelde patroon 'n sekere aantal heffings en dalings, of 'n sekere opeenvolging van heffings en dalings, teoreties, vereis, lyk dit wenslik om voorlopig nie daardie patroon na willekeur te verander in gevalle waar onbelangrike eensilla= bige voorsetsels, hulpwerkwoorde ens. in die weg van die heffings staan nie (en die onbelangrikheid van hierdie woorde kan eers bepaal word nadat die heffings wel op hulle geplaas is en hulle dan nie as swaar betekenisdraende woorde binne die gedig fungeer nie). Die patroon kan

behou word deur gebruik te maak van verplasing van die heffings" (1972:90). Ten opsigte van die tweede vers in (4) hierbo beteken dit dat die "onwaar=skynlike" heffing op 'n verplaas moet word na deur as "die enigste nabye woord wat daarvoor 'kwalifiseer'" (1972:91):

(4) i. 2. "soos lig deur 'n kristal deur my gevloei"

Coetzee redeneer dat die verplasing van die klem op deur die patroon behou, en dat die aksentuering van die eerste deur belangrik is as deel van die vergelyking in dié reël. Die aksentuering van die tweede deur is volgens die skrywer onnodig, aangesien die betekenis volgens hom alreeds duidelik is. Waarom sou die preposisie deur in die vehicle-frase "soos lig deur 'n kristal" egter 'n klemtoon regverdig en die ooreenstemmende preposisie deur in die tenor-frase "jou lewe het ... deur my gevloei" onbeklemtoon gelaat kon word? Dit gaan tog juis om die wyse waarop die my as 't ware "deurvloei" word met die bewuswording van die ongebore kind, en daarom is die deur in die tenor-gedeelte myns insiens 'n semanties belangriker woord as die deur in die vehicle-gedeelte. Wat met die kristal gebeur is immers niks ongewoons nie en fungeer slegs aanvullend en verduidelikend ten opsigte van die tenor; wat met die my gebeur, daarenteen, is in hierdie gedig vooropgestel as 'n buitengewone en kosbare ervaring. Coetzee se redenasie lyk my nie steekhoudend nie en op sy minste aanvegbaar. Dat hy nie ontkom aan die gevaar van subjektiwiteit nie, is dus duidelik. Afgesien van die subjektiewe beredenering vir die arbitrêre verplasing van 'n "verpligte" (myns insiens denkbeeldige) klem, bly die metriese patroon - in teenstelling met wat Coetzee beweer - natuurlik allermins behou. Vergelyk die skrywer se twee skanderings van hierdie verse:

(4) ii. a) soos lig deur 'n kristal deur my gevloei

b) soos lig deur 'n kristal deur my gevloei

Die groepering van onbeklemtoonde en beklemtoonde sillabes stem in (4)(ii)(a) wel ooreen met die verspreiding wat vereis word deur die jambiese patroon: ⏑/⏑/⏑/⏑/⏑/; in (4)(ii)(b) lei Coetzee se ver=plaaste klem egter juis tot 'n verbreking van die metriese patroon,

deurdat twee beklemtoonde sillabes gevolg word deur twee onbeklemtoonde sillabes. Om te redeneer dat dieselfde aantal klemtone behou word, is om die trogeïese inversie van die tweede voet nie te erken as 'n afwyking binne 'n jambiese versreël nie.

Eensillabige funksiewoorde is blykens die voorafgaande uiteensetting problematies in die skandering van 'n gedig: soms is 'n beklemtoning van dié woorde in metries sterk posisies funksioneel, ander kere regverdig hulle nie klem nie. Coetzee - ten spyte van sy aanvegbare "skanderingsbeginsel" van verplasing van 'n ongewenste metries afdwingbare aksent - is dus ten minste bewus van die potensiële belangrikheid van sulke skynbaar minder opvallende woorde in die alledaagse taalgebruik. Ook Wimsatt en Beardsley (1959) het gewys op die metriese vooropstelling van funksiewoorde: "What makes it possible for the lighter stresses to count in syllable-stress meter is the fact that it <u>is</u> a syllable meter. Following French and classical models, but in an English way, the poets count their syllables precisely or almost precisely, ten to a pentameter line, and this measuring out makes it possible to employ the minor accents along with the major ones in an alternating motion, up and down. The precise measurement tilts and juggles the little accents into place, establishes their occurrence as a regular part of all that is going on" (1967 (1959):104). Anders as Coetzee bespreek Wimsatt en Beardsley egter nie gevalle waar "little words" 'n ongeregverdigde metriese klem verkry nie. Trouens, dit wil voorkom asof die onderliggende metriese skema vir hierdie skrywers deurslaggewend is in die bepaling van klem op funksiewoorde. Vergelyk die funksiewoord <u>is</u> in die volgende twee byna identiese uitdrukkings:

(5) a) ⏑ / ⏑ ⏑ / ⏑ ⏑ / ⏑ ⏑ /
A little advice is a dangerous thing

b) ⏑ / ⏑ / ⏑ / ⏑ / ⏑ /
A little knowledge is a dangerous thing

In die eerste geval vereis die anapestiese metrum (⏑⏑/) dat die <u>is</u> onbeklemtoond sal wees in 'n metriese non-iktus; in die tweede geval vereis die jambiese patroon dat die <u>is</u> beklemtoon word in 'n metriese iktus.

Ook Wimsatt en Beardsley se uiteensetting van die beginsel van relatiewe

klem maak voorsiening vir die afdwingbare krag wat die metriese patroon het ten opsigte van die realisering en groepering van swakker en sterker beklemtoonde sillabes. Onder relatiewe klem verstaan die skrywers "that a given syllable in a sequence is more or less stressed than the preceding or following", en hulle sien die beginsel van relatiewe klem verder as karakteristiek van die sillabies-aksentuele metrum: "the principle of relative stress ... the one principle of stress which in conjunction with syllable counting makes this kind of meter" (1967(1959):105). Volgens hierdie beginsel word dit moontlik om sekere swakker beklem= toonde sillabes te promoveer tot metriese iktus, en ander sterker be= klemtoonde sillabes te demoveer tot metriese non-iktus. Vergelyk die volgende gevalle waar onderskeidelik 'n opeenhoping van linguisties onbeklemtoonde en linguisties beklemtoonde sillabes aangetref word:

(6) a) In profuse strains of unpremeditated art - (Bailey)

a)′ In profuse strains of unpremeditated art - (Wimsatt & Beardsley)

b) Rocks, caves, lakes, fens, bogs, dens, and shades of death - (Bailey)

b)′ Rocks, caves, lakes, fens, bogs, dens, and shades of death - (Wimsatt & Beardsley)

In a)′ is dit vir Wimsatt en Beardsley belangrik dat strains 'n swaarder klem het as die voorafgaande beklemtoonde sillabe van "profuse". Dit is die beginsel van relatiewe klem wat hier werksaam is, en waardeur dit moontlik word om nog steeds die jambiese patroon uit twee opeenvolgende linguisties beklemtoonde sillabes te abstraheer. Wat die eerste twee sillabes van a)′ betref, redeneer Wimsatt en Beardsley dat albei die moontlikhede "in pro-" en "in pro-" metries is, aangesien 'n trogeïese inversie in die eerste voet van 'n jambiese versreël 'n ingeburgerde variasie is en dus nie die jambiese patroon sal versteur nie. Die eerste en vyfde sillabes van "unpremeditated" sou eweneens gepromoveer kon word tot klem in metries belangrike posisies. Ten opsigte van b′ postuleer die skrywers dat nie al die linguisties beklemtoonde eensillabige woorde

ewe sterk klem dra nie. 'n Lesing waarin 'n trogeïese inversie voorkom aan die begin van 'n reeks van 'n andersins reëlmatige opeenvolging van swakker beklemtoonde sillabes, gevolg deur sterker beklemtoonde sillabes, maak dit ook in hierdie geval vir die skrywers moontlik om 'n jambiese patroon te abstraheer vir b'.

'n Mens kan sê dat Wimsatt en Beardsley, soos Bailey, skandeer volgens 'n objektiewe kriterium: in die plek van Bailey se linguisties vasstelbare klemtone kom die onderliggende metriese patroon as 'n objektiewe maatstaf vir die bepaling van klem en metriese iktus. Van só 'n doelbewuste negering van die werklike verspreiding van klemtone, geld egter Bailey (1975a:18) se kritiek teen die nosie van relatiewe klem by die bepaling van metriese iktus: "Insofar as metrics is concerned, consideration of all possible degrees of relative stress as being capable of signaling a fulfilled ictus implies rhythmical regularity, and near identity between rhythm and meter. In other words, this means that the English iambic tetrameter (and all other meters) possesses a single petrified rhythmical structure and that the verse of all poets is rhythmically the same".

Wimsatt en Beardsley, alhoewel hulle die beginsel van relatiewe klem onderskryf, vind dit onnodig om in die skandering 'n onderskeid te tref tussen grade van klem. Daarenteen onderskei Jespersen (1900), van wie Wimsatt en Beardsley die beginsel van relatiewe klem op iktusse en noniktusse oorneem, wel tussen vier grade van klem: "4 strong, 3 half-strong, 2 half-weak, 1 weak" (1967(1900):74). Jespersen merk op dat dit nie altyd moontlik is om objektief te kan onderskei tussen die verskillende grade van klem nie. Bowendien word die sterkte van klem bepaal deur die linguistiese omgewing waarin 'n woord of sillabe aangetref word. So is die sillabes van uphill verskillend gerealiseer vir die volgende gevalle:

(7) a) to walk uphill
2 4

b) an uphill walk
4 2

So ook kan woorde wat in isolasie sterk beklemtoon is, minder sterk gerealiseer word wanneer dit gekombineer word met ander woorde. In die

volgende groeperings word die middelste vormwoord volgens Jespersen gereduseer tot 'n klemsterkte van 3 of 2 in plaas van 4: "But poore old man, thou prun'st a rotten tree / The course of true love never did run smooth", ens. (Jespersen, 1967(1900):75). Wat 'n opeenvolging van swakker beklemtoonde sillabes in meersillabige woorde betref, sal dié sillabe wat die verste van die sterk klem voorkom, die sterkste gerealiseer word. In woorde soos "happily, gossiping" is die klem=sterkte van die sillabes 412, en in woorde soos "condescend" en "regu=larity" onderskeidelik 214 en 21412. 'n Bepaalde groepering van sillabes is dus deurslaggewend vir die klemsterkte van 'n bepaalde sillabe in 'n sekere opeenvolging. Om hierdie rede kom Jespersen tot die volgende konklusie: "What is decisive when words have to be used in verse is everywhere the surroundings: the metrical value of a syl=lable depends on what comes before and what follows after it" (1967(1900): 76). Wimsatt en Beardsley (1959) se skandering van die eerste drie woorde van (6) a) hierbo as jambies, sou met behulp van Jespersen se verklaring van wisselende grade van klem binne bepaalde linguistiese omgewings verduidelik kon word:

(6) i. a'' ⏑ / ⏑ / In profuse strains ...
1 2 3 4

/ ⏑ ⏑ /
a''' In profuse strains ...
2 1 3 4

(trogeïese inversie in die eerste voet)

Omdat daar onderskei word tussen grade van klemsterkte by beklemtoonde (3,4) en onbeklemtoonde (1,2) sillabes, kan Wimsatt en Beardsley in die voorbeelde hierbo nog steeds jambies (⏑/⏑/) skandeer, terwyl Bailey se gerekonstrueerde skandering 'n duidelike deurbreking van die jambiese patroon sou registreer (⏑⏑//). Dit lyk asof Wimsatt en Beardsley se skandering van (6) a' hierbo 'n illustrasie is van die volgende uit=spraak van Jespersen: "...the only thing required by the ear is an upward and a downward movement, a rise and a fall, an ascent and a descent, at fixed places whereas it is of no importance whatever how great is the ascent or the descent (1967(1900):76). Daar is egter 'n kardinale verskil tussen die twee opvattinge: vir Jespersen moet 'n jambiese versreël deur=gaans 'n stygende en dalende alternering tussen minder en meer beklem=toonde sillabes vertoon; vir Wimsatt en Beardsley hoef hierdie beginsel slegs te geld ten opsigte van elke afsonderlike jambiese voet. Vergelyk

hier Jespersen (1967(1900):76) se diagrammatiese voorstelling van die stygende en dalende alternering in 'n jambiese versreël:

(8) 1.

2. aBaBaBaBaB

Hiervolgens is dit duidelik dat Jespersen die opeenvolging van sillabes in (6)(i) hierbo nie sou geskandeer het as jambies nie, aangesien hier= die vier sillabes volgens sy diagrammatiese voorstelling 'n steeds stygende lyn sal vertoon:

(6) ii.



Vir Wimsatt en Beardsley is dit egter geen probleem dat daar nie 'n daling is tussen die tweede en derde sillabe nie - hulle sê immers eksplisiet ten opsigte van 'n ander versreël: "(Note well: the slack of a given foot (in hierdie geval -fuse) can be stronger than the stress of the preceding foot (in hierdie geval pro-))" (1967(1959):107). Hierdie verskil tussen enersyds Jespersen en andersyds Wimsatt en Beardsley ten opsigte van die implementering van die beginsel van relatiewe klem in die bepaling van die metriese patroon van 'n vers= reël, resulteer uit die verskillende omgewings waarbinne die onderskeie metrici 'n bepaalde sillabe plaas. Jespersen bepaal die relatiewe klem van 'n bepaalde sillabe in verhouding tot die twee sillabes aan weers= kante daarvan; Wimsatt en Beardsley bepaal die relatiewe klem van 'n bepaalde sillabe egter slegs in verhouding tot die onmiddellik daaraan voorafgaande sillabe. Jespersen bekyk dus 'n sillabiese omgewing van ten minste drie sillabes, wat impliseer dat die klemsterkte van 'n sil= labe oor 'n jambiese voetgrens heen bepaal kan word. Wimsatt en Beards= ley, daarenteen, bekyk slegs 'n sillabiese omgewing van twee sillabes, wat dit moontlik maak om die klemsterkte van 'n bepaalde sillabe telkens binne die grense van 'n jambiese voet vas te stel. Konkreet ten opsigte van (6) (ii) hierbo beteken dit dat Jespersen pro- nie sou beklemtoon het in die omgewing "in profúse" nie, terwyl dit vir Wimsatt en Beardsley slegs

belangrik is dat pro- groter klem dra as in in die omgewing "in pró-". Die kritiek wat Bailey (1975a:18) uitspreek teen die implementering van relatiewe klem in die bepaling van metriese iktus (vergelyk hierbo), as sou dit lei tot 'n uitwissing van die grense tussen metrum en ritme, geld volgens die bostaande uiteensetting wel vir die skandering van Wimsatt en Beardsley maar nie vir die gerekonstrueerde skandering van Jespersen nie. Slegs wanneer die beginsel van relatiewe klem 'n bepalende faktor is in geïsoleerde metriese patrone, soos die twee sillabes in 'n jambe, kan dit lei tot 'n geforseerde realisering van metriese iktus.

Uit die bostaande uiteensetting blyk duidelik die dilemma van die metrikus: enersyds is 'n objektiewe linguisties-bepaalbare onderskeid tussen sterker en swakker beklemtoonde sillabes onvoldoende vir die realisering van metriese iktus; andersyds lei 'n onoordeelkundige toe= passing van die beginsel van relatiewe klem tot 'n geforseerde reali= sering van metriese iktus. Die beginsel van relatiewe klem - en daarmee saam die onderskeiding van meer grade van klem as slegs twee - lyk tegelyk noodsaaklik en tog onbetroubaar. Indien hierdie beginsel wel noodsaaklik is vir 'n noukeurige metries-ritmiese analise van poëtiese taalgebruik, volg logies hieruit dat gepoog moet word om die element van onbetroubaarheid in die toepassing van relatiewe klem so ver moontlik te elimineer. 'n Metrikus wat poog om die grootste moont= like mate van noukeurigheid te bereik, en wat tegelykertyd bewus is van die noodsaaklikheid van 'n meer genuanseerde onderskeiding van beklem= toonde en onbeklemtoonde sillabes, is Tarlinskaja (1976a:43): "...a specification of the differentiation of phrasal stresses according to strength must precede an analysis of the accentual structure of verse and a specification of the characteristics of its meter". Die skryfster onderskei tussen 'n klem binne 'n sinsnede of frase en woordklem. In die meeste gevalle sal woord- en frase-klem saamval, maar soms behou 'n woord sy woordklem en word tog nie beklemtoon binne die frase nie. Dit sou byvoorbeeld die geval wees by meersillabige funksiewoorde wat wel woordklem het, maar wat in 'n konstruksie soos die volgende nie beklemtoon sal word nie: "She thought of throwing herself on the mercy of Waddington" (Tarlinskaja, 1976b:60). Die skryfster se beklemtoning van die belangrikheid van frase-klem - "phrasal stress is the main means of syllabic prominence, both in

prose and poetry" (1976b:60) - is, op 'n ander manier uitgedruk, 'n erkenning van die belangrikheid van die sillabiese omgewing vir 'n bepaling van die graad of sterkte van klem op 'n sillabe of woord (Jespersen).

In die analise van die moontlike grade van frase-klem gebruik die skryfster twee notasionele sisteme: die een gedifferensieer en die ander vereenvoudig. Vir 'n meer gedifferensieerde analise word drie kategorieë van klem veronderstel: sterk, sekondêr en swak (of onbeklemtoond). Die verdere verdeling wat die skryfster aan= bring ten opsigte van die bostaande kategorieë kan skematies soos volg uiteengesit word:

(9) i.



ii.



iii. unstressed (lack of stress/weak)



(Gebaseer op Tarlinskaja, 1974:67; 1976a:44; 1976b:79)

Die skryfster gee voorts 'n gedetailleerde uiteensetting - gebaseer op 'n statistiese analise van Russiese en Engelse poësie geskryf in silla= bies-aksentuele metrum - van watter woorde en sillabes onder watter omstandighede en in watter omgewings sterk, sekondêr of swak beklem = toond sal wees.

Daar is 'n aantal faktore wat die beklemtoning van woorde in frase- of sinsklem bepaal. Die belangrikste faktor is volgens die skryfster 'n semantiese: "...the stress of a word in the sentence is related to the semantic weight of the separate words and the semantic relationships between them" (1976b:61). Dit is hoofsaaklik semanties outonome woorde wat beklemtoon word, maar dit is moontlik dat enige woord wat 'n seman= tiese of emosionele lading verkry, gereleveer kan word deur klem. Dit is duidelik dat Tarlinskaja, soos Wimsatt en Beardsley (1959) en Coetzee (1972) bewus is van die potensiële metries-ritmiese belangrikheid van oënskynlik minder belangrike woorde in die taal. Die semantiese faktor bepaal dus die sterk beklemtoonde aard van semanties meer betekenisvolle woorde.

Die klem binne 'n frase word tot 'n sekere mate ook bepaal deur die grammatikale of sintaktiese struktuur van 'n frase of sin. Die sin= taktiese faktor blyk byvoorbeeld uit die aksentuele ondergeskiktheid van 'n eensillabige adjektief wat voorkom in 'n posisie onmiddellik voor die nomen wat daardeur gekwalifiseer word. Promosie van klem kan ook sintakties bepaal word; so byvoorbeeld is hulp- en modale verba normaalweg onbeklemtoond in stellende sinne maar beklemtoond in vraag= konstruksies. Behalwe semantiese en sintaktiese faktore moet volgens die skryfster ook faktore soos die kwaliteit van die vokaal en die

ritmiese struktuur van die frase in aanmerking geneem word by die be= klemtoning van sillabes.

Die volgende skema word voorgestel vir die onderskeiding tussen ver= skillende grade van klem in die metries-ritmiese struktuur van 'n gedig:

(10)

Stress	Differential System		Simplified System	
	on an ictus	on a non-ictus	on an ictus	on a non-ictus
Strong	⊥ (4)	⏝ ⏝ (4;3)	⊥ (4)	⏝ (4)
Secondary	⊤ (3)	⏝ ∪ (2;1)	⊥ (4)	∪ (1)
Unstressed	˙ – (2;1)	∪ (1)	– (1)	∪ (1)

(Gebaseer op Tarlinskaja, 1976b:80)[5)]

Hierdie skema word dan in meer besonderhede soos volg verduidelik:

> We have, as a rule, regarded as strongly stressed[⊥, ∪,]apart from strongly stressed syllables of polysyllabic words, the following monosyllabic words: nouns, notional verbs, auxiliary and modal verbs in the construction of a general question, adjectives, numerals, most adverbs, noun-pronouns, personal pronouns when there is a sense dis= tinction, for example, a contrast (as in ..."makes her love mee"), interjections (not in direct address), and interrogative and exclama= tory words.
>
> We have regarded as weakened strong in non-ictic positions in the line[⏝]those notional monosyllabic words which are contactually adjacent (a term used by Komogorov and Proxorov) and syntactically subordinate to a following word having strong stress in an adjacent ictic position (example: the weakening of the adjective in the group 'adjective+noun'). It was assumed that personal pronouns in nonictic positions in the line lose their stress altogether, and modal and auxiliary verbs in the construction of a question and interjections not separated by an exclamation mark from the text which follows, retain only secondary stress.
>
> It was assumed that secondary stresses on the ictus[⊤]approximate the principal stress in strength and pitch of tone, while in a nonictic position[⏝]they approximate lack of stress. We have recognised that secondary stress on the ictus is borne, for example, by modal verbs in noninverted constructions which are separated from the main verb by a word or group of words ("you must not see"[∪ ⊤ ∪ ⊥]), certain adjective pronouns separated from the noun by a word or group or words ("but that sad moment" [∪ ⊤ ⏝ ⊥ ∪], "and each new night- dress"[∪ ⊤ ⏝ ⊥ ⏝]), conjunctive words ("and told me where to hide"

∪ ⊥ ∪ T ∪ ⊥]), personal pronouns in the objective case with the corresponding vowel quality and place in sentence (for example, the pronoun her [hə] in "I her remember well" [∪ T ∪ T ∪ ⊥]). Modal and auxiliary verbs in direct word order and adjective pronouns and conjunctive words in nonictic positions in the line have been regarded as weakly stressed. Unstressed monosyllabic words, which in the ictic position may be distinguished at least by the change in tone and vowel quality (as and in ... "two pages and a chair"), are designated on the ictus as [÷], and on the non-ictus as [∪]. Unstressed syllables having a full vowel may be designated as [÷] on the ictus, as [∪] on the nonictus, and those having the vowel [ə] as [—] on the ictus and as [∪] in the nonictic position.

In the most simplified system of the analysis we have taken into account only stress and lack of stress of the syllable. Thus the syllables [⊥ ⫫ Ψ T] have been considered stressed, and [∪ — ÷ Y] unstressed. The difference between the two systems is most noticeable when considering such combinations as "red cross, pale crescent" or "two pages and a chair": in the differentiated system of analysis they are recorded as 'iambic'; in the simplified system all three syllables are considered equal in strength (the first three stressed, the second three unstressed) and therefore belong to a different classificational category.

(Tarlinskaja, 1976a:45-46) [6]

Die waarde van die bostaande uitgebreide spesifikasie vir die toekenning van klem is die feit dat dit gebaseer is op linguistiese sowel as metriese prinsipes. Die skryfster het in die eerste plek die linguistiese beginsels vir klemtoekenning noukeurig nagegaan; terselfdertyd is hierdie suiwer linguistiese beginsels aangevul met die resultate van 'n statistiese ondersoek na die voorkoms van klem en metriese iktus in poëtiese taalgebruik. Tarlinskaja se sisteem vir klemtoekenning is dus tegelyk linguisties objektief en metries verantwoord. Tog is ook hierdie klassifikasie nog steeds nie heeltemal voldoende nie. Die skryfster merk naamlik op dat die toekenning van klem en metriese iktus vir sommige eensillabige woorde besonder problematies is. Afhangende van hulle funksie en posisie in die sin en die posisie wat hulle beklee in die metrum, sou hierdie woorde òf sekondêre klem, òf geen klem, òf in uitsonderlike gevalle sterk klem kon verkry. Dus:

The accentual structure of the phrase permits variants. These variants appear primarily on account of the variant change in the degree of stress of certain monosyllabic words. In a linguistic analysis of verse, the choice of one of the variants of the accentual structure of the phrase is to a considerable extent suggested by the meter. Of course the influence of the meter is not so strong that the accentual configuration of the line would exceed the limits of the speech norms. Yet under the influence of the meter the line is assumed to get that variant of phrasal accentuation which approximates it to the structure of the meter. As a result of this influence, verse may exhibit, for example,

> an increase in the number of relatively more strongly stressed syllables and a change in the arrangement of relatively stronger and weaker phrasal stresses (1976a:41).

Ook Tarlinskaja moet vir die klemtoekenning van problematiese eensilla=bige funksiewoorde uiteindelik terugval op die beslissing gesuggereer deur die metriese patroon. Só 'n erkenning van die moontlike afdwing=bare krag van die metriese norm of patroon is egter al veel meer ver=antwoord as Wimsatt en Beardsley (1959) of Coetzee (1972) se dikwels onoordeelkundige en arbitrêre gebruik van die metrum vir die bepaling van klem. Ten slotte: Tarlinskaja se konklusies is uitvoerig aange=haal hierbo, omdat hierdie metrikus myns insiens die beste daarin slaag om die eise van onderskeidelik linguistiese eksaktheid (Bailey) en metriese buigbaarheid (Wimsatt en Beardsley; Coetzee) met mekaar te ver=soen. Sy slaag daarin om die objektiwiteit van 'n suiwer linguistiese benadering te verkry sonder om daardeur 'n onvoldoende karakterisering van klem en iktus te gee; sy slaag ook daarin om die moontlikhede van die metries-ritmiese struktuur van poëtiese taalgebruik ten volle te benut sonder om daardeur te verval in 'n ongemotiveerde en arbitrêre terugval op die beslissende krag van die onderliggende metriese patroon.

Tarlinskaja se beginsels vir klemtoekenning kan vervolgens geïllustreer en getoets word aan W.H. Auden se "In Time of War". Sowel die gedif=ferensieerde as die vereenvoudigde sisteem van (10) sal aangetoon word in die skandering: onmiddellik bo die sillabes sal eers die gedifferen=sieerde tekens vir die subkategorieë van sterk, sekondêre en swak klem aangetoon word; bokant hierdie tekens sal dan slegs die vereenvoudigde aanduidinge van onderskeidelik beklemtoonde [⊥] en onbeklemtoonde [∪] sillabes aangetoon word. Metriese iktusse (beklemtoond en onbeklem=toond) word deurgaans onderstreep. Vergelyk:

(11) IN TIME OF WAR

1. Here war is simple like a monument:
2. A telephone is speaking to a man;
3. Flags on a map assert that troops were sent;

4. A boy brings milk in bowls. There is a plan
5. For living men in terror of their lives,
6. Who thirst at nine who were to thirst at noon,
7. And can be lost and are, and miss their wives,
8. And, unlike an idea, can die too soon.
9. But ideas can be true although men die,
10. And we can watch a thousand faces
11. Made active by one lie:
12. And maps can really point to places
13. Where life is evil now:
14. Nanking; Dachau.

Uit die verspreiding en toekenning van klem op metriese iktusse en non-iktusse in (11) hierbo blyk onmiddellik die groter toereikendheid van Tarlinskaja se beginsels in vergelyking met dié van Bailey (1975a). Bailey se sisteem maak nie voorsiening vir die volgende beklemtoonde metriese iktusse nie: die sekondêr beklemtoonde sillabes in die vorm= woorde "monument" (vers 1), "telephone" (vers 2); ook die beklemtoonde sillabe van die meersillabige konjunksie "although" (vers 9) sou binne Bailey se riglyne nie beklemtoon word nie. Bailey laat ook die volgende eensillabige funksiewoorde onbeklemtoond: like (vers 1), is (vers 4), were (vers 6), can (vers 7), are (vers 7), unlike (vers 8), can (vers 9) en we (vers 10). In teenstelling met die beginsels van Wimsatt en Beards= ley (1959) en Coetzee (1972) is die volgende funksiewoorde in die posisie van metriese iktus by Tarlinskaja onbeklemtoon: to (vers 2), on (vers 3), of (vers 5), an (vers 8) en by (vers 11). Dit is duidelik dat Tarlins= kaja se sisteem tegelyk meer omvattend is as dié van Bailey en minder arbitrêr aandoen as dié van Wimsatt/Beardsley en Coetzee.

Ten slotte: binne die tradisionele opvattinge wat hierbo bespreek is, verteenwoordig Tarlinskaja (1974, 1976a en 1976b) se spesifikasie vir die bepaling van metriese iktus die noukeurigste, mees uitgebreide en mees verantwoorde stel riglyne.

1.1.2 Die groepering van swakker en sterker beklemtoonde sillabes in metriese patrone

Nadat die eerste stap in die skanderingsprosedure afgehandel is - die bepaling van klem en metriese iktus soos uiteengesit in 1.1.1 hierbo - word in tradisionele teorieë die swakker en sterker beklemtoonde sillabes in 'n versreël ingedeel in kleiner metriese patrone wat voete genoem word. Volgens Malof (1970) stel so 'n indeling die metrikus in staat om "something consistent" te kan sê oor "the number, placement, and relationship of both stresses and slacks" (1970:27). In 'n reël soos die volgende:

(12) No motion has she now, no force
x - / - / x - / x -

is daar volgens Malof vier voete, aangedui met die teken /; elke voet bestaan verder uit 'n onbeklemtoonde of swak lettergreep ("slack") aangedui met x en 'n beklemtoonde lettergreep aangedui met -. Die aantal voete en die aantal klemtone stem ooreen in die bostaande versreël. Dit is nie toevallig nie maar belig 'n sentrale beginsel van voetindeling:

> In foot-verse scansion, the foot normally contains exactly one stress, neither more nor less. It may contain one, two, or sometimes three slacks, and sometimes no slacks at all, in which case it is a deficient foot. (Malof, 1970:27).

Die vier basiese voete (vir Engelse poësie) word vervolgens deur Malof opgesom as:

(13)

	duple rhythm	triple rhythm
rising rhythm →	iambic (x -)	anapestic (x x -)
falling rhythm →	trochaic (- x)	dactylic (- x x)

(Malof, 1970:29)

Soos gesien kan word uit (13) hierbo is die onderskeie voete definieer= baar volgens die opeenvolging van 'n vasgestelde aantal swakker en sterker beklemtoonde sillabes in 'n bepaalde volgorde. So is die jambe byvoorbeeld beskryfbaar as 'n voet met 'n relatief minder be= klemtoonde sillabe gevolg deur 'n relatief meer beklemtoonde sillabe. Die daktiel kan gedefinieer word as 'n voet met 'n relatief meer be= klemtoonde sillabe gevolg deur twee relatief minder beklemtoonde silla= bes, ens.

'n Versreël kan dan metries gekarakteriseer word met behulp van die soort voet en die aantal voete wat dit bevat: 'n jambiese pentameter is 'n versreël wat bestaan uit vyf opeenvolgende jambes, of waarvan die dominante voet jambies is - 'n jambiese pentameter sou dus byvoor= beeld kon bestaan uit vier jambes en een trogee. Ten opsigte van die begin en einde van 'n versreël kan daar wisseling wees in die voorkoms en groepering van swakker en sterker beklemtoonde sillabes. Vergelyk:

(14) i. Tell me not in mournful numbers,
- x/ - x/ - x/ - x

Life is but an empty dream!
- x/ - x/ - x/ -

ii. I am monarch of all I survey
x x -/ x x -/ x -

My right there is none to dispute
x -/ x x -/ x x -

iii. After the pangs of a desperate lover
- x x / - x x /- x x / - x

When day and night I have sighed all in vain
- x x / - x x / - x x / -

iv. Taffy was a Welshman,
- x/ - x/ - x

Taffy was a thief
- x/ - x / -

Taffy came to my house
- x / - x / - x

And stole a piece of beef.
x / - x / - x / -

v. No more with overflowing light
x - / x -/x -/ x -

Shall fill the eyes that now are faded
x - / x - / x - / x -/ x

vi. He is gone on the mountain,
x x - / x x - / x

He is lost to the forest,
x x - / x x - / x

vii. When he is fit and seasoned, for his passage?
x - / x - / x - / x ˆ / x - / x

viii. Whatever ails me, now a-late especially,
x -/x - / x -/ x - / x - / x x

ix. The mountain sheep are sweeter,
x - / x - / x - / x

But the valley sheep are fatter
x / x - / x - / x - / x

x. Believe me, if all those endearing young charms,
x - / x x - / x x - / x x -

xi. Twelve year since, Miranda, twelve year since
- / x - / x - /x - / x̂ -

(Geneem uit Malof, 1970:29-44)

'n Versreël waarin al die sillabes ingedeel word om voltooide voete te vorm, is akatalekties. In (14) hierbo is die eerste vers van (14)(i)

asook die eerste en derde vers van (14)(iv) trogeïes akatalektiese vers=reëls met dalende ritme; die eerste vers van (14)(ii) is anapesties en die eerste vers van (14)(v) jambies akatalekties met stygende ritme. Kataleksis kom voor wanneer die laaste onbeklemtoonde sillabe in die versreël weggelaat word. Aangesien stygende metra gewoonlik eindig op 'n beklemtoonde sillabe, kom kataleksis slegs voor by trogeïese en daktiliese metra. In die voorbeelde hierbo is die tweede vers van (14)(i) asook die tweede en vierde vers van (14)(iv) trogeïes katalek=tiese versreëls, terwyl die tweede vers van (14)(iii) daktilies is met 'n dubbele kataleksis. 'n Teenoorgestelde verskynsel word aangetref wanneer daar in plaas van 'n ontbrekende swak beklemtoonde lettergreep (kataleksis) 'n ekstra swak beklemtoonde lettergreep aan die einde van die versreël aangetref word (hiperkataleksis). 'n Hiperkatalektiese versreël kan ook beskryf word as ekstra of hipermetries. Ekstra onbe=klemtoonde sillabes in jambiese versreëls word hierbo aangetref in die tweede vers van (14)(v), (14)(vii), (14)(viii) en die eerste vers van (14)(ix); albei die verse in (14)(vi) is anapesties hiperkatalekties of ekstrametries. 'n Ekstrametriese sillabe kan ook bygevoeg word aan die begin van die versreël soos in die vierde vers van (14)(iv) en die tweede vers van (14)(ix) in onderskeidelik trogeïese en jambiese vers=reëls. Uiteindelik kan 'n onbeklemtoonde swak lettergreep weggelaat word aan die begin van 'n versreël in jambiese en anapestiese metra. 'n Voorbeeld van so 'n jambiese koplose versreël is (14)(xi) hierbo. [7]

Daar is verskeie probleme met die indeling van versreëls in voete. In sommige gevalle is dit byvoorbeeld nie moontlik om te onderskei tussen 'n koplose jambiese versreël en 'n katalektiese trogeïese versreël nie. Vergelyk hier die volgende moontlike skanderings:

(14) i. Life is but an empty dream!
- x/ - x / - x / -

i.' Life is but an empty dream!
- / x - / x - / x -

Sowel die trogeïes katalektiese as die koploos jambiese skandering is moontlik vir (14)(i). Gewoonlik word geredeneer dat die groter me=triese konteks die skandering sal bepaal: in 'n gedig met 'n oorwegend trogeïese metrum sal (14)(i) die oplossing wees; in 'n gedig waarin jambes

domineer, sal (14)(i)' die mees waarskynlike skandering wees. Die voetindeling verander niks aan die verspreiding van die swakker en sterker beklemtoonde sillabes nie. 'n Mens sou dus kon redeneer dat dit nie te veel saak gaan maak watter voetindeling gekies word nie. Vir Coetzee (1972:112) is dit egter noodsaaklik dat "die metris die onderskeid tussen 'n stygende en 'n dalende ritme kan insien of aanvoel". In die volgende voobeeld is die beweging van die ritme volgens Coetzee duidelik van stygende aard:

(15) i. De stomme, bleeke schaduw aan mijn zijde
x - / x - / x - / x - / x - /

i.' De stomme, bleeke schaduw aan mijn zijde [8)]
x / - x / - x / - x / - x / - x

Indien Coetzee se skandering van (15)(i) gevolg word, val die voetindeling en die woordgrens in vier uit die vyf voete nie saam nie. Indien, daarenteen, die skanderingsmoontlikheid in (15)(i)' gevolg word, word die aksentuele karakter van die meersillabige woorde "stŏmme", "bleēke" en "schāduw" metries uitgedruk. Die voetindeling is egter 'n abstraksie wat nie rekening hou of rekening hoef te hou met die woordgrens nie: "The foot is a unit of rhythmic features, not of meaning, and does not depend on word or phrase boundaries" (Malof, 1970:28). Trouens, Malof sien die arbitrêre verhouding tussen voet- en woordgrens selfs as 'n bate: "One of the uses of scansion, indeed, is to dramatize how foot and word boundaries can proceed independently, yet manage to conclude together at the end of the line" (1970:29). Indien die voetindeling egter willekeurig is, soos aangedui in die trogeïes/jambiese oplossings vir dieselfde gevalle in (14)(i) en (15)(i) hierbo, is dit moeilik om te sien hoe die wisselwerking tussen voet- en woordgrens nog funksioneel kan wees.

Dit is dus nie verbasend dat die kunsmatige abstraksie van die voetindeling deur Bailey (1975a) verwerp word nie: "Feet have no factual existence in the rhythm; they are a purely metrical concept which refers to the internal ordering of stressed and unstressed syllables in a line. Foot-hunting, that is, dividing the rhythm into infinite combinations of iambs, trochees, anapests, pyrrhics, or spondees, leads to preoccupation with isolated details to the exclusion of formulation of

prosodic principles. Foot-hunting is essentially a 'labelling game' which will not result in elucidation of the rhythms of a modern stress language" (1975a:14). Bailey verwerp dus die voet as 'n ritmiese entiteit en beskou eerder die versreël as die werklike ritmiese eenheid van die poësie. Hierin volg hy die Russiese Formaliste, Roman Jakobson en Boris Tomaševskij, in hulle veroordeling van die voet as die swakste aspek van tradisionele metrum: "...the basic unit of verse rhythm is not an 'imaginary' foot, but the verse line, seen as a distinct 'rhythmico-syntactical' or 'intonational' segment" (via Erlich, 1969 (1955):216). In plaas van 'n indeling in voete, word die sillabes van die versreël in sy geheel soos volg gegroepeer:

(16)

Anacrusis	Stem	Clausula
x	x́ x x́ x x́ x x́	(x) (x)

(Bailey, 1975a:12)

x - 'n metriese posisie
x́ - 'n gerealiseerde metriese iktus

Hiervolgens bestaan elke versreël uit drie dele: die "anacrusis" of die sillabe of sillabes wat voorafgaan aan die eerste iktus; die stam of die sillabes vanaf die eerste tot die laaste iktus; die "clausula" of die sillabes na die laaste iktus. Die voordeel van so 'n indeling is dat dit die werklike ritmiese struktuur van die versreël kan definieer sonder dat dit nodig is om 'n kunsmatige voetindeling daarop af te dwing. Só 'n indeling ignoreer daarom die denkbeeldige verskil tussen trogeïes katalekties en jambies koplose versreëls:

(14) i.''

Anacrusis	Stem	Clausula
	Life is but an empty dream	
	x́ x x́ x x́ x x́	

(15) i.''

Anacrusis	Stem	Clausula
x	De stomme, bleeke schaduw aan mijn zijde	
	x́ x x́ x x́ x x́ x x́	x

Soos blyk uit die gerekonstrueerde indeling van Bailey se sisteem hierbo hoef die anakrusis en die clausula nie altyd gerealiseer te word nie: in (14)(i) word dit gevul met zero-sillabes; in (15)(i) word elk van hierdie posisies gevul met een onbeklemtoonde sillabe. Die anakrusis en die clausula sou egter ook gevul kon word met meer as een sillabe, sonder

dat die stam, dit wil sê die eintlike belangrike ritmiese gedeelte van die versreël, daardeur geaffekteer word. Dít dan in teenstelling met die voetindeling waar die weglating of byvoeging van 'n onbeklemtoonde sillabe aan die begin of einde van die versreël die verskil kan beteken tussen 'n stygende of 'n dalende ritme.

Volgens die bostaande uiteensetting vertoon die begin en die einde van die versreël sekere variante: by Malof en ander tradisionaliste word hierdie wisseling uitgedruk as ôf 'n toevoeging tot ôf 'n weglating van onbeklemtoonde sillabes aan die begin en einde van 'n metriese voetin= deling van die versreël; by 'n Russiese statistikus soos Bailey is dit ôf 'n toevoeging tot ôf 'n weglating van onbeklemtoonde sillabes aan weerskan= te van die stam van die versreël. Variasie ten opsigte van die sillabe-groepering in metries-ritmiese indelings is egter nie beperk tot slegs die begin of die einde van die versreël nie. Afhangende van die eise van die metriese patroon kan die aantal sillbaes van 'n woord in enige posisie van die versreël wisselend bepaal word deur verskillende metriese omgewings. Vergelyk byvoorbeeld die realisering van die woord <u>patience</u> in die volgende gevalle:

(17) Since patience I must have perforce
x - / x - x / - / x -

I live and hope in patience
x - / x - / x - / x -

(Malof, 1970:59)

In die eerste reël van (17) hierbo word <u>patience</u> gerealiseer as twee= lettergrepig, in ooreenstemming met die normale uitspraak daarvan; in die tweede reël word dit gerealiseer as drielettergrepig, in ooreenstemming met die eise van die viervoetige jambiese versreël. Hierdie proses vind gewoonlik plaas wanneer 'n sonorante opeenvolging van klanke (/l/, /m/, /n/, /r/ gekombineer met 'n vokaal of vokale) resulteer in 'n ekstra sillabe. Tarlinskaja (1976b:34) som haar bevindinge van 'n dergelike addisionele sillabevorming, gegrond op 'n statistiese ondersoek na die voorkoms daarvan in Engelse poësie van die 13de tot die 19de eeu, soos volg op: "Consonant + sonorant combinations stand somewhere between syllable and non-syllable. Judging from their function in verse, plosive + sonorant combinations have a significantly greater syllabic capability

than fricative + sonorant combinations. Sonorant + sonorant combinations are the least likely to form a syllable ... the ambivalent syllabic nature of consonant + sonorant combinations gives the poet a choice..."

Die besondere fonemiese samestelling van sommig woorde maak hulle dus buigbaar in die metriese organisasie van 'n versreël. Anders gestel: bepaalde linguistiese moontlikhede word ten volle geëksploiteer in die metries-ritmiese struktuur van poëtiese taalgebruik. Hierdie linguistiese moontlikhede wat inherent is aan 'n sonorante opeenvolging van klanke, kan ook uitgebuit word vir die teenoorgestelde proses as dié van addisionele sillabevorming. Malof (1970:59) definieer 'n dergelike proses met behulp van 'n oorkoepelende term: "Compression is a blanket term ... to cover any instance where we scan two syllables of our ordinary pronunciation as one metrical syllable. What actually happens in our pronunciation is extremely varied - we drop syllables, or slur them together with other syllables, or pronounce them quickly to take up the time of a single syllable... it will suffice to regard compression as occurring wherever two syllables should be at least theoretically pronounced as one, for the sake of the meter". Bailey (1975b:27) wys daarop dat in 'n Yeatsgedig die volgende vorme foneties verkort kan word: "quivering/flower/under a/chattering".

Uit die voorgaande bespreking word dit duidelik dat daar 'n bepaalde patroonmatigheid is in die indeling van swakker en sterker beklemtoonde sillabes in 'n versreël. Hierdie patroonmatigheid berus op die groepering van swakker beklemtoonde sillabes ten opsigte van sterker beklemtoonde sillabes. Die aantal swakker beklemtoonde sillabes tussen sterker beklemtoonde sillabes is bepalend vir die onderliggende metriese patroon van 'n versreël. In suiwer tradisionele opvattinge word die onderliggende metriese patrone ingedeel in stygend (jambe/anapes) en dalend (trogee/daktiel). In die herdefiniëring van tradisionele opvattinge deur Russiese statistici soos Bailey word die beginsel van die reëlmatige opeenvolging van iktusse en non-iktusse nog steeds erken. Anders as by die mees tradisionele opvattings [9] word egter die versreël, en nie die voet nie, beskou as die werklike ritmiese eenheid in 'n gedig. Die reëlmatige opeenvolging van metriese iktusse en non-iktusse kan vervolgens nagegaan word vir W.H. Auden se "In Time of War". Tarlinskaja (vergelyk 1.1.1 hierbo) se vereenvoudigde skema vir die bepaling van

swakker en sterker beklemtoonde sillabes word bokant die versreël aange= dui; 'n indeling van metriese iktusse en non-iktusse volgens Bailey se voorstelling van die ritmiese verdeling van die versreël word aan die onderkant van die sillabes aangetoon; voetindelings word nie aangegee nie. Vergelyk:

(11) i. IN TIME OF WAR

1. Here | war is simple like a monument: |
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ x x̄ |
2. A | telephone is speaking to a man; |
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ x x̄ |
3. Flags | on a map assert that troops were sent; |
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ x x̄ |
4. A | boy brings milk in bowls. There is a plan |
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ x x̄ |
5. For | living men in terror of their lives, |
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ x x̄ |
6. Who | thirst at nine who were to thirst at noon, |
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ x x̄ |
7. And | can be lost and are, and miss their wives, |
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ x x̄ |
8. And | unlike an idea, can die too soon |
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ x x̄ |
9. But | ideas can be true although men die, |
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ x x̄ |
10. And | we can watch a thousand faces
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ | x
11. Made | active by one lie: |
   x | x̄ x x̄ x x̄ |
12. And | maps can really point to places
   x | x̄ x x̄ x x̄ x x̄ | x
13. Where | life is evil now: |
   x | x̄ x x̄ x x̄ |
14. Nanking; Dachau. |
   x | x̄ x x̄ |

Uit die gekombineerde aanduiding hierbo van 1) die onderskeiding tussen

beklemtoonde sillabes en 2) die groepering van die sillabes volgens die abstrakte metriese skema van iktusse en non-iktusse, kan nou die verhouding tussen die onderliggende metriese skema en die werklike ritmiese realisering van hierdie skema afgelees word. 'n Eerste opvallende kenmerk van die verhouding tussen metrum en ritme in hierdie gedig is die feit dat die anakrusis nie altyd onbeklemtoon is nie: hĕre (vers 1), flăgs (vers 3), măde (vers 11) en Năn(king) (vers 14). Binne die stam van die versreël is die volgende metriese non-iktusse ritmies gerealiseer as sterk: brĭngs (vers 4), ĭs (vers 4), (i)deăs (vers 9), mĕn (vers 9), ŏne (vers 11) en Dă(chau) (vers 14). Metriese iktusse wat ritmies onbeklemtoond gelaat word, is to (vers 2), on (vers 3), of (vers 5), i(deas) (vers 9), by (vers 11) en (Da)chau (vers 14).

Indien die bostaande afwykinge van die jambiese metrum aangedui moet word binne 'n tradisionele voetindeling, moet gebruik gemaak word van addisionele voete wat die basiese voete (jambe, trogee, anapes en daktiel) kan vervang. Veral die ioniese (xx--), pyrrhiese (xx) en spondeïese (--) voete word gebruik om variasies van die basiese voete te beskryf.[10] Vergelyk vervolgens 'n tradisionele voetindeling van die sillabes vir dié versreëls van (11)(i) waarin afwykinge van die metrum voorkom. Tarlinskaja se vereenvoudigde aanduiding van beklemtoonde en onbeklemtoonde sillabes word bokant die versreël aangedui; Malof se voorgestelde transkripsie vir die jambiese versvoet (x-) word saam met die variante voete hierbo onderkant die versreël aangedui:

(11) ii.

1. Here war is simple like a monument
2. A telephone is speaking to a man
3. Flags on a map assert that troops were sent;
4. A boy brings milk in bowls. There is a plan
5. For living men in terror of their lives,

˘ ˉ ˘ ˘ ˘ ˉ ˘ ˉ ˘ ˉ
8. And unlike an idea can die too soon
x - / x x/ x - / x - / x - /

˘ ˘ ˉ ˉ ˘ ˉ ˘ ˉ ˉ ˉ
9. But ideas can be true although men die,
x x / - - / x - / x - / - -

ˉ ˉ ˘ ˘ ˉ ˉ
10. Made active by one lie:
- - / x x / - -

ˉ ˘ ˉ ˘
14. Nanking; Dachau.
- x / - x

Hiervolgens kan die afwykinge van die metriese skema soos volg beskryf word: 'n spondee in die eerste voet van vers 1, die tweede voet van vers 4, tweede en vyfde voet van vers 9, en die eerste en derde voet van vers 11; 'n pyrrhiese variant in die vierde voet van vers 2, die vierde voet van vers 5, die tweede voet van vers 8, die tweede voet van vers 9 en die tweede voet van vers 10; 'n trogeïese inversie in die eerste voet van vers 1

Hiermee is die deskriptiewe skanderingsprosedure binne tradisionele opvattinge geïllustreer. Die voor- en nadele van hierdie skanderings, in vergelyking met dié van onderskeidelik die strukturalistiese en die generatiewe benaderings, kom hieronder ter sprake in 1.4.

1.2 Die skanderingsmetodes en -beginsels van strukturalisties-linguistiese georiënteerde metrici - Seymour Chatman, Terence Hawkes, H.L. Smith en Ronald Sutherland

1.2.1 Supra-segmentele faktore in die bepaling van metriese iktus

Die bemoeienis van strukturalisties geskoolde linguiste met die metries-ritmiese struktuur van die poësie berus op die oortuiging dat die linguistiek noodsaaklik is vir 'n behoorlike bestudering van poëtiese taalgebruik: "... as no science can go beyond mathematics, no criticism can go beyond its linguistics" (Whitehall, 1961(1956):80). Ten einde byvoorbeeld die onderskeiding tussen swakker en sterker beklemtoonde sillabes in die metries-ritmiese struktuur van 'n gedig genuanseerd te kan beskryf, is 'n fonologiese analise van die (Engelse) taal nodig.

Die strukturalisties-linguisties georiënteerde metrici baseer hulle beskrywing en analise van metriese iktus/non-iktus op die beginsels van Trager/Smith (1951): "...which notes (a) Recurring patterns of relative stress on the syllables of spoken English. (b) Organized patterns of sustained rising or falling pitch bearing relations to the stress pattern of spoken English. (c) The placing of various kinds of juncture between the syllables of spoken English" (Hawkes, 1962:36). [11] Behalwe segmentele faktore soos vokaal en konsonant sluit Trager en Smith se fonologiese analise van taal dus ook die supra-segmentele kenmerke klem, toonhoogte en die verskynsel naat (vergelyk Coetzee, 1972:43 vir die vertaling van "juncture") in. Vergelyk vervolgens Hawkes (1962:36) vir 'n opsomming van die Trager/Smith-beginsels:

> The facts which emerge from a consideration of these phenonema are (1) That there are four significant degrees of stress in English, ranging from 'primary' to 'weak' and symbolised as follows; primary /, secondary ∧, tertiary \, weak ⌣. (2) That there are four significant junctures between the syllables of English; the 'plus' juncture (+), which signals the division between words (this is what we hear when we distinguish 'night+rate' from 'nitrate'), the 'single-bar' juncture (/), which is roughly the pause heard between clauses in English, the 'double-bar' juncture (//), which occurs as a longer pause when the voice does not drop ('I came//I saw//I conquered.'), and the 'double-cross' juncture (##) which occurs as the voice drops at the end of a sentence.

'n Onderskrywing van die bostaande analitiese beginsels beteken nie 'n totale omverwerping van tradisionele skanderingsprosedures nie. Veel eerder probeer die metrici wat geskoold is in strukturalistiese linguistiek "... to account for the phonological complexity of verse by envisaging a tension between two systems: the abstract metrical pattern, as historical product of the English verse tradition, and the ordinary stress-pitch-juncture system of spoken English, determined as it is by requirements of meaning and emphasis" (Chatman, 1956a:84).

Die supra-segmentele faktore klem, toonhoogte en naat maak gesamentlik 'n gesproke intonasiepatroon uit: "... an 'intonation pattern' is the amalgam of features of stress, pitch and juncture which occur as part of a spoken phrase" (Chatman, 1956a:84). 'n Deskriptiewe skandering waarin die verhouding tussen die abstrakte metriese patroon en die

werklike ritmiese realisering van hierdie onderliggende metriese patroon aangetoon word, sal dus volgens die bostaande beginsels 'n aanduiding moet gee van sowel die tradisionele voetindeling as die gesproke aktua= lisering van die versreëls in 'n betrokke gedig. Die eerste poging tot só 'n metries-ritmiese analise van gesproke poësie is Chatman (1956a). Die skrywer vergelyk die voordragte van agt verskillende persone (een van hulle die digter self) vir Robert Frost se 'Mowing'. Frost se lesing van die laaste vers van die gedig word dan soos volg grafies weergegee:

2 3^ ^ / 2/2 ^ ^ /1 ‖

(18) My long scythe whispered and left the hay to make

Klem, toonhoogte en die naat word bokant die vers aangedui soos hierbo verduidelik; sillabes en woorde wat binne 'n tradisionele skandering klem sou gekry het, word onderstreep. Volgens die skrywer is Frost se lesing van "lêft the hây to máke" 'n belangrike onderskeiding, aan= gesien 'n gedifferensieerde toekenning van klem noodsaaklik is vir 'n korrekte begrip van die bostaande versreël. Daar is naamlik 'n ver= skil tussen "lêft the háy to mâke" (Chatman se lesing) en "lêft the hây to máke" (Frost se lesing). Frost se toekenning van sekondêre klem op hay en primêre klem op make maak dit duidelik dat die subjek van make nie scythe is (soos Chatman eers gedink het nie) maar wel hay, en verder dat make die betekenis het van "dry out". Dît is dan 'n genuanseerde lesing wat volgens die skrywer nie moontlik sou gewees het in 'n tradisionele skandering van die bogenoemde vers nie: "This important distinction would be totally lost in any conventional nota= tion, which would probably mark both 'hay' and 'make' as 'stressed', and leave it at that" (1956a:88). Dit is sekerlik so dat left, hay en make, in hulle hoedanigheid van vormwoorde, almal primêre klem sou verkry het volgens die beginsels vir klemtoekenning wat hierbo uiteen= gesit is in 1.1.1. Selfs binne Tarlinskaja (1976b) se gedifferensieerde skandering sou die bogenoemde woorde almal primêre (sterk) klem gekry het:

(18) i. My long scythe whispered and left the hay to make
x / - - / - x / x - / x - / x -

Slegs in die frase "My long scythe whispered" sou die adjektief long

'n verswakte sterk klem gekry het, omdat dit sintakties ondergeskik is aan die nomen wat onmiddellik daarop volg; in die vereenvoudigde notasie word ook hierdie klem egter by Tarlinskaja gerealiseer as sterk. Die verskil tussen 'n genuanseerde tradisionele benadering enersyds en 'n linguisties gefundeerde analise andersyds is duidelik: die beginsel van relatiewe klem en daarmee saam die onderskeiding in verskillende grade van klem (sterk, sekondêr en swak) word in tradisionele opvattings erken; in die supra-segmentele analise van 'n strukturalisties-linguisties georiënteerde metrici word egter nog by die tradisionaliste se sterk (⊥) klem 'n verdere onderskeid getref tussen onderskeidelik primêre (/) en sekondêre (∧) klem.

Die vraag is nou natuurlik of sô 'n onderskeiding, soos Chatman beweer, werklik nodig is vir die interpretasie van die gegewens in (18) hierbo. Wimsatt en Beardsley (1959:93), in 'n kritiese bespreking van die toe= passing van die Trager/Smith-notasie in die skandering van poësie, sê: "Through recorded readings of a poem Mr. Chatman learns something that another person might know through boyhood experience on a farm, or through a footnote. But ... no need for Trager-Smith. And no change in meter". Coetzee (1972:46) kom - na 'n bespreking van Chatman (1956a) en na 'n ondersoek van Ransom (1956) se kommentariëring van Chatman se toekenning van klem in die Frostgedig - tot 'n soortgelyke gevolgtrekking as dié van Wimsatt en Beardsley (1959) hierbo: die intonasiepatroon en die voordrag is nie nodig vir die bepaling van klem in (18) nie.

Sutherland (1958:12) is nog 'n strukturalisties-linguisties georiënteerde metrikus wat hom ten doel stel "... to ascertain exactly what the science of linguistics can contribute to English prosody". Anders as Chatman (1956a) beweer hy nie dat 'n Trager/Smith-notasie betekenisse sal onthul wat nie ook af te lees is uit 'n tradisionele skandering van 'n gedig nie. Die skrywer neem 'n tradisionele skandering van 'n Yeatsgedig (in Brooks en Warren 1950(1938):116-121) en vergelyk dit reël vir reël met 'n tran= skripsie van die gedig in die Trager/Smith-notasie. Daar word deurgaans gevind dat Brooks en Warren se gevolgtrekkings linguisties verklaar en/of verantwoord kan word. Om hierdie rede kom Sutherland (1958:17) tot die volgende slotsom:

> We were not able ... to arrive at a greater understanding of how the language pattern of the poem reinforced its effect and meaning;

> however, I venture to say that we did achieve a clearer understanding. In many instances, when Brooks and Warren seemed to be groping for appropriate words ('hovering effect', 'slight pause', 'heavy pause', 'unusual emphasis'), we had precise descriptions ready. We did not transcend the norm established by Messrs. Brooks and Warren, but within the limits they defined, we were operating more efficiently. In effect, we illustrated how the application of linguistic princi= ples does not have to interfere with the purposes, general methodolo= gy, or conclusions of the prosodist, but can help fulfill his purpose, clarify his methodology and fortify his conclusions.

Dit gaan om die noukeurigheid en effektiwiteit van 'n deskriptiewe skan= dering, waarin nie net die metrum nie maar ook die gesproke aktuali= sering van hierdie metrum so presies moontlik weergegee moet word. Enersyds vind die linguiste dat die tradisionele prosodie soos verteen= woordig in byvoorbeeld Wimsatt en Beardsley (1959) 'n "blunt instrument" (Hawkes, 1962:33) is; andersyds vind tradisionaliste die notasie van die linguiste dikwels "in excess of any strictly metrical need" (Wimsatt en Beardsley, 1967(1959):96).

Belangriker as die noodsaak al dan nie van 'n presieser beskrywing van die metries-ritmiese struktuur van die poësie, is egter die ontologiese vraag wat verband hou met die analise van gesproke aktualiserings van 'n gedig. Vir Chatman (1956a:84) is die Trager/Smith-notasie noodsaaklik, omdat dit uitnemend geskik is om die supra-segmentele elemente in 'n fonemiese analise van 'n gedig noukeurig te registreer. Die gedig moet beskryf word soos dit werklik uitgespreek of voorgedra word, en so 'n vereiste impliseer dat "... the poem as document may be lifeless until it is actualized into sound pattern" (Chatman, 1956a:84). Daarenteen wys Wimsatt en Beardsley (1959) daarop dat die gedig nie gereduseer kan word tot een of meer voordragte daarvan nie. Alhoewel elke voordrag 'n aktualisering is van die gedig, met onderlinge verskille volgens die insig of voorkeur of vermoë van die voordraer, is die gedig self iets wat buite hierdie voordragte bestaan. Die skrywers kom tot die volgende slotsom: "When we ask what the meter of a poem is, we are not asking how Robert Frost or Professor X reads the poem, with all the features peculiar to that performance. We are asking about the poem as a public linguistic object, something that can be examined by various persons, studied, disputed -univocally" (1967(1959):96). [12)]

'n Bepaling van klem volgens die voordrag van 'n spesifieke leser sou buitendien - soos Chatman self beweer van sy eie lesing van die laaste

versreël in die Frostgedig - foutief kon wees, omdat die leser die vers nie begryp het nie. Die bepaling van klem in 'n Trager/Smith-notasie berus egter nie slegs op die soms willekeurige aktualiserings van 'n leser of lesers van 'n gedig nie. Smith (1959:69) wys byvoorbeeld op die volgende linguisties-vasstelbare beginsels vir klemtoekenning binne 'n Trager/Smith-sisteem:

> ...in English only one primary stress can occur in a stretch of utterance bounded by a terminal juncture, ...Also it is necessary to bear in mind that the various classes of words in the language can appear only with certain stresses and not with others. For instance, except in 'compounds', nouns, adjectives, adverbs, and main verbs never occur with less than secondary stress; auxiliary verbs, prepositions and conjunctions never appear with more than tertiary. Articles almost always occur with weak stress - never more than tertiary - and personal pronouns regularly with no more than tertiary, though they quite frequently are 'nominalized' by virtue of being said with secondary. Of course, any word can be said with primary stress when a higher degree of pitch is shifted to it for reasons of emphasis, in which case the word which would normally carry the primary stress in the sequence is reduced to secondary. These are facts of the structure of the language, internalized by all native speakers outside of awareness and binding on writer and reader alike.

Wanneer hierdie beginsels vir klemtoekenning vergelyk word met dié wat uiteengesit is in 1.1.1 hierbo, blyk dit dat die klem op vormwoorde vir sowel die tradisionaliste as die strukturalisties-georiënteerde linguiste vas lê: Bailey (1975a:18) beklemtoon in 'n binêre klassifikasie nomina, adjektiewe, selfstandige verba en die meeste adverbia; Tarlinskaja (1976a:45-46) maak behalwe vir hierdie woordklasse ook voorsiening vir telwoorde, sommige personale pronomina en modale en hulpverba wanneer hulle voorkom in vraagkonstruksies. Dit is egter die funksiewoorde wat problematies is in tradisionele sowel as strukturalisties-linguistiese opvattinge. Aangesien funksiewoorde blykbaar in al die benaderings tot sover õf kategories onbeklemtoon gelaat word (Bailey, 1975a), õf deur die metriese skema gepromoveer kan word tot klem (Wimsatt en Beardsley (1959), Coetzee (1972) en selfs Tarlinskaja (1976a) - maar dan meer genuanseerd), õf slegs deur 'n emfatiese sinsklem kan kwalifiseer vir klemtoekenning (Tarlinskaja (1976a) en Smith (1959)), kan vervolgens gekyk word na tradisionele en strukturalisties-linguistiese skanderings van die volgende versreël van Donne:

(19) So, if I dreame I have you, I have you.

Die skanderingsprobleme van hierdie versreël word vir die eerste keer bekyk tydens die Kenyon-simposium van 1956 oor die tema "English Verse and What It Sounds Like" (gepubliseer in die Kenyon Review XVIII (1956), 411-477 en ook opgeneem in Hemphill, (1961:78-112). Stein (1956a) skandeer die vers volgens tradisionele metodes, Chatman (1956a) gee 'n alternatiewe skandering volgens die Trager/Smith-beginsels en Ransom (1956) weeg die bevindinge van die eerste twee metrici teen mekaar op. Daar kan eerstens gekyk word na die skanderings van Stein (1961(1956a): 92-93). Die skrywer redeneer vanuit 'n tipiese tradisionele standpunt en sien die probleem van klemtoekenning in hierdie vers slegs ten opsigte van die laaste drie woorde:

(19) i. / ⏑ ⏑ / ⏑ / ⏑ ? ? ?
So, if I dreame I have you, I have you
x - /x - / x - / x - / x -

Stein se gerekonstrueerde klemtone word bokant die woorde aangedui; Malof (1970) - vergelyk hierbo in 1.1.2 - se notasie vir 'n jambiese voetindeling word onderkant die versreël gegee. Die vraagtekens bo die laaste drie woorde dui die (vir Stein) problematiese gedeelte van die versreël aan. Daar word veronderstel dat die eerste voet 'n trogeïese inversie is, omdat die komma na so hierdie konjunksie meer prominent maak as die konjunksie if wat daarop volg. Die begin van die reël sou egter seker ook reëlmatig gelees kon word as 'n jambe: "So, if ..." (vergelyk Coetzee, 1972:67).

Wanneer die beginsels vir klemtoekenning wat tot dusver bespreek is, nagegaan word, blyk dit dat slegs die verbum dreame se klemtoon onmiddellik toegeken kan word. Al die ander woorde in die versreël is immers funksiewoorde, waarvan die klemtoekenning allermins vanselfsprekend is (vergelyk hierbo). Van konjunksies soos so en if verklaar Bailey (1975a:26) dat sulke woorde gewoonlik onbeklemtoond sal wees, tensy die betekenis 'n aksent daarop afdwing. Die verbum have word spesiaal deur Bailey (1975a: 20) genoem: "Most investigators agree that the verb 'have' as an auxiliary does not receive a strong stress, but they disagree about this verb when it denotes possession. To the author, 'have' with this latter meaning usually seems to be weakly stressed and it will be treated so in analysis". Tarlinskaja (1976a:45-46) maak wel voorsiening vir konjunksies en modale of hulpverba in metries prominente posisies in die vers - if en have sou

dus hiervolgens in (19)(i) 'n sekondêre klem (⊤) toegeken moet word in die gedifferensieerde notasie en beskou moet word as beklemtoond (⊥) in die vereenvoudigde notasie. Die feit dat die konjunksie so in (19)(i) hierbo 'n gevolgtrekking inlui wat die hoogtepunt vorm van die gedig, gee aan hierdie woord 'n belangrike semantiese gewig. Bowendien is dit sintakties gesproke ook prominent, omdat dit - anders as wat gebruiklik is in standaard taalgebruik - 'n nuwe sin inlui. Dit verkry hierdeur 'n byna adverbiale funksie ten opsigte van die voorwaardelike sin wat daarop volg, sodat so in Tarlinskaja se sisteem vir klemtoekenning (vergelyk (9)(i) in 1.1.1 hierbo) op sy minste 'n sekondêre klem sou verkry. Voeg daarby die feit dat 'n trogeïese inversie in die eerste voet van 'n jambiese versreël al byna deel van die jambiese norm geword het (vergelyk Wimsatt en Beardsley, 1967(1959):111 in hierdie verband), en 'n klem op so lyk hoogs waarskynlik. Alhoewel Stein se lesing dus gemotiveer en verduidelik kan word vanuit Tarlinskaja se riglyne vir klemtoekenning, het die eersgenoemde skrywer blykbaar sonder meer aanvaar dat die onderliggende metriese patroon gebruik sou kon word om te onderskei tussen swakker en sterker beklemtoonde sillabes in die omgewing "So, if I dreame I have you...". Stein se probleem lê by die feit dat die jambiese patroon nie ook ten opsigte van die laaste drie funksiewoorde sonder meer aanvaar kan word as 'n maatstaf vir klemtoekenning nie. Om hierdie rede moet hy sê: "The underlying iambic pattern may seem to be of no immediate help, except that it emphasizes the difficulty of keeping the parallel when the clause is repeated. The first have, reinforced by the meter, is very emphatic, and so prepares a pressure that is felt by the second have. But the second have must resist at least part of that pressure; it cannot coincide with the meter, any more than it can avoid the influence of the rhetorical emphasis" (1961(1956):92).

Die probleem wat Stein hier isoleer, is 'n algemene in metries-ritmiese analise: linguistiese riglyne dek nie die omstandighede waaronder funksiewoorde beklemtoon mag word nie, en die onderliggende metrum as maatstaf vir sulke problematiese gevalle is nie altyd betroubaar nie. In 'n geval soos (19)(i) lyk dit byna onmoontlik om 'n objektiewe maatstaf te vind (linguisties en/of metries) vir die toekenning van klem in 'n reeks opeenvolgende funksiewoorde. Om die semantiese belangrikheid van die woorde in 'n geval soos (19)(i) te gebruik as 'n riglyn vir klemtoekenning,

is ook onbevredigend, omdat dit subjektief is en sal verskil van interpretasie tot interpretasie. Tog is dit baie belangrik waar die metrikus die klemtone plaas, aangesien dit die interpretasie van die gedig sal beinvloed, soos Stein duidelik aandui in die drie moontlike skanderings wat hy bespreek:

(19) ii. / ⏑ ⏑ / ⏑ / ⏑ / ⏑ /
So, if I dreame I have you, I have you
x -/ x - / x - / x - / x -

iii. / ⏑ ⏑ / ⏑ / ⏑ / / ⏑
So, if I dreame I have you, I have you
x -/ x - / x - / x - / x -

iv. / ⏑ ⏑ / ⏑ / ⏑ ⏑ / /
So, if I dreame I have you, I have you
x -/ x - / x - / x - / x -

Die eerste moontlikheid in (19)(ii), waar die onderliggende metrum gerealiseer word deur die klem op I en you, hou in dat uit die droom 'n werklike I 'n werklike you sal besit. Die klem val dus veel meer op die werklikheid van die identiteit van die twee persone as op die werklikheid van die aksie van besit. Stein vind daarom die onderdrukking van die klem op have in hierdie geval "extreme and not likely" (1956a: 93). Die tweede moontlikheid wat gegee is in (19)(iii), dié van 'n trogeïese inversie in die vyfde voet, beklemtoon die laaste I in die versreël en vestig verder veral die aandag op die have. "The emphasis would then be that of an egoistic reality of possession, and would suit an assertive, supercilious tone" (1956a:93). Die laaste alternatief, wat aangedui word in (19)(iv), het 'n spondee in die laaste voet. Dit is 'n spondee waarin die beginsel van relatiewe klem (kyk die bespreking van Jespersen (1900) en Wimsatt en Beardsley (1959) hierbo in 1.1.1) veronderstel word, aangesien Stein opmerk dat die have en die you nie 'n ewe sterk klem sal dra nie: "The have, because of its rhetorical position ... demands a heavy stress. But then the you may be left without enough stress ... to satisfy the established expectation of the complex meaning" (1961 (1956a):93). Volgens Stein word dan gekompenseer deur groter klem aan die you te gee, maar nie te veel nie, "... lest the reality of the you dominate the reality of the possession, or even cancel its effect" (1961(1956a):93).

In die moontlikhede wat Stein oorweeg, word dus beurtelings die persona

(I/you), die besitter en die aksie van besit (I/have) en uiteindelik ook die aksie van besit en die besitting (have/you) beklemtoon. Stein het geen objektiewe maatstaf om te onderskei tussen hierdie drie moontlikhede nie. Hy vind die verskillende interpretasies egter almal versoenbaar met dit wat die gedig in sy geheel wil kommunikeer, en hy vind verder dat die laaste alternatief al die bostaande interpretasies inkorporeer. "The result is a kind of ambiguous hovering that includes (in the pyrrhic-spondee of the last four syllables) both the reality of possession and the reality of identity, and includes them in their dynamic relationship to each other. But the hovering ambiguity of the dream-like state ... contributes metaphorically to the meaning of the whole poem" (1961(1956a):93). 'n Mens kan sê dat die analise van verskeie skanderingsmoontlikhede die metrikus gelei het tot 'n ontdekking van die semantiese kompleksiteit in die gedig.

Die bogenoemde analises van Stein word betwis deur Chatman (1961 (1956a):95-98). Veral die moontlike metriese meerduidigheid ("ambiguity") word verwerp, omdat Stein volgens Chatman nie die supra-segmentele fonologiese samestelling van die woorde in berekening gebring het in sy skandering van (19) nie: "I wonder if Mr. Stein, by using conventional metrical analysis, has not lost the sound of Donne's lines in the welter of theoretical possibility that such analysis unfortunately suggests" (1961(1956a):95). In Chatman se eie skandering van (19) word dan verskillende grade van klem, toonhoogte en die nate van die intonasiepatrone aangedui:

(19) v. $^{3}\text{So}^{2}/^{2}\text{if}\ \text{I}^{3}\backslash\ \text{dreame}^{3}/\ /^{2}\text{I}^{3}\ \text{have}\ \hat{}\ \text{you}^{2}/^{2}\text{I}^{3}\ \text{have}\ \hat{}\ \text{you}\#\#$

Hierdie Trager/Smith-notasie van Chatman kan nou herskryf word deur gebruik te maak van Tarlinskaja se gedifferensieerde onderskeidinge tussen grade van klem (aangedui onmiddellik bo die sillabes in die versreël). Daarna word die vereenvoudigde notasie bo die gedifferensieerde tekens aangegee. Uiteindelik word ook die onderliggende metriese patroon onmiddellik onder die sillabes aangedui deur gebruik te maak van Malof (1970) se onderskeiding tussen metriese non-iktus en metriese iktus in 'n jambiese patroon (x -). Vergelyk:

(19) vi. So, if I dreame I have you, I have you

x -/ x - / x -/ x -/ x -

Tarlinskaja se drie grade van klem is vergelykbaar met die vier grade wat Chatman onderskei: sterk (⊥) teenoor primêr (/); sekondêr (⊤) teenoor sekondêr (∧); swak (∪) teenoor tersiêr (\) en swak (⌣). Tarlinskaja se skandering in (19)(vi) hierbo verskil egter van dié van Chatman in (19)(v). In (19)(vi) is naamlik nie net die supra-segmentele faktore van Chatman se analise geïnkorporeer nie (daar is argumentshalwe veronderstel dat Tarlinskaja dieselfde linguisties-bepaalde klemtoekenning as Chatman sou gemaak het), maar hierdie faktore is ook onderwerp aan die vereistes van die onderliggende metriese patroon. Die verskil tussen die twee skanderings kan die duidelikste aangetoon word indien albei vertaal word in 'n tradisionele skandering:

(19) v' / ⌣ ⌣ / ⌣ / / ⌣ / /
So, if I dreame I have you, I have you
x -/ x -/ x -/ x -/x - (Chatman) [13]

(19) vi' / ⌣ ⌣ / ⌣ / ⌣ ⌣ / /
So, if I dreame I have you, I have you
x -/x -/ x -/ x -/x - (Tarlinskaja)

Hiervolgens stem Tarlinskaja se skandering ooreen met die laaste alter=natief wat deur Stein oorweeg is in (19)(iv) hierbo. Dit lyk asof Chatman se analise - gebaseer op verskeie mondelinge lesings van die reël deur verskillende persone - nie voorsiening maak vir die verskil tussen you in 'n metriese non-iktus en you in 'n metriese iktus nie. 'n Uitgebreide en genuanseerde linguistiese apparaat alléén kan nie 'n noukeurige weergawe gee van die metries-ritmiese struktuur van 'n problematiese versreël nie.

As dit waar is dat linguistiese beginsels alleen - selfs in 'n genuan=seerde Trager/Smith-notasie - nie die metries-ritmiese struktuur van 'n versreël noukeurig kan beskryf nie, is dit ewe waar dat 'n terugval op die onderliggende metriese patroon ook nie sonder meer 'n betroubare skandering waarborg nie. Trouens, hierbo is gesien dat Stein die metries-reëlmatige skandering sien as die mees geforseerde en mins waarskynlike moontlikheid van die drie maniere waarop (19) metries-ritmies geanaliseer kan word. Tog is hierdie skandering die mees aanvaarbare vir Ransom (1961(1956):110), aangesien Donne volgens hom sy klemtone slegs varieer "according to the code, which includes the

permissive perceptions". Die laaste lesing van Stein (19)(iv) en die gerekonstrueerde skandering volgens Tarlinskaja se riglyne (19)(vi) sou ook vir Ransom aanvaarbaar wees, omdat die reeks "... you, I have you" beskou kan word as 'n toelaatbare ioniese voet binne 'n jambiese vers= reël. Die reëlmatige jambiese lesing word egter verkies, omdat I, have en you op dié manier elk uitgesonder word vir klem in die loop van die herhaalde frase "I have you" binne (19). Só 'n moontlikheid sou myns insiens egter juis die effek van die herhaling teenwerk: soos Stein reeds opgemerk het, sal dit die klem laat val op die realiteit van die persona ten koste van die realiteit van die aksie van besit. Coetzee (1972:69) onderskryf wel Ransom (1961(1956):110) se skandering ten volle, sodat dit nie lyk asof hy besware het teen die bostaande seman= tiese implikasies van so 'n skandering nie. Trouens, die moontlikheid dat die metriese substraat vir (19) die mees adekwate skandering sou kon oplewer, lei Coetzee tot die ontdekking van 'n ongelukkige "skan= deringsbeginsel" (vergdlyk hierbo in 1.1.1): die metriese substraat sou die klem op eensillabige woorde kon aangee.

Uiteindelik is dit Smith (1959:71) - nog 'n strukturalisties-linguisties georiënteerde metrikus - wat myns insiens die mees aanvaarbare riglyne aangee vir die interpretasie van 'n problematiese reël soos dié van Donne hierbo. Die skrywer neem behalwe linguistiese en metriese rig= lyne (Tarlinskaja) ook die metries-ritmiese struktuur van die hele gedig in ag:

> In arriving at the most likely reading of a line, ... considerations on three levels must concern us, and in a strict order of priority. First, what is permissible or non-permissible in language itself immediately renders certain readings impossible. Second, when a regular metrical pattern is used and is quite obviously signalled to us, we must assume the artist will adhere to it unless his de= parture from it is obviously for the sake of embellishment or emphasis. This renders certain readings highly improbable. Third, and finally, when we consider the interrelationship between various parts of the poem, noting how certain prosodic devices are repeated and interwoven in conjunction with the meaning being conveyed, we are more and more led to one "basic" reading, which will show only minor variations of emphasis.

Smith (1959:71) se skandering van (19) lyk dan so:

(19) vii. $^{2}\backslash$So, ^{2}if I $^{3}/$dreame^{2} | $^{2}\backslash$I $^{2}/$have you^{2}, // $\backslash$ $\wedge$ I have $^{2}/$you^{1} // 14)

x - / x - / | x - / x -/ x -

Smith merk op dat sy skandering ooreenstem met dié van Stein. Hy bedoel waarskynlik die laaste alternatief wat deur Stein ondersoek is en wat weergegee is in (19)(iv) hierbo. Ten einde ten volle te kan ooreen= stem met dié skandering van Stein, sal Smith egter ten minste 'n sekondêre klem moet plaas op "Sô ...", anders sal sy skandering - vertaal in tra= disionele terme - begin met drie dalings:

(19) vii.' So, if I dreame I have you, I have you.
x -/x - / x - / x - / x -

Tot sover dan die variante skanderings van (19) deur verskillende metrici. Die probleem van klemtoekenning op funksiewoorde in metriese iktusse en non-iktusse word duidelik geïllustreer uit al die moontlike skanderings van (19) hierbo. Dit lyk asof Stein se laaste alternatief in (19)(iv) die mees aanvaarbare en betroubare skandering van dié vers is: dit is verdedigbaar volgens semantiese oorwegings en versoenbaar met die inter= pretasie van die gedig (Stein); dit is die waarskynlikste moontlikheid wanneer sowel linguistiese beginsels as metriese riglyne in ag geneem word (Tarlinskaja gerekonstrueer); dit is in ooreenstemming met die metries-ritmiese struktuur van die hele gedig (Smith). Op grond van hierdie oorwegings moet Ransom en Coetzee se skanderingskeuse volgens die eise van die metriese substraat (Stein se eerste moontlikheid in (19)(ii) hierbo) verwerp word as 'n minder betroubare metriese analise van (19). Op grond van dieselfde oorwegings moet Chatman se skandering volgens die eise van Trager en Smith se fonologiese analise van gesproke intonasiepatrone ook verwerp word as 'n onvoldoende realisering van die metries-ritmiese struktuur van (19).

Tot sover is gesien hoe die metrici wat geskoold is in strukturalistiese linguistiek die Trager/Smith-beginsels toepas om met supra-segmentele analise die graad van klem, die toonhoogte en die naat van intonasie= patrone in gesproke poësie so noukeurig moontlik te bepaal. 'n Metries of ritmies prominente sillabe is hiervolgens 'n sillabe met 'n bepaalde graad van klem, uitgespreek met 'n bepaalde toonhoogte en waarskynlik geplaas na aan 'n intonasienaat. Die linguisties geskoolde metrici maak aanspraak daarop dat hulle meer genuanseerde onderskeidings kan tref tussen die beklemtoonde en onbeklemtoonde sillabes wat in die binêre sisteem van tradisionele metriese teorieë as voldoende beskou word. Daar is gesien hoe die linguiste Tarlinskaja (1976a, 1976b - vergelyk

hierbo in 1.1.1) se kategorie van sterk (⊥) beklemtoonde lettergrepe onderverdeel in primêre(/) en sekondêre (∧) klem. Dit is dus wel 'n meer genuanseerde onderskeiding - veral binne Tarlinskaja se vereen= voudigde sisteem, waarin slegs beklemtoonde (⊥) en onbeklemtoonde (∪) sillabes aangedui word. 'n Mens sou dus kon sê dat die linguiste met behulp van supra-segmentele analise die presiese graad van klem van 'n metries prominente sillabe kan bepaal. Só 'n bepaling word egter ge= grond op 'n analise van die voordrag of lees van poësie. Vanselfspre= kend is so 'n metode - afgesien van die ontologiese probleem - nie maksimaal betroubaar nie, aangesien die metrikus nog telkens eers die mate van insig van 'n betrokke poësieleser sal moet beoordeel. 'n Genuanseerde tipering van grade van klem in sterk beklemtoonde sillabes is bowendien ook moontlik sonder die supra-segmentele analise van into= nasiepatrone. Tarlinskaja - vergelyk (9) en (10) hierbo in 1.1.1 - onderskei immers tussen "strong stress proper" (⊥), "subordinated (probably weakened) strong" (Ψ) en "secondary stress" (⊤). Die voordeel van Tarlinskaja se sisteem bo dié van die strukturalistiese linguiste is dat die grade van klem wel gegrond word op linguistiese beginsels, maar dat dit terselfdertyd ook medebepaal word deur die onderliggende metriese patroon.

Sover dit sterk beklemtoonde sillabes aangaan, is dit dus sowel binne 'n hersiene tradisionele opvatting (Tarlinskaja) as 'n strukturalisties-linguistiese raamwerk (Chatman, Hawkes, Smith, Sutherland) moontlik om te onderskei tussen verskillende grade van klem. Die eintlike probleem van sillabes wat in 'n poëtiese versreël minder of meer prominent is in bepaalde omstandighede, lê egter by sekondêre (Tarlinskaja (⊤)/Chatman (∧)), tersiëre (Chatman (\)) en swak (Tarlinskaja (∪)/Chatman (⏑)) klem. Hierdie grade van klem word aangetref in die minder beklemtoonde sillabes van meersillabige vormwoorde en verder in meersillabige en eensillabige funksiewoorde.

In die uiteensetting hierbo is gesien hoe die probleem van die metriese prominensie van eensillabige funksiewoorde indringend bespreek is ten opsigte van die problematiese versreël uit Donne: "So, if I dreame I have you, I have you". Hierdie bespreking is gegrond op die Kenyon-simposium (1956) en latere reaksies daarop. Dit verteenwoordig die eerste bydrae(s) van metrici wat geskoold is in strukturalistiese linguistiek. Chatman (1956a, 1956b en later ook 1960) het 'n prominente

aandeel gehad in die bekendstelling en debattering van die waarde van supra-segmentele analise vir 'n beskrywing van die metries-ritmiese struktuur van die poësie. Teen die agtergrond van die probleme wat verbonde is aan die bepaling van metriese prominensie in sekondêr, tersiêr of swak beklemtoonde sillabes, kan daar vervolgens ook gekyk word na Chatman (1965) se belangrikste en mees uitgebreide teoretiese publikasie oor metrum en ritme in die poësie.

Chatman onderskei tussen enersyds iktus of metriese prominensie en andersyds woordklem ("stress") en sinsaksent ("accent"). Die eerste is 'n eienskap van die metriese en nie die linguistiese sisteem nie; die tweede en derde is linguistiese entiteite. Die taak van die metrikus is dan volgens Chatman (1965:40) om te probeer bepaal hoe metriese iktus linguisties geaktualiseer word in 'n poësieteks. 'n Belangrike faktor in die signalering van metriese iktus is woordklem. Dit is egter self 'n gekompliseerde linguistiese entiteit wat bepaal word deur faktore soos luidheid, lengte, toonhoogte en vokaalkwaliteit. Chatman (1965:54) gee die volgende definisie: "...stress is the capacity or potential of one syllable in a word to be given suprasegmental prominence (or upon which such prominence is understood and can be elicited on demand) when the word is pronounced in isolation or in a larger stretch of speech". Wanneer alle sillabes in ag geneem word, is die verhouding tussen beklemtoonde en onbeklemtoonde sillabes die volgende: "... one syllable in each polysyllabic word and all full-vowel monosyllables possess stress in English, while those syllables are by definition unstressed which cannot normally be given suprasegmental prominence because they contain degraded vowels, or, if they occur in polysyllabic words, are not in the lexically assigned positions" (1965:55). Wanneer daar onderskei moet word tussen beklemtoonde sillabes in 'n frase of sin, baseer Chatman sy gradering van klem in hierdie studie nie meer op Trager/Smith (1951) nie, maar wel op Bolinger (1961). [15] Binne Bolinger se sisteem word daar 'n verskil gemaak tussen woordklem en sinsaksent. Die mees prominente sillabe of woord in 'n frase word uitgesonder deur sinsaksent en toonhoogte is die belangrikste bepalende faktor vir die signalering van sinsaksent. In 'n frase soos die volgende:

(20) The Spán$_{ish}$ teácher

The Spánish teách$_{er}$

is die eerste sillabe van "Spánish" in die eerste geval en die eerste sillabe van "teácher" in die tweede geval uitgesonder deur sinsaksent, terwyl albei hierdie sillabes in altwee die gevalle hierbo ook woordklem het. Sinsaksent is dan die kern van die frase, wat gedefinieer word as 'n "single intonational unit" (Chatman, 1965:57). Die verskil tussen woordklem en sinsaksent word dan uiteindelik soos volg opgesom:

> Stress is a fundamental property of full vowel monosyllabic words, and of one syllable in polysyllabic words, which in any environment, accented or not, can serve to distinguish them from what are otherwise homonyms. The actualization of stress is not uniform; its phonetic cues will vary according to the phonological context in which the word finds itself. Nevertheless, it is real; speakers will not ordinarily differ in their sense of where it occurs, and can always make it more prominent on demand. Accent, on the other hand, is the prominence which one syllalbe in an uttered phrase receives when it is the center of the pitch contour; it is not fixed to the word but to the phrase. (Chatman, 1965:58).

'n Geaksentueerde sillabe is volgens die bostaande uiteensetting meer prominent as 'n beklemtoonde sillabe. In plaas daarvan om soos by die toepassing van die Trager/Smith-sisteem te onderskei tussen vier grade van klem, word in hierdie studie van Chatman slegs 'n graduele verskil gemaak tussen onbeklemtoonde, beklemtoonde en geaksentueerde (in die betekenis van die sinsaksent te hê) sillabes.

Metriese iktus word dus in die eerste plek geaktualiseer deur woordklem en sinsaksent soos hierbo uiteengesit. Chatman is egter bewus daarvan dat sommige sillabes gerealiseer kan word as metriese iktusse, sonder dat hierdie prominensie gesignaleer hoef te word deur woordklem of sinsaksent. Vergelyk byvoorbeeld die volgende geval:

(21) The mūl/ titū/ dinous seās/ incār/ nadīne

- metriese iktusse
/ die grense van metriese voete

Chatman (1965) merk op dat slegs drie sillabes woordklem het: "multitúdinous", "seás" en "incárnadine". Hoe is die metriese iktusse op "mūltidinous" en "incarnadīne" dan te verklaar? Die skrywer redeneer soos volg:

> If ictus is not totally discoverable in the linguistic structure itself it must partly be the product of some extralinguistic

> phenomenon, like the metrical 'set' (in the psychological sense), the running disposition of ictus and non-ictus established by pre= ceding sequences, particularly where these were linguistically unequivocal. (Chatman, 1965:121)

In hierdie studie gee Chatman dus wel erkenning aan die moontlike uit= werking van die onderliggende metriese skema in die signalering van 'n metries prominente sillabe. Dit is egter nie 'n linguisties-statisties verantwoorde erkenning van die potensieel afdwingbare krag van die metriese patroon soos uiteengesit in Tarlinskaja (1976a, 1976b) nie. Vergelyk hier 'n toepassing van Tarlinskaja se beginsels vir die bepaling van metriese iktus ten opsigte van Chatman se voorbeeld hierbo:

(21) i. The multitudinous seas incarnadine

x -/x -/x -/x -/x -

Dit is duidelik dat al die metriese iktusse gerealiseer kan word, indien Tarlinskaja se aanduidings vir sterk en sekondêre klem gevolg word. Dit lyk asof Chatman in hierdie studie terugval op die tradisionele uitgangs= punt soos onder andere verteenwoordig in Wimsatt en Beardsley (1959), waar die gevaar bestaan dat die onderliggende metriese patroon op 'n arbitrêre manier afdwingbaar gemaak sal word op die organisasie van swakker en ster= ker beklemtoonde sillabes in 'n versreël. Chatman probeer egter wel om riglyne te verskaf vir die realisering van metriese iktus in die poësie. In soverre as wat metriese iktus linguisties bepaal kan word, is woordklem volgens die skrywer die belangrikste aanwysing vir prominente sillabes. Woordklem is verder die duidelikste waarneembaar in meer= sillabige woorde, en daarom kan 'n bepaalde metriese patroon ondubbel= sinnig gerealiseer word deur die opeenvolging van swakker en sterker be= klemtoonde sillabes in hierdie woorde: "The lexical stress patterns of polysyllabic words are fixed parts of their phonemic structure and normally cannot be changed by intonational and accentual contingencies" (1965:122). Vergelyk byvoorbeeld die volgende versreël met meersillabige woorde:

(22) Beyōnd/ the fīt/ ting mē/ dium of/ desīre

Chatman merk op dat die skandering die duidelikste is waar 'n enkele woord met twee sillabes 'n metriese voet realiseer soos in "beyond / desire", en ook waar die onbeklemtoonde en beklemtoonde sillabes voorkom in naasliggende

woorde soos "...ting me..." hierbo. Alle metriese voete kan egter nie ondubbelsinnig bepaal word nie, soos byvoorbeeld blyk uit die derde voet in (22) hierbo, waar die preposisie of voorkom in 'n metriese iktus wat nie linguisties geaktualiseer sal word nie. In 'n poging om ook dergelike problematiese gevalle te probeer verantwoord, onderskei Chatman (1965:123) tussen vier verskillende tipes sillabes: "... or more accurately, syllabic weights: a) full-vowel monosyllabic words, b) stressed syllables of polysyllabic words, c) unstressed full-vowel syllables of polysyllabic words, and d) unstressed reduced (degraded) syllables of polysyllabic words". Kategorie a) kan onderverdeel word in twee subklasse: dié met reduseerbare en dié met nie-reduseerbare sillabes onderskeidelik. Woorde met reduseerbare vokale, dit wil sê waar byvoorbeeld 'n /a/, /o/ of /u/ uitgespreek word as /ə/, sal volgens Chatman waarskynlik in non-iktusse voorkom in 'n gereduseerde en in iktusse in 'n ongereduseerde vorm. Vergelyk die manier waarop die eerste twee woorde gelees kan word in:

(23) i. Shall I compare thee to a summer's day?

ii. Shall I compare thee to a summer's day? [16]

Afhangende daarvan of die eerste voet in die reël deur 'n leser geaktualiseer word as 'n jambe (Shall I) of as 'n trogee (Shall I), sal die vokaal in shall gerealiseer word as onderskeidelik /ə/ en /æ/. Die reduseerbare subklas word dan deur Chatman aangedui as a^1. Vir die realisering van iktus op eensillabige woorde met reduseerbare vokale is Chatman dan genoodsaak om terug te val op die "... larger metrical context or set which prompts one to assume ictus upon such words, even though he may not wish to give it full-blown accent in recitation" (1965:123-124). Dieselfde gebeur ten opsigte van kategorie c) en d) hierbo - onderskeidelik die onbeklemtoonde en ongereduseerde en die onbeklemtoonde en gereduseerde sillabes in meersillabige woorde. Chatman stel dit egter baie duidelik dat hierdie sillabes (in die Trager/Smith-notasie waarskynlik sillabes met sekondêre en tersiêre klem onderskeidelik) slegs gepromoveer kan word tot iktus "... when they occur in metrically set positions" (1965:125).

Hiermee het Chatman (1965) die probleme wat linguisties beredeneer is in Chatman (1956a en 1956b) dan gerieflik opgelos op 'n eg "tradisionele" manier. [17] Die realisering van iktus lewer hoegenaamd geen probleem op

nie: primêr beklemtoonde sillabes in vormwoorde signaleer iktus ondubbel= sinnig, en kan linguisties verantwoord word; sekondêr en tersiêr beklem= toonde sillabes in funksiewoorde en in die sekondêr beklemtoonde silla= bes van meersillabige vormwoorde word gepromoveer tot iktus, mits hulle ten opsigte van die onderliggende metriese patroon gunstig geplaas is in potensieel belangrike metriese posisies. 'n Mens vra jou af: waarom die uitgebreide linguistiese verantwoording as problematiese gevalle in elk geval onderhewig is aan die afdwingbare krag van die onderliggende metriese patroon? Die standpunt wat Chatman (1965:124-127) inneem, ver= skil myns insiens geensins van dié van Wimsatt en Beardsley (1959 - vergelyk hierbo in 1.1.1) nie. Vir hierdie skrywers word die onderlig= gende metriese patroon altyd gerealiseer, selfs al moet sommige lin= guisties onbeklemtoonde sillabes gepromoveer en ander linguisties beklemtoonde sillabes weer gedemoveer word om in te pas in die patroon= matige opeenvolging van swakker en sterker beklemtoonde sillabes binne die onderliggende metriese patroon. Chatman volg presies dieselfde prosedure in byvoorbeeld die volgende gevalle:

(24) i. bottomless, beautiful, difference

ii. monstrosity, backbiters, insecticide, day-workers

(Chatman, 1965:126-127)

In (24)(i) word die onderstreepte linguisties onbeklemtoonde sillabes gepromoveer tot iktus, omdat hulle volgens die alternatiewe beginsel van jambiese en trogeïese metra voorkom in metries sterk posisies; in (24)(ii) word die onderstreepte sillabes gedemoveer tot metriese non-iktus, omdat hulle voorkom in posisies onmiddellik voor of na die beklem= toonde sillabes en iktusse.

Hiermee is die bydrae tot die bepaling van metriese iktus deur struk= turalisties-linguisties georiënteerde metrici geïllustreer. Die deel= nemers aan en navolgers van die Kenyon-simposium (1956) het die nood= saaklikheid beklemtoon van 'n supra-segmentele analise van intonasie= patrone binne die versreël. In hierdie supra-segmentele analise wat gegrond is op Trager/Smith-beginsels, is die metriese iktus medebepaal deur vier grade van klem, vier toonhoogtes en vier verskillende nate in 'n intonasiepatroon. Dit was dus moontlik om binne hierdie sisteem te onderskei tussen grade van sterker en swakker beklemtoonde sillabes.

Die leemte in hierdie benadering was egter die verontagsaming van ekstra-linguistiese beginsels soos byvoorbeeld die moontlike uitwerking van 'n bepaalde metriese posisie op die graad van klem van 'n sillabe in so 'n posisie. Chatman (1965), in 'n hersiening van sy vroeëre standpunt, is wel deeglik bewus van die moontlike invloed van die onderliggende metrum op die graad van beklemtoning van 'n betrokke sillabe. Die probleem met hierdie stanpunt is egter dat nie ontkom kan word aan die gevaar van 'n arbitrêre terugval op die metriese patroon om iktus en non-iktus te signaleer nie. Die problematiese reël uit Donne, waarvoor daar hierbo verskeie skanderingsmoontlikhede aangetoon is, sou in Chatman (1965) se hersiene benadering ooreenstem met die skandering wat deur Ransom (1956) voorgestel is binne 'n tradisionele benadering. Vergelyk vervolgens die skandering van dié reël 1) soos voorgestel in Chatman (1956a), 2) soos gerekonstrueer volgens Chatman (1965) in ooreenstemming met Ransom (1956), 3) soos op die mees waarskynlike manier geanaliseer in Smith (1959) in ooreenstemming met die gerekonstrueerde skandering van Tarlinskaja (1976a, 1976b):

(19) 1) (19) v. 3 /2 2 ⌣ \ 3 / 2 3 / ^ 2 2 3 / ^
So, / if I dreame / I have you, / I have you ##
/ ⌣ ⌣ / ⌣ / / ⌣ / /
v.' So, if I dreame I have you, I have you
x -/x - / x - / x - / x -

2) (19) ii. / ⌣ ⌣ / ⌣ / ⌣ / ⌣ /
So, if I dreame I have you, I have you
x -/x - / x - / x - / x -

3) (19) iv. / ⌣ ⌣ / ⌣ / ⌣ ⌣ / /
So, if I dreame I have you, I have you
x -/x - / x - / x - / x -

Uit die skanderingsmoontlikhede hierbo word dit duidelik dat 'n gerekon=strueerde skandering binne die riglyne wat aangegee word in Chatman (1965) 'n minder bevredigende oplossing bied vir die laaste drie woorde van hierdie versreël as wat die geval was met die oplossing van Chatman (1956a): Chatman (1965) - (19)(ii) hierbo - verskil van die mees waarskynlike skandering in (19)(iv); Chatman (1956a) - (19)(v) en (19)(v)' hierbo - gee vir die laaste drie sillabes dieselfde skanderingsmoontlikheid as (19)(iv).

Om op te som: Chatman (1965) se terugval op die metriese patroon sluit die moontlikheid van 'n arbitrêre bepaling van metriese iktus nie uit nie. In

vergelyking met die vroeëre analises (Chatman, 1956a, 1956b en 1960), waar die Trager/Smith-beginsels toegepas is, bied die latere Chatman (1965) ook veel minder genuanseerde riglyne vir die linguistiese reali= sering van metriese iktus.

1.2.2 Die herdefiniëring van metriese patrone binne 'n genuanseerde linguistiese sisteem

In die eerste toepassings van Trager/Smith-beginsels op die metries-rit= miese struktuur van poëtiese taalgebruik is die sillabes in die versreël supra-segmenteel beskryf, sonder om hulle te groepeer in metriese patrone soos die jambe, die trogee, die daktiel of die anapes. Een van die voordele van die supra-segmentele analise is trouens volgens Chatman die feit dat die versreël nie meer verdeel word in metriese voete nie: "... it (d.i. die Trager/Smith-sisteem) makes allowance for the iso= chronic nature of English rhythm (by utilizing units of analysis which are at once more functional and less arbitrary than the verse foot)..." (1956a:84). In sy verwerping van Stein (1956a) se alternatiewe skan= derings vir die Donne-versreël (vergelyk 1.2.1 hierbo) het Chatman dit ook teen die voet: "... the anxiety to fit lines into feet, an anxiety which is implicit in conventional metrics and, ...contrary to the best interests of the English language, has forced Mr. Stein to squeeze several alternatives out of lines which perhaps entitle him to only a single oral performance" (1956b:95). Aanvanklik vervang Chatman (1956a en 1956b) dus die indeling van die versreël in voete (tradisionele metrum) met 'n bestudering van die intonasiepatrone binne die versreël.

Die motivering vir so 'n wegdoen van die tradisionele voetindeling van die sillabes in 'n versreël in die klassieke metriese patrone soos jambe, trogee, daktiel of anapes, word egter die duidelikste uiteengesit in 'n voetnoot in Chatman (1960). Die skrywer vermy die metriese voet, omdat hy meen dat dit niks bydra tot die metrum wat nie alreeds beskryf kan word met behulp van 'n supra-segmentele analise van intonasiepatrone in die versreël nie. Bowendien meet die voet in klassieke metra die <u>lengte</u> van die sillabes en nie verskillende grade van klem nie. Die willekeurigheid waarmee die grense van die voet aangedui word, word dan op 'n myns insiens oortuigende wyse soos volg uiteengesit:

> Podic segmentation seems applicable in English for only one purpose -

> to explain the sequential norm and variations of points and zeroes. But I have never been able to discover a good reason for assuming that a metrical accent point has any closer connection with the zero that it follows than with the one that it precedes. That is, the normal decasyllabic line is
>
> 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10.
>
> It does not matter whether we take this as
>
> 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10
>
> or
>
> 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10
>
> or
>
> 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10
>
> or
>
> 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10
>
> except as a matter of convenience or arithmetic. The advantage of the first is only that the "units" turn out to be more uniform among themselves - but only for mathematical reaons, not for linguistic or metrical reasons. (Chatman, 1960:161)

Chatman verduidelik voorts dat die belangrike posisies in 'n jambiese pentameter byvoorbeeld die tweede, vierde, sesde, agste en tiende sillabe is (dit wil sê die onderstreepte sillabes hierbo). Hierdie posisies is belangrik, omdat hulle 'n bepaalde invloed het op die graad van klem van 'n betrokke sillabe: "That is, these positions 'promote' the syllables falling within their precints" (1960:161). Dit beteken dat 'n leser hierdie sillabes, wat primêre, sekondêre of tersiêre klem mag hê, sal interpreteer as 'n metries belangrike posisie ("metrical point").

'n Verwerping van die voetindeling is volgens die bostaande uiteensetting nie vir Chatman 'n ontkenning van die patroonmatige afwisseling tussen swakker en sterker beklemtoonde sillabes in byvoorbeeld 'n jambiese pentameter nie. Dit is slegs die afbakening van swakker en sterker beklemtoonde sillabes in groepe van twee (jambe, trogee) of drie (anapes, daktiel) wat nie aanvaar word nie. Die belangrikste implikasie hiervan is dat die voetgrens nie 'n bepalende faktor is in die promovering van sillabes as sterk of beklemtoond nie. Anders gestel: die graad van klem van 'n metries prominente sillabe hang nie slegs af van die sillabe wat daaraan voorafgaan nie maar word ook bepaal deur die sillabe wat daarop volg. Die sillabiese omgewing van 'n metries prominente sillabe in 'n jambiese pentameter strek dus oor drie sillabes en nie net twee nie.

Bowendien kan die metries prominente sillabes in sterk posisies binne 'n bepaalde metrum dan bekyk word ten opsigte van die hele versreël in plaas van die eerste, tweede, derde, vierde of vyfde voet in die vers= reël.

'n Mens sou Chatman (1965a, 1956b en 1960) se uiteensetting van die afwisseling tussen swakker en sterker posisies binne bepaalde metra kon beskou as 'n herdefiniëring van die tradisionele opvatting dat die versreël onderverdeel word in metriese voete. Die tradisionele konsep van die voet word ook deur Hawkes (1962) gekritiseer teen die agter= grond van die Trager/Smith-stelsel van klemtoekenning aan bepaalde sillabes in intonasiepatrone. Hawkes wys op 'n fonologiese aspek van Engels wat baie belangrik is vir die groepering van swakker en sterker beklemtoonde sillabes in metriese patrone: "... when two or more in= stances of the same degree of stress occur on syllables immediately following each other, the occurrence of the second in the sequence will be phonetically more 'prominent' than the first, and the third more than the second and so on" (1962:38). Hawkes gee die volgende voorbeelde van swak, sekondêre en primêre klemtone in onmiddellik opeenvolgende sil= labes:

(25) i. ánimal

ii. an old stone house

iii. me/too

In (25)(i) is die swak klem op die laaste sillabe foneties "sterker" of "harder" as die swak klem op die tweede sillabe van "ánimal"; in (25)(ii) is die sekondêre klem op "stone" sterker as die onmiddellik daaraan voor= afgaande sekondêre klem op "old"; op dieselfde manier is die primêre klem op "too" aan die regterkant van die intonasienaat sterker as die primêre klem op "me" aan die linkerkant van die intonasienaat. Hierdie onder= skeid wat Hawkes tref tussen opeenvolgende sillabes met dieselfde graad van klem "...occurs without changing the status of either of the stresses involved in each case; they retain their designation as 'primary' or 'se= condary' or whatever, but the phonetic aspect of the situation is signi= ficant" (1962:39). Die onderskeiding van vier grade van klem binne die Trager/Smith-sisteem, sowel as die fonetiese verskil tussen opeenvolgende sillabes met dieselfde graad van klem, het dan volgens die skrywer belang=

rike implikasies vir die tradisionele karakterisering van byvoorbeeld 'n jambiese voet as bestaande uit 'n swak lettergreep gevolg deur 'n sterk lettergreep (⏑ –). Hawkes toon aan dat hierdie tradisionele tipering van 'n jambiese voet in werklikheid op 'n genuanseerder manier gedefi= nieer moet word. Volgens die skrywer kan die jambe op die volgende maniere gerealiseer word:

(26) (a) 1. weak-primary (⏑/)
2. weak-scondary (⏑∧)
3. weak-tertiary (⏑\)
4. tertiary-primary (\/)
5. tertiary-secondary (\∧)
6. secondary-primary (∧/)

(b) 7. weak-weak (⏑⏑)
8. tertiary-tertiary (\\)
9. secondary-secondary (∧∧)
10. primary/primary (/|/)

Die groep in (26)(a) is onderskeibaar volgens die vier grade van klem in die Trager/Smith-sisteem; die groep in (26)(b) is onderskeibaar volgens die fonetiese verskil in opeenvolgende sillabes met dieselfde graad van klem. By die laaste voorbeeld moet 'n intonasienaat die sillabes skei, aangesien slegs een primêr beklemtoonde sillabe aangetref word binne dieselfde intonasiepatroon.

Volgens Hawkes se klassifikasie hierbo in (26) is daar dus in werklikheid tien verskillende aktualiserings van die tradisionele tipering van die jambe (⏑—). Hiermee is nog slegs die vier grade van klem in die Trager/Smith-stelsel betrek. 'n Genuanseerde tipering van die jambe sou volgens die skrywer ook rekening moes hou met die toonhoogte en die posi= sie van metries prominente sillabes ten opsigte van intonasienate. 'n Karakterisering van tipes jambes volgens verskillende grade van klem, verskillende toonhoogtes en verskillende intonasienate, sou dit egter volgens die skrywer byna onmoontlik maak om 'n versreël nog te analiseer in terme van metriese patrone. Dus:

> The inclusion of these phenomena into an analysis would of course cause the number of possible iambic structures which are in the

> language to increase alarmingly, and would make any attempt to analyse verse along these lines virtually impossible. Nevertheless it is sobering to remember that traditional prosody represents each and every one of these possibilities by the same classification of ⏑ — (Hawkes, 1962:40).

Hawkes beskryf dus die klassifikasie van verskillende tipes trogeë, daktiele en anapeste net in terme van die moontlike kombinasies wat verkry kan word indien die vier grade van klem van die Trager/Smith-sisteem in berekening gebring word. Wanneer die grade van klem binne trogeë, daktiele en anapeste bekyk word, vind Hawkes (1962:40-44) dat die tradisionele prosodiese klassifikasie van verskillende voete grootliks vereenvoudig kan word. Die meeste voete kan geklassifiseer word as basies jambies of trogeïes: onder die jambe ressorteer byvoorbeeld die pyrrhiese voet, die spondee en moontlik die anapes; onder die trogee word die daktiel ingedeel. Die skrywer gaan egter nog verder en redeneer dat die trogee, aangesien dit die presiese teendeel is van die jambe, saam met die daktiel geklassifiseer sou kon word onder die jambe:

> Nor is this suggestion as outrageous as it sounds, for it is an arguable case that when a poet writes trochees and dactyls, he is not so much performing a positive rhythmic 'act' as merely not writing in one of the iambic rhythms. After all, the analysis does show that the iambic structures are statistically the dominant structures in a language whose whole linguistic 'movement' seems to be ultimately iambic (that is, based on a generally 'weaker-stronger' alternation of stress; that verse reflects this basic rhythm is hardly surprising), so that the use of a trochaic-dactyllic rhythm is in every sense opposed to the norm, to the rhythmic trend of the language. And it is surely true that the trochaic-dactyllic structures are most often used (except for the obvious tour de force) as patterned interpolations into or punctuations of the basically iambic structure. Hence their use only underlines the fact that the basic structure is iambic (Hawkes, 1962:44).

Hawkes se herdefiniëring kom dus neer op enersyds 'n veel meer genuanseerde tipering van die jambe en andersyds 'n vereenvoudiging van die aantal metriese patrone (voete) wat onderskei is in tradisionele opvattings. Indien alle voete inderdaad geklassifiseer kan word as óf 'n tipe jambe (pyrrhee, spondee, anapes) óf 'n doelbewuste afwyking van die jambe (trogee, daktiel), is dit sinvol dat die skrywer die jambe uitgesonder het vir 'n noukeurige analise en 'n gedetailleerde beskrywing.

'n Uitgebreide klassifikasie van verskille tussen jambiese voete word ook onderneem in Chatman (1965). Waar hierdie skrywer in vroeëre studies

(1956a, 1956b en 1960) die voetindeling verwerp het as onfunksioneel in metriese analise (vergelyk hierbo), onderskryf hy in hierdie latere studie (1965) weer die tradisionele indeling in voete. Dit beteken dat Chatman in hierdie studie nie meer die versreël as 'n ritmiese eenheid bekyk nie maar wel die versreël soos dit verdeel word in metriese voete: "It is simpler to assume that the series ⏑–⏑–⏑–⏑–⏑– consists of five recurrences of one event, ⏑– , than that it constitutes some single homogeneous event. For then we would have to concede that the patterns

⏑– ⏑– – ⏑⏑– ⏑– ,
⏑– – ⏑⏑–⏑ –⏑ – ,
and – ⏑⏑ – ⏑ – ⏑ –⏑ –

also consitute separate single events. It is simpler and more elegant to interpret the above three sets of events as variations of the first set with the substitution of –⏑ for ⏑– in a different position in each case" (1965:116). 'n Verdere rede vir die aanvaarding van die voet is 'n psigologiese: volgens Chatman is dit 'n feit dat daar 'n neiging by mense bestaan om ritmiese fenomene te groepeer. Nòg die eenvoudigheids= kriterium, nòg die psigologiese regverdiging vir die voet is linguisties verantwoord. Trouens, die karakterisering wat Chatman (1965:117) vir die metriese voet gee, sou veel eerder verwag word in 'n tradisionele as in 'n strukturalisties-linguistiese benadering van die metries-ritmiese struktuur van die poësie:

> Metrical feet are conventions for analyzing the grouping behavior of syllables which in their metrical aspect are not treated as sound complexes but as mere rhythmic counters of one of two values. Feet have nothing else to do with language: they are non-grammatical and non-lexical, and so do not bear any relation to word-integrity, pho= nological juncture, or any other real linguistic feature. Foot boundaries may split words, and two words separated by even the strongest juncture (say the one represented by a period) may occur within the same foot. Feet, in short, are purely 'notional'.

In hierdie laaste studie het Chatman dus geen beswaar meer teen 'n bloot 'matematiese', en nie 'linguistiese' of 'metriese', regverdiging vir die voet nie. Vergelyk hier weer, ter wille van die verandering in stand= puntinname, Chatman (1960:161) se tipering van die indeling van 'n tiensillabige versreël in vyf jambiese voete: "The advantage ... is only that the "units" turn out to be more uniform among themselves - but only for mathematical reasons, not for linguistic or metrical reasons".

Dit lyk asof Chatman (1965) terugbeweeg vanuit 'n gesofistikeerde struk= turalisties-linguistiese kritiek op die versvoet (1956a, 1956b en 1960) tot 'n eg tradisionele aanvaarding van die verdeling van die versreël in jambes, trogeë, anapeste en daktiele. Soos Hawkes (1962) gee Chatman (1965) egter ook 'n linguistiese herdefiniëring van die tradisionele jambiese versvoet. Waar Hawkes se herformulering van metriese voete gegrond is op die vier grade van klem wat in die Trager/Smith-sisteem onderskei word, steun Chatman se uitgebreide klassifikasie van die jambe op die verskil in "syllabic weight" (1965:123) van die swakker en sterker beklemtoonde sillabes in jambiese versvoete (vergelyk vir 'n onderskei= ding tussen die vokaalkwaliteite van sillabes 1.2.1 hierbo). Chatman (1965:127-128) haal die volgende versreël van Donne aan om sy klassifi= kasie van sillabes te illustreer:

a c d b d a^1 a^1 a
(27) 'Twere profanation of our joys

a - beklemtoonde eensillabige woorde met ongereduseerde vokale
a^1 - onbeklemtoonde eensillabige woorde met gereduseerde vokale
b - beklemtoonde sillabes met ongereduseerde vokale in meersilla= bige woorde
c - onbeklemtoonde sillabes met ongereduseerde vokale in meersil= labige woorde
d - onbeklemtoonde sillabes met gereduseerde vokale in meersillabige woorde

Hierdie vier sillabe-tipes kan teoreties twee-en-dertig verskillende kombinasies van voete tot gevolg hê. Chatman beperk hierdie klassifi= kasie tot tweesillabige voete (die jambe en die trogee) en negeer verder die sogenaamde "level feet" (1965:128), naamlik die spondeïese en pyrrhiese voete. Sonder om al die verskillende kombinasies aan te toon - Chatman (1965:128-132) gee voorbeelde van al die moontlike groeperinge - kan daarop gewys word hoe Chatman hierdie klassifikasie gebruik om te onderskei tussen versvoete wat gekarakteriseer kan word as enersyds "meter-fixing" en andersyds "meter-fixed". Die eerste kategorie bestaan uit voete wat fonemies, dit wil sê linguisties, bepaal word. Die skan= dering van hierdie groeperinge, omdat hulle "stress-determined feet" (Chatman, 1965:132) is, is dus vasgestel volgens linguistiese beginsels. Dit is voete met 'n a- of b-sillabe in die posisie van metriese iktus

en 'n c- of d-sillabe in die posisie van non-iktus: $\bar{a}$ + c, $\bar{a}$ + d, $\bar{b}$ + c, $\bar{b}$ + d, c + $\bar{a}$, c + $\bar{b}$, d + $\bar{a}$ en d + $\bar{b}$. Die skandering van voete waarvan een sillabe 'n onbeklemtoonde en ongereduseerde vokaal en die ander sillabe 'n onbeklemtoonde en gereduseerde vokaal bevat, is eweneens linguisties bepaal: $\bar{c}$ + d en d + $\bar{c}$. Dit is hierdie groeperinge van onbeklemtoonde en beklemtoonde sillabes waaraan die onderliggende metrum van 'n gedig afgelees kan word:

> Because of the linguistically fixed character of the relationships of syllables in these first two categories and the consequent fact that readers may not vary them without distorting the language itself, these feet are meter-fixing. They provide the most unequivocal tools available to the poet for establishing his meter; on the reader's side, they are the sorts of clues which most help him ascertain the metrical intention of a poem (Chatman, 1965:133).

Teenstellend hiermee is versvoete waar die posisie van metriese iktus gedeeltelik of in die geheel bepaal word deur die metriese patroon ("metrical set") van voorafgaande versvoete, dan "meter-fixed". Alle voete waarvan die sillabes 'n gelyke vokaalkwaliteit of metriese gewig het, behoort tot hierdie kategorie: a + a, b + b, c + c, d + d. Ook voete waar dit lyk of die metriese iktus op die swakker beklemtoonde ("lighter") sillabe val, word metries bepaal, soos byvoorbeeld die groepering a + c in

(27) i. Though full of pain, |th$\breve{\text{i}}$s $\bar{\text{i}}$n|tellectual being

In 'n volgende kategorie is albei die sillabes in 'n betrokke versvoet beklemtoon: $\bar{a}$ + $\breve{b}$, $\breve{a}$ + $\bar{b}$, $\bar{a}$ + $\breve{a}$, $\breve{a}$ + $\bar{a}$, $\breve{b}$ + $\bar{a}$, $\bar{b}$ + $\breve{b}$ en $\breve{b}$ + $\bar{b}$. Die sinsaksent sou in hierdie kategorie die metriese iktus kon aandui volgens die linguistiese moontlikhede van 'n taal: funksiewoorde word slegs geaksentueer in uitsonderlike gevalle; in adjektief-nomen-kombinasies kry die nomen die sinsaksent; in saamgestelde nomina word die eerste gedeelte van die samestelling beklemtoon; in verba wat bestaan uit twee woorde kry die tweede of adverbiale element die sinsaksent. Chatman konkludeer: "The accent dispositions of these and other combinations are so predictable that rules could be formulated for their use. Where accent is predictable, it is convenient to assume that a syllable becomes ictic by virtue of its accentability" (1965:134).

Hiermee is dan 'n oorsig gegee van die herdefiniëring van die metriese voet deur strukturalisties-linguisties georiënteerde metrici: by Hawkes

(1962) word aangetoon hoe die tradisionele tipering van die jambe (∪ –) linguisties veel meer genuanseerd is as die karakterisering van hierdie voet (en ander metriese voete) in terme van slegs beklemtoonde en onbeklemtoonde sillabes; by Chatman (1965) word volgens die vokaalkwaliteit van gegroepeerde sillabes in metriese patrone vasgestel of die versvoete linguisties of metries bepaal word.

Chatman se riglyne vir klemtoekenning volgens die vokaalkwaliteit van 'n sillabe, asook die klassifikasie van tipes versvoete wat gebaseer is op so 'n klemtoekenning, kan vervolgens geïllustreer word met verwysing na W.H. Auden se "In Time of War" (vergelyk ook die metriese analise van hierdie selfde gedig in 1.1.1 en 1.1.2 hierbo):

(11) iii.

a a a^1 b d a^1 a^1 b d c
1. Here war | is simple like | a monument

a^1 b d c a^1 b d a^1 a^1 a
2. A telephone | is speaking to | a man

a a^1 a^1 a d b a^1 a a^1 a
3. Flags on | a map | assert | that troops | were sent:

a^1 a a a a^1 a a a^1 a^1 a
4. A boy | brings milk | in bowls. | There is | a plan

a^1 b d a a^1 b d a^1 a^1 a
5. For living men | in terror of | their lives,

a^1 a a^1 a a^1 a^1 a^1 a a^1 a
6. Who thirst | at nine | who were | to thirst | at noon,

a^1 a^1 a^1 a a^1 a^1 a^1 a a^1 a
7. And can | be lost | and are, | and miss | their wives,

a^1 b c a^1 c b d a^1 a a^1 a
8. And unlike an | idea, | can die | too soon

a^1 c b d a^1 a^1 a d b a a
9. But ideas can | be true | although | men die,

a^1 a a^1 a a^1 b d b d
10. And we | can watch | a thousand faces

a b d a^1 a^1 a
11. Made active by | one lie:

a^1 a a^1 b d a a^1 b d
12. And maps | can really point | to places

a a a^1 b d a
13. Where life | is evil now:

b c b c
14. Nanking; | Dachau.

a, a^1, b, c en d - 'n aanduiding van Chatman se groepering van sillabes volgens vokaalkwaliteit;
onderstrepings dui die metries sterk posisies van die jambe aan;
| dui die grense van die jambiese voete aan.

'n Groot aantal versvoete is "meter-fixing", omdat hulle bepaal word deur verifieerbare linguistiese beginsels. Aangesien die skandering van hierdie versvoete eenduidig is, sal slegs die problematiese gevalle bekyk word. In vers 1 het die eerste voet gelyke klem in albei sillabes: "here war ...". Chatman sou war meer beklemtoon as here in ooreenstemming met die onderliggende metriese patroon. Só 'n beklemtoning van die betrokke sillabes sou ook deur Hawkes (1962) om linguistiese redes ondersteun word, aangesien die tweede sillabe in opeenvolgende sillabes met dieselfde graad van klem volgens hierdie skrywer foneties sterker gerealiseer word as die eerste (vergelyk hierbo). Die tweede voet in vers 4, "...brings milk ...", die derde voet in vers 6 "... who were ...", eerste voet in vers 7, "ar can ...", die derde voet in vers 7, "... and are ...", die laaste voet in vers 9, "... men die" en die eerste voet in vers 13, "where life ..." sal om dieselfde redes binne sowel Chatman as Hawkes se sisteme op dieselfde manier as "here war ..." geskandeer word. Al hierdie gevalle sal dus 'n jambiese versvoet voorstel met 'n minder beklemtoonde sillabe gevolg deur 'n meer beklemtoonde sillabe.

Die oorblywende problematiese gevalle sal almal onderhewig gemaak word aan die afdwingbare krag van die jambiese metrum. Die volgende kombinasies is ter sake: d + a^1 in "...ple like ...(vers 1), "...king to ..." (vers 2), "(ter)ror of ..." (vers 5), "... tive by ..." (vers 11); a^1 + c soos in "but i(deas) ... (vers 9); a + b soos in "made ac(tive)..." (vers 11). Hawkes (1962) se graduele onderskeiding van klemtone ten opsigte van die gevalle hierbo ondersteun weer eens 'n jambiese skandering vir die betrokke versvoete in die gedig. Dit lyk asof Chatman se onderskeiding tussen metrum-bepalende en metrum-bepaalde versvoete, en Hawkes se differensiasie tussen grade van klem in verskeie tipes jambiese versvoete, lei tot 'n volledige deskriptiewe skandering van (11)(iii) hierbo.

Die skandering van die bostaande problematiese gevalle volgens Chatman se onderskeiding tussen "meter-fixing"- en "meter-fixed"-voete kan vervolgens vergelyk word met Tarlinskaja se gedifferensieerde en vereenvoudigde stelsels van klemtoekenning (vergelyk 1.1.1 en 1.1.2 hierbo). Die

ter sake versreëls van Auden se "In Time of War" word op die volgende maniere geskandeer: 1) Tarlinskaja se gedifferensieerde klemtoekenning bo die sillabes met die vereenvoudigde aanduidings weer bokant hierdie aksenttekens; Malof se voetindeling (x -) onder die versreël; 2) Chatman se aanduidings vir verskillende vokaalkwaliteite bo die sillabes met Hawkes se grade van klem onmiddellik daarbo; Malof se voetindeling onder die versreël; 3) sowel Tarlinskaja as Chatman se aanduidings omgesit in 'n tradisionele skandering van die betrokke versreëls.

(11) iv. 1) 1. Here war is simple like a monument:

- - / x - / x - / x - / x -

a a a^1 b d a^1 a^1 b d c

2) 1. Here war is simple like a monument:

x - / x - / x - / x - / x -

3)a)1. Here war | is sim|ple like | a mon|ument:

(Tarlinskaja)

b)1. Here war | is sim|ple like | a mon|ument:

(Chatman)

1) 2. A telephone is speaking to a man;

x -/x - / x - / x x /x -

a^1 b d c a^1 b d a^1 a^1 a

2) 2. A telephone is speaking to a man;

x -/x - / x - / x - /x -

3) a)2. A te|lephone | is speak|ing to | a man;

(Tarlinskaja)

b)2. A te|lephone | is speak|ing to | a man;

(Chatman)

1) 4. A boy brings milk in bowls. There is a plan

x - / - - / x - / x - / x -

a¹ a a a a¹ a a a¹ a¹ a
2) 4. A boy brings milk in bowls. There is a plan
x - / x - / x - / x - / x -

3)a)4. A boy | brings milk | in bowls. | There is | a plan
(Tarlinskaja)

b)4. A boy | brings milk | in bowls. | There is | a plan
(Chatman)

1) 5. For living men in terror of their lives,
x -/x - / x - / x x / x -

a¹ b d a a¹ b d a¹ a¹ a
2) 5. For living men in terror of their lives,
x -/x - / x - / x - / x -

3) a) 5. For living men | in terror of | their lives,
(Tarlinskaja)

b) 5. For living men | in terror of | their lives,
(Chatman)

1) 7. And can be lost and are, and miss their wives,
x - / x - / x - / x - / x -

a¹ a¹ a¹ a a¹ a¹ a¹ a a¹ a
2) 7. And can be lost and are, and miss their wives
x - / x - / x - / x - / x -

3) a) 7. And can | be lost | and are, | and miss | their wives,
(Tarlinskaja)

b) 7. And can | be lost | and are, | and miss | their wives,
(Chatman)

1) 8. And unlike an idea, can die too soon.

x - / x x /x - / x - / x -

2) 8. And unlike an idea, can die too soon.

a^1 b c a^1 c b a^1 a a^1 a

x - / x -/x - / x - / x -

3) b) 8. And unlike an idea, can die too soon.

(Tarlinskaja)

b) 8. And unlike an idea, can die too soon.

(Chatman)

1) 9. But ideas can be true although men die

x x /- - / x - / x - / - -

2) 9. But ideas can be true although men die

a^1 c b a^1 a^1 a d b a a

x -/- x/ x - /x - / x -

3) a) 9. But ideas can be true although men die

(Tarlinskaja)

b) 9. But ideas can be true although men die

(Chatman)

1) 11. Made active by one lie:

- - / x x / - -

2) 11. Made active by one lie:

a b d a^1 a^1 a

x - / x - / x -

3)a) 11. Made active by one lie:

(Tarlinskaja)

b) 11. Made active by one lie:

(Chatman)

1) 13. Where life is evil now:

x - / x -/x -

2) 13. Where life is evil now:

a a a^1 b d a

x - / x -/x -

3) a) 13. Where life | is evil now:

(Tarlinskaja)

b) 13. Where life | is evil now.

(Chatman)

Wanneer die tradisionele notasie van onderskeidelik Tarlinskaja en Chatman/Hawkes se skanderings (3) a) en b) hierbo) vergelyk word, blyk dit dat Chatman se metrum-bepaalde voete vir sekere gevalle ooreenstem met die klemtoekenning wat voorgestel is in Tarlinskaja se sisteem: d + a^1 in "(sim)ple like" (vers 1), a^1 + a^1 in "and can ... and are" (vers 7), a + a in "where life" (vers 13). In die laaste geval is dit logies dat die vormwoord life groter klem sal dra as die funksiewoord where (vers 13); in die geval van like (vers 1) word die vergelykende verbinding tussen enersyds war en andersyds monument beklemtoon; in die geval van die funksiewoorde can en are (vers 7) het hierdie woorde em= fatiese klem (Chatman se sinsaksent) in die konteks van die gedig. Die jambiese patroon is dus vir hierdie gevalle - waar die klem nie linguis= ties bepaal kan word nie - blykbaar wel 'n betroubare maatstaf vir die realisering van metriese iktus.

Daar is egter verskeie gevalle waar Chatman se metrum-bepaalde voete nie ondersteun word deur Tarlinskaja se beginsels vir klemtoekenning nie. Veral waar twee opeenvolgende sillabes òf albei beklemtoond (//) òf albei onbeklemtoond (⏑⏑) is, dek die skanderings van Tarlinskaja en Chatman/Hawkes mekaar nie. Omdat Hawkes wys op die fonetiese verskil tussen twee opeenvolgende sillabes met dieselfde graad van klem is 'n tradisionele spondee (/ /) of pyrrhee (⏑⏑) vir hierdie skrywer net nog 'n realisering van die jambe (⏑/). Dit beteken dat "hére wár" (vers 1), "bríngs mílk" (vers 4), "mén díe" (vers 9) en "máde ác(tive)" (vers 11) nie meer onderskei kan word as afwykinge van die metrum nie maar slegs getipeer kan word as een van die soorte realiserings van die jambiese

voet wat Hawkes onderskei. Hierdeur word die funksionele afwyking van die onderliggende jambiese patroon - wat juis bewerkstellig word deur die opeenhoping van klemtone in 'n spondee - egter nie duidelik in die skande= ring aangetoon nie. Die relevering van bepaalde woorde (in die gevalle hierbo here (vers 1), brings (vers 4), men (vers 9) en made (vers 11)), wat vooropgestel is as klemtone in metriese non-iktusse, word gevolglik ook nie duidelik in die skandering gereflekteer nie.

Die omgekeerde gebeur wanneer semanties onbeduidende woorde beklemtoon word in Chatman se metrum-bepaalde voete. Volgens Tarlinskaja se beginsels word sekere opeenvolgende sillabes onbeklemtoon gelaat. By Chatman en Hawkes - onderskeidelik weens die afdwingbare krag van die metrum, en weens die sterker fonetiese realisering van die tweede element in twee sillabes met dieselfde graad van klem - word sekere sillabes egter outo= maties beklemtoon wanneer hulle voorkom in metriese iktusse. Die volgen= de funksiewoorde word in die saknderings van Chatman en Hawkes beklemtoon maar by Tarlinskaja onbeklemtoon gelaat: of (vers 5), an (vers 8) en by (vers 11). Hierdie woorde - anders as like (vers 1), can (vers 7) en are (vers 7) wat hierbo bespreek is - regverdig egter nie klem nie, omdat hulle geen besondere informatiewe bydrae maak ten opsigte van die inter= pretasie van die gedig nie.

Die onderliggende metrum van 'n gedig is blykens die voorafgaande uit= eensetting nie 'n betroubare maatstaf vir die bepaling van metriese iktus nie: ôf gereleveerde woorde word onbeklemtoon gelaat, ôf semanties onbeduidende woorde word beklemtoon. Die implikasie hiervan is dat in die skandering van Chatman (1965) - waar daar nie meer onderskei word tussen meer as twee grade van klem nie - daar geen verskil gemaak word tussen 'n beklemtoonde vormwoord in 'n posisie van metriese non-iktus (brings (vers 4)) en 'n onbeklemtoonde funksiewoord in 'n posisie van metriese iktus nie (of (vers 5)). Alhoewel Hawkes al die bogenoemde gevalle sou tipeer as jambes, word daar darem in hierdie metrikus se beginsels 'n onderskeid gemaak tussen byvoorbeeld die sekondêr beklem= toonde brings (vers 4) en die swak beklemtoonde of (vers 5). Die nadeel van Hawkes se stelsel - juis omdat daar in die jambe soveel kombinasies van verskillende grade van klem gekombineer kan word - bly dan nog altyd dat afwykinge van die onderliggende metrum nie duidelik geregistreer word in die skandering nie.

Dit lyk asof Chatman (1965) se onderskeiding tussen sillabes met ver=skillende vokaalkwaliteite, en die gevolglike indeling van onbeklem=toonde en beklemtoonde sillabes in voete wat ŏf metrum-bepalend ŏf metrum-bepaald is, lei tot 'n skandering waarin die verskille tussen metrum en ritme uiteindelik geëlimineer word. Tog is daar - in vergelyking met die skandering van "In Time of War" volgens Tarlinskaja se beginsels - 'n paar gevalle waar afwykinge van die metrum duideliker geregistreer word in die skandering wat gegrond is op Chatman se beginsels vir die bepaling van metriese iktus. Vergelyk byvoorbeeld in vers 4 die trogeïese inversie van "thĕre is" (Chatman) met die reëlmatige jambiese lesing "There ĭs" (Tarlinskaja). Albei hierdie woorde is funksiewoorde maar <u>there</u> is 'n eensillabige woord met 'n ongereduseerde vokaal en sal daarom volgens Chat=man se onderskeiding groter klem dra as die reduseerbare kopula <u>is</u>. 'n Relevering van <u>there</u> sou die funksie van die gedeelte "There is a plan" as moontlike opsommende afsluiting vir strofe 1 ondersteun (vergelyk die bespreking van die funksie van enjambement in hoofstuk II:3 hierbo). 'n Gereleveerde <u>there</u> sou dus aanwysend fungeer ten opsigte van strofe 1. 'n Relevering van <u>is</u> in 'n reëlmatige jambiese skandering van dié twee sillabes sou egter eweneens funksioneel kon wees: dit sou die valse gerusstelling onderstreep van die onpersoonlike beplanning van die oorlog (strofe 1), en daardeur die kontras met die werklikheid van die oorlog=voering vir die "living men" (strofe 2) verskerp (vergelyk ook die be=spreking van die metaforiese taalgebruik in hierdie gedig in hoofstuk I:3.3). Albei die skanderings van hierdie twee sillabes - as trogeïese inversie of as reëlmatige jambe - is dus funksioneel in die gedig. Dit is 'n geval waar meerduidigheid in die skandering heenwys na die dubbele funksie wat die gedeelte "There is a plan" (vers 4) verrig: strofies hoort dit by strofe 1 maar sintakties is dit deel van strofe 2. 'n Be=klemtoning van <u>there</u> onderstreep die tipografies-formele verband met strofe 1; 'n beklemtoning van <u>is</u> onderstreep die sintaktiese verband met strofe 2. Die semantiese implikasies van hierdie verbindinge is reeds hierbo bespreek by die trogeïese en jambiese lesings van "there is".

Anders as die trogeïese inversie van "Thĕre is" in vers 4, is die trogeïese inversie van die tweede voet in vers 9 myns insiens nie funksioneel nie. Vergelyk hier duidelikheidshalwe weer die skandering van die eerste drie woorde in vers 9:

(11) v. 9. B͡ut ͡ideas c͡an ...

(Tarlinskaja)

* 9. ⏑ / / ⏑
But ideas can ...

(Chatman)

Dit is sinvol dat daar 'n klem sal wees op sowel ideas as can (Tarlinskaja) - die eerste is 'n vormwoord en die tweede sal sinsaksent kry. Dit is egter hoogs onwaarskynlik dat albei die lettergrepe van ídeás beklemtoon sal wees (Chatman). Indien sillabes afsonderlik bekyk word in voete, is die jambe gevolg deur 'n trogee (Chatman) egter heeltemal moontlik: in die kombinasie a^1 + c van die eerste voet val die klem op die ongeredu= seerde vokaal c; in die kombinasie van die tweede voet val die klem op die tweede lettergreep van die meersillabige vormwoord idéas. Selfs indien aangeneem word dat Chatman can in die tweede voet 'n sinsaksent sou gee, verval die twee moontlike klemtone op ídeás nie daarmee nie. Dit kom deurdat die eerste voet jambies gelees sal word as "meter-fixed".

Ten slotte: die gedetailleerde supra-segmentele analise van die metries-ritmiese struktuur van gedigte wat onderneem word deur strukturalisties-linguisties georiënteerde metrici bring ten opsigte van tradisionele benaderings 'n sekere mate van verfyning teweeg in die bepaling van metriese iktus en die herdefiniëring van veral die jambiese voet. 'n Skandering wat gebaseer is op hierdie strukturalisties-linguistiese beginsels bevestig in 'n groot mate die statistiese bevindinge van Tar= linskaja en die beginsels wat hierdie Russiese metrikus geabstraheer het uit sowel die linguistiese as die metriese data van die poësietekste wat ondersoek is. Ten spyte van die gesofistikeerde linguistiese apparaat van die strukturaliste word die moontlike invloed van die onderliggende metrum in die bepaling van klem vir linguisties problematiese gevalle egter in Chatman (1965) onoordeelkundig toegepas. Gevolglik word die verskil tussen die abstrakte metrum en die werklike ritme van die gedig daardeur verdoesel. Op dieselfde manier lei Hawkes (1962) se genuanseerde tipering van die jambe enersyds tot 'n geweldige verfyning van die beginsel van relatiewe klem wat gepropageer is deur tradisionele metrici soos Wimsatt en Beardsley (1959); andersyds laat die inkorporering van soveel alternatiewe binne die jambiese patroon baie min ruimte vir 'n signalering van funksionele afwykinge van die metrum. Funksionele afwykinge van die metrum word dan binne hierdie opvattinge byna uitsluitlik beperk tot lin= guisties bepaalbare primêre klem soos onder andere in Chatman (1965) se "meter-fixing feet"; sekondêre en tersiêre klem lei nie tot afwykinge van die metrum nie maar word eerder geaktualiseer volgens die eise van die

metrum soos onder andere in Chatman (1965) se "meter-fixed feet".

1.3 Transformasionele generatiewe grammatika en die bereëling van metriese versreëls - Morris Halle en Samuel Jay Keyser en hulle navolgers en kritici

1.3.0 Inleiding

Die generatiewe benadering tot die metries-ritmiese struktuur van die poësie word ingelui met Morris Halle en Samuel Jay Keyser se veel gede= batteerde studie oor die metriese beginsels in Chaucer se poësie (Halle en Keyser, 1966). Hierdie benadering, soos ook in gewysigde vorm uiteen= gesit in ander studies van Halle en Keyser (1971a, 1971b en 1972) asook in talle publikasies van ander generatiewe metrici, word "generatiewe metrum" ("generative metrics") genoem, omdat die navorsing in hierdie nuwe benadering volgens Ihwe (1975) direk of indirek voortspruit uit die uitbreiding van die fonologiese komponent van transformasionele generatiewe grammatika (hierna afgekort tot TG-grammatika). "The goal of such research in metrics ... is the construction of a 'theory of pro= sody' which is founded on the principles of TGG and whose terms naturally conform to the terms in the area of the phonological component, with its assumptions about the nature of the syntactic component" (Ihwe, 1975:367 - vergelyk die uiteensetting van die semantiese en sintaktiese komponente van 'n TG-grammatika in onderskeidelik hoofstuk I:1.5 en hoofstuk II:1 hierbo). Die term "generative metrics" word die eerste keer gebruik deur Beaver (1968 b) en soos volg gemotiveer in 'n latere studie: "The term 'generative' was appropriate ... because in analogy with generative grammatical theory, it attempted to make explicit and formal what had been implicit and informal in traditional prosody. It provided structural descriptions for verse lines, means of determining metricality and un= metricality, at least potentially a scale of degrees of metricality or complexity, and stylistic parameters" (Beaver, 1974:7). Ten einde, in terme van die bogenoemde oogmerke, 'n strukturele beskrywing te kan gee van metriese versreëls, is dit nodig om na te gaan wat die verhouding is tussen enersyds die metriese struktuur van die poësie en andersyds die linguistiese gegewens waardeur hierdie struktuur geaktualiseer word. Halle en Keyser (1972) gaan uit van die veronderstelling dat die digter, wanneer hy metriese verse skryf, sekere beperkinge ("constraints") in ag

neem ten opsigte van die keuse van sy woorde en frases. Beperkinge wat dan normaalweg nie geld vir die keuse van woorde en frases in standaard taalgebruik nie. Die skrywers erken dus die beginsel dat die metrum 'n ekstra patroonmatigheid superponeer op die reëls vir grammatikale taal= gebruik (vergelyk hierbo die uiteensetting in die inleiding tot hierdie hoofstuk). Sonder dat die aard van hierdie ekstra patroonmatigheid, soos uitgedruk in die ekstra beperkinge wat opgelê word aan die keusemoontlik= hede in standaard taalgebruik, eksplisiet geformuleer hoef te word, kan sowel die digter as die ervare poësieleser onderskei tussen 1) metriese en onmetriese versreëls en 2) minder en meer komplekse realiserings van metriese versreëls. Halle en Keyser (1972:218) stel dit so:

> We propose that the ability of readers and poets to judge verse lines as metrical or unmetrical, and as more or less complex, is due to their knowledge of certain principles of verse construction. This knowledge - much like the average speaker's knowledge of his language - is tacit rather than explicit. People when questioned may be unable to give a coherent account of the principles that they employ in making the above judgments of verse lines. It is, therefore, the task of the metrist to provide a coherent and ex= plicit account of this knowledge, just as it is the task of the grammarian to make explicit what it is that the fluent speaker of the language know about it.

Die skrywers veronderstel verder dat die bogenoemde kennis van die digter en/of poësieleser uit twee afsonderlike dele bestaan: enersyds die onder= liggende abstrakte patroon van die metrum en andersyds die reëls wat hierdie abstrakte patroon verbind aan konkrete versreëls. So onderskei Halle (1967:64) tussen "... the METER of a poem, which is a sequential pattern of abstract entities, and the MAPPING or ACTUALIZATION of this meter by concrete sequences of words, syllables, or sounds that make up the lines of the poem". Op 'n ander manier uitgedruk handhaaf hierdie onderskeiding 'n algemene veronderstelling wat ook in tradisionele en strukturalisties-linguistiese opvattinge oor die metries-ritmiese struk= tuur van die poësie gestel is: die verskil tussen enersyds 'n abstrakte metriese patroon vir 'n onbeperkte aantal versreëls en andersyds die werklike (ritmiese) aktualisering van hierdie metriese patroon in elke afsonderlike gedig en/of versreël. Trouens, Freeman (1969:195) wys daarop dat die generatiewe metrici hierdie fundamentele onderskeid ont= leen aan Jakobson (1960): "... prosodic analysis must take account of underlying metrical form (or verse design, in Jakobson's terms), the actualization of that form (verse instance), and the rules which relate these levels of representation in a grammar of prosody". Tereg kan

Beaver (1974:8) dus die volgende algemene stelling in hierdie verband maak: "All current versions of generative metrics (and, indeed of most forms of traditional metrics) assume the reality of an abstract metrical pattern, which is concretized by an arrangement of linguistic material to fit this pattern".

Die abstrakte metriese patroon waarop die meeste generatiewe metrici konsentreer, is die jambiese pentameter, wat in die Engelse poësie die oorwegende metriese patroon is vanaf Chaucer tot Yeats. (Vergelyk in hierdie verband ook Hawkes (1962) se argumente ten gunste van die jambe as die basiese metriese patroon hierbo in 1.2.2). In tradisionele uit= eensettings word die jambiese pentameter volgens Halle en Keyser (1972) gekarakteriseer as 'n "norm" met 'n lys van toelaatbare afwykinge van dié norm. Die skrywers grond hulle weergawe van tradisionele teorieë op Bridges (1921) se studie van prosodiese beginsels in die poësie van Milton. 'n Normale versreël geskryf in jambiese pentameter word gede= finieer as:

1) a decasyllabic line on a disyllabic basis and in rising rhythm (i.e. with accents or stresses on the alternate even syllables); and the disyllabic units may be called <u>feet</u> (Bridges, 1921:1 via Halle en Keyser, 1972:219).

Só 'n definiëring van die jambiese pentameter is egter veels te beperk, aangesien talle versreëls met hierdie metriese patroon afwykinge vertoon ten opsigte van: 1) die aantal sillabes, 2) die aantal klemtone en 3) die posisie van die klemtone in die versreël. Om hierdie rede moet Bridges (1921), en ander tradisionele metrici, volgens Halle en Keyser (1972) die bostaande definisie aanvul met 'n lys van toelaatbare afwykinge:

2) 1. unstressed foot (pyrrhic)
   2. heavy foot (spondee)
   3. initial foot inverted (trochee)
   4. verse-medial foot inverted (trochee)
   5. extra slack syllable inserted verse-medially
   6. dropping of verse-initial slack syllable (headless)
   (via Halle en Keyser, 1972:221)

Die uiteensetting wat gebaseer is op die norm in 1) en die toelaatbare afwykinge in 2) word dan deur Halle en Keyser benoem as "the standard theory of the iambic pentameter" (1972:221).

Generatiewe herdefiniërings van tradisionele metriese teorieë soos die

"standaard teorie van die jambiese pentameter" hierbo, kan gerieflikheids= halwe met Beaver (1974:7) benoem word as 1) die 'oorspronklike teorie' - Halle en Keyser (1966), 2) die 'uitgebreide oorspronklike teorie' (extended original theory') - Beaver (1971a, 1971b en 1974), 3) die 'hersiene teorie' ('revised theory') - Halle en Keyser (1971a en 1972). Hierdie teorieë, sowel as die alternatiewe voorstel van Magnuson en Ryder (1970), sal nie in chronologiese volgorde en ook nie volledig bespreek word nie. Soos by die uiteensetting hierbo in 1.1 en 1.2 van onderskeidelik tradi= sionele en strukturalisties-linguistiese opvattinge sal daar hoofsaaklik gekonsentreer word op twee linguistiese gegewens wat van deurslaggewende belang is in 'n betroubare deskriptiewe skandering van die metries-ritmiese struktuur van 'n gedig: 1) die bepaling van metries prominente sillabes en 2) die rangskikking van hierdie sillabes ten opsigte van metriese posisies in die versreël. Voordat hierdie twee aspekte in meer besonderhede hier= onder ter sprake kom in onderskeidelik 1.3.1 en 1.3.2, kan daar eers gelet word op Halle en Keyser (1971a:169) se herdefiniëring van die tradisionele weergawe van die jambiese pentameter in generatiewe terme:

(28) (a) ABSTRACT METRICAL PATTERN
(W) + S WS WS WS WS (X) (X)

where elements enclosed in parentheses may be omitted and where each X position may be occupied only by an unstressed syllable

(b) CORRESPONDENCE RULES
(i) A position (S, W, or X) corresponds to a single syllable
OR
to a sonorant sequence incorporating at most two vowels (immediately adjoining or separated by a sonorant consonant)

DEFINITION: When a fully stressed syllable occurs be= tween two unstressed syllables in the same syntactic constituent within a line of verse, this syllable is called a "stress maximum"

(ii) Fully stressed syllables occur in S positions only and in all S positions
OR
Fully stressed syllables occur in S positions only but not in all S positions
OR
Stress maxima occur in S positions only but not in all S positions

Sowel die abstrakte metriese patroon as die reëls vir die aktualisering van

hierdie patroon word dus geïnkorporeer in die Halle/Keyser-karakterisering van die jambiese pentameter hierbo in onderskeidelik (28)(a) en (28)(b). Volgens die eerste korresponderende reël in (28)(b)(i) hierbo word alle sillabes in die versreël - beklemtoond sowel as onbeklemtoond - geplaas in abstrakte metriese prosisies (S, W of X). Vergelyk:

(29) i. The curfew tolls the knell of parting day
W S W S W S W S W S

ii. And maps can really point to places
W S W S W S W S X

iii. son deurspoel word; elke blom word vrug,
(W) S W S W S W S W S

iv. my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
W S W S W S W S W S

W - metriese non-iktusse, dit wil sê die potensieel swak posisies in 'n jambiese metrum
S - metriese iktusse, dit wil sê die potensieel sterk posisies in 'n jambiese metrum
X - 'n ekstra metriese sillabe aan die einde van die versreël
(W) - 'n ongevulde metriese swak posisie aan die begin van die versreël
▽ - groepering van twee sillabes in 'n sonorante reeks in een posisie van die metrum

Verskeie alternatiewe realiserings van die reël vir die toekenning van sillabes (linguistiese eenhede) aan metriese posisies (abstrakte metriese entiteite) word geïllustreer in (29) hierbo: in (29)(i) word elke posisie van die abstrakte metrum gevul deur 'n sillabe; in (29)(ii) is daar 'n onbeklemtoonde ekstra metriese sillabe aan die einde van die versreël; in (29)(iii) word die eerste swak posisie van die metriese patroon nie gevul deur 'n sillabe nie - 'n voorbeeld van 'n koplose versreël dus; in (29)(iv) is daar twee sillabes in 'n sonorante reeks in een posisie van die metrum - die laaste twee sillabes van "eindelik" laat elisie toe en kan dus inge= deel word in een posisie van die metrum.

Die tweede korresponderende reël spesifiseer in watter posisies van die

metrum beklemtoonde sillabes mag voorkom (vir die doeleindes van die illustrasie kan voorlopig aangeneem word dat Halle en Keyser se "fully stressed syllable" ooreenstem met Tarlinskaja se sterk beklemtoonde sillabe (⊥)). Die versreël in (29)(i) hierbo is 'n voorbeeld van die eerste alternatief van (b)(ii):

(29) i.' The curfew tolls the knell of parting day
W S W S W S W S W S

Beklemtoonde sillabes kom slegs voor in S-posisies en alle S-posisies word gevul deur beklemtoonde sillabes. In tradisionele terme: alle metriese iktusse word geaktualiseer deur beklemtoonde sillabes in vol=maakte ooreenstemming met die eise van die onderliggende jambiese metrum. Alle metriese iktusse in 'n versreël word egter nie altyd geaktualiseer deur 'n beklemtoonde sillabe nie. Die tweede alternatief onder (28)(b)(ii) maak voorsiening vir so 'n geval:

(29) v. For living men in terror of their lives,
W S W S W S W S W S

Die onderstreepte S-posisie in (29)(v) word gevul deur 'n onbeklemtoonde preposisie, sodat slegs vier uit die vyf moontlike metriese iktusse of S-posisies in (29)(v) linguisties geaktualiseer word deur beklemtoonde sillabes. Sterk beklemtoonde sillabes kom egter nie altyd slegs voor in dié posisies van die metrum wat potensieel sterk is nie. Die laaste alternatief van (28)(b)(ii) spesifiseer onder watter omstandighede 'n sterk beklemtoonde sillabe mag voorkom in 'n metries swak posisie:

(29) vi. Flags on a map assert that troops were sent;
W S W S W S W S W S

Die beklemtoonde sillabe in die eerste swak posisie van die versreël is nie 'n geval van maksimale klem ("stress maximum") nie, aangesien dit nie voor=afgegaan word deur 'n onbeklemtoonde sillabe nie. Let wel: volgens die definisie van maksimale klem in (28) hierbo is nie alle sterk beklemtoonde sillabes ("fully stressed syllables") outomaties ook gevalle van maksimale klem ("stress maxima") nie. 'n Sterk beklemtoonde sillabe in 'n swak posisie van die metrum word dubbel onderstreep om aan te dui dat dit 'n meer gemarkeerde afwyking van die onderliggende metrum is as 'n ongereali=

seerde S-posisie wat enkel onderstreep is. 'n Maksimale klem in 'n W-posisie van die metrum signaleer 'n onmetriese vers:

(29) vii.

/		/	/	/	/	/
Ode	to	the West	Wind	by Percy	Byssche	Shelley
W S		W S	W	S W S	W	S (X)

Die sterk beklemtoonde sillabe van "Pércy" in 'n swak posisie is geplaas tussen twee ongerealiseerde S-posisies, dus twee onbeklemtoonde sillabes, en is daarom 'n voorbeeld van 'n maksimale klem in 'n W-posisie van die metrum. Vir hierdie moontlikheid word nie voorsiening gemaak in die reëls van (28)(b)(ii) nie.

Hiermee is geïllustreer dat die teorie van Halle en Keyser 1) kan onderskei tussen metriese en onmetriese versreëls en 2) voorsiening maak vir neutrale en komplekse realiserings van die abstrakte metriese patroon. Sowel die "norm" as die lys van toelaatbare afwykings van 'n tradisionele karakterisering van die jambiese pentameter word dus verduidelik en verklaar deur die prosodiese reëls van die voorgestelde generatiewe teorie van die jambiese pentameter. Die moontlikhede, voordele en tekortkominge van generatiewe benaderings soos dié van Halle en Keyser (1971a) kom hieronder volledige ter sprake ten opsigte van spesifieke aspekte van die teorieë. Vervolgens sal in 1.3.1 en 1.3.2 hieronder eerstens gelet word op generatiewe reëls vir die bepaling van metries prominente sillabes en vir die rangskikking van die sillabes ten opsigte van metriese posisies onderskeidelik.

1.3.1 Linguistiese spesifisering van metries prominente sillabes

1.3.1.1 Leksikale beklemtoning

Tot sover is gesien dat die kriteria vir die bepaling van metries prominente sillabes wissel tussen twee pole: óf 'n erkenning van die afdwingbare krag van die metrum (sommige tradisionele opvattinge - vergelyk 1.1.1 hierbo), óf 'n linguistiese fundering vir die signalering van metriese iktus (vroeë strukturalisties-linguistiese opvattinge - vergelyk 1.2.1 hierbo). Albei hierdie uitgangspunte kan lei tot 'n objektiewe bepaling van metriese prominensie: indien die onderliggende metrum geneem word as 'n maatstaf, word alle sillabes in metries sterk posisies (die S-posisies

in (28) hierbo) outomaties beklemtoon; indien die grammatikale reëls vir klemtoekenning fungeer as 'n maatstaf, word aan alle primêr beklemtoonde sillabes outomaties metriese prominensie verleen. Daar is egter reeds aangetoon dat geen van die bogenoemde uitgangspunte betroubare kriteria oplewer vir die bepaling van metriese iktus nie: met die metrum as maatstaf word meer klemtone aangedui as wat werklik ritmies gerealiseer word; met die grammatikale reëls vir klemtoekenning as maatstaf word nie alle metries prominente sillabes aangedui nie. Daar is ook gesien dat sommige metrici probeer om die linguistiese en metriese uitgangspunte met mekaar te kombineer: Tarlinskaja (1976a, 1976b) fundeer klemtoekenning linguistiese maar hou terselfdertyd rekening met metriese riglyne wat geabstraheer kon word uit 'n uitgebreide statistiese ontleding van metriese prominensie in Russiese en Engelse poësie; Chatman (1965) steun gedeeltelik op linguistiese beginsels maar val vir problematiese gevalle terug op die beslissingskrag van die onderliggende metrum.

Halle en Keyser (1966) gaan uit van die veronderstelling dat leksikale klem 'n linguistiese gegewe is wat deur die digter gebruik word in die signalering van metriese iktus. Metriese prominensie word dus uitsluitlik bepaal deur linguistiese kriteria en "... the poet does not violate the linguistic givens of his language but rather incorporates them into a metrical pattern which, while extra-linguistic in that the pattern is not a fact of the spoken language, is nonetheless perfectly compatible with the linguistic givens of the spoken language" (1966:188). Daar is 'n hele aantal linguistiese gegewens in verband met die beklemtoning van sillabes wat tot die beskikking is van 'n spreker van 'n taal. So byvoorbeeld is die primêre klem in 'n meersillabige woord soos "celéstial" vasgestel; samestellings soos "blâckbirds" het 'n sterker klem op die eerste sillabe. Ten opsigte van eensillabige woorde is dit vir die spreker van 'n taal vanselfsprekende kennis dat sekere woorde óf beklemtoond sal wees, óf anders baie min klem sal dra. Dit geld vir artikels soos <u>a</u> en <u>the</u> in "a new home/the old man", preposisies soos <u>of</u> of <u>in</u> in frases soos "of the people/in the house"; konjunksies soos <u>and</u> en <u>or</u>, pronomina soos <u>him</u>, <u>his</u>, ens. Daar is egter reeds hierbo gesien dat dié tipe linguistiese kennis wat Halle en Keyser hierbo uiteensit, allermins voldoende aanduidinge verskaf vir die bepaling van metries prominente sillabes: nie alle metries prominente sillabes word gedek deur die klem in meersillabige woorde of samestellings nie; verder is dit ook so

dat funksiewoorde soos die artikels, preposisies, konjunksies en pronomi= na hierbo genoem in bepaalde omstandighede metries prominent sou kon wees. Alhoewel die skrywers aanneem dat "in modern English ... a theory of stress placement may be taken for granted ..." (1966:191), gee hulle darem 'n vollediger uiteensetting van die reëls vir klem in Middel-Engels (vergelyk Halle/Keyser, 1966:191-196). 'n Belangrike reël wat die skrywers in hierdie uiteensetting bespreek, is die beginsel van "stress subordina= tion" (1966:191) in samestellings soos:

1 2 1 2 1 2
"brymstoon/greybound/cartwheel",

waar daar 'n graduele verskil gemaak word tussen die primêre klem in die dele van die samestelling - die skrywers stel dat die eerste sillabe in so 'n samestelling sterker klem sal dra as die tweede sillabe. 'n Mens het hier dus 'n geval waar gelet word op die relatiewe klemsterkte van sterk (Tarlinskaja (⊥)) en primêr (Chatman, 1956 (/)) beklemtoonde sillabes. Soos die geval was met die toepassing van die Trager/Smith-notasie in metriese analise (vergelyk 1.2.1 hierbo) is die verskil tussen primêre en sekondêre klem ("brýmstôon/gréyboûnd/cártwhêel") blykbaar ook metries signifikant in die generatiewe benadering van Halle en Keyser (1966). In frases waarin 'n adjektief gevolg word deur 'n nomen geld die beginsel van klemreduksie ("stress subordination") egter nie, sodat gelyke klem geregis= treer word in gevalle soos:

1 1 1 1
"the first prize/a useful book" (1966:192).

Tarlinskaja (1976b:80 - vergelyk hierbo in 1.1.1) het wel in die gediffe= rensieerde stelsel van klemtoekenning 'n verskil gemaak in groeperings van adjektief + nomen soos dié hierbo genoem: die sterk (⊥) klem van 'n sintakties ondergeskikte adjektief is verander tot 'n "weakened strong"(Ψ), indien só 'n adjektief voorgekom het in 'n swak posisie van die metrum. In die vereenvoudigde stelsel van klemtoekenning is die "level stress" van Halle en Keyser egter gehandhaaf. Halle en Keyser meen dat hulle uiteen= setting van die reël van klemreduksie verband hou met die plasing van sillabes ten opsigte van die metriese posisies in 'n versreël waarvan die onderliggende metrum die jambiese pentameter is. Dus: "These princi= ples of stress subordination account for the fact that a) the first syllable of compounds consisting of two monosyllabic words commonly occu= pies an even position, whereas b) any constituent of a syntactic unit that is not a compound noun, adjective or adverb may be found in an even or an odd position" (1966:192). Vergelyk:

(30) i. Out of the donghil cam that word ful right!
1 2
W S W S W S W S W S

ii. Oold fish and yonge flessh wolde I have fayne
1 1 1 1
W S W S W S W S W S

Halle en Keyser illustreer hiermee een van hulle basiese aannames, naamlik dat die digter die abstrakte metriese patroon gebruik om linguisties ge= skikte materiaal vir sy metriese patroon te selekteer. Die eerste sillabe van 'n samestelling is weens sy sterker klem geskik vir plasing in 'n S-posisie in die metrum; eensillabige adjektief/nomen-kombinasies is weens hulle gelyke klem geskik vir enige posisie in die metrum. Die verskil tussen die benaderinge van enersyds Tarlinskaja en andersyds Halle en Keyser is dat die metrum in een geval 'n invloed kan uitoefen op die klemsterkte van 'n linguisties beklemtoonde sillabe, terwyl die linguis= ties bepaalbare klem in die ander geval deurslaggewend is vir die plasing van sillabes in W- en S-posisies van die metrum. Volgens Tarlinskaja sal die sintakties ondergeskikte oold in die adjektief/nomen-konstruksie "oold flesh" in (30)(ii) hierbo swakker beklemtoon wees juis omdat dit voorkom in 'n W-posisie in die metrum; volgens Halle en Keyser sal adjektiewe en nomina in adjektief/nomen-konstruksies dieselfde graad van klem hê in W- en S-posisies van die metrum.

Halle en Keyser verklaar metriese prominensie dus uitsluitlik vanuit die grammatikale reëls vir klemtoekenning wat geldig is in standaard taal= gebruik. 'n Duidelike uiteensetting van 'n dergelike linguistiese funde= ring van metriese prominensie word gegee in Halle en Keyser (1971b:157):

> We assume that metrically significant stress is borne only by major category words, i.e. by nouns, verbs, adjectives, nonclitic adverbs (such as therefore, however) and verbal particles (such as up in eat up). All other classes of words are metrically unstressed, this is true of conjunctions, prepositions, pronouns, pronominal adverbs (such as is, are, have, etc.). We include among major category words any word with emphatic or contrastive stress. If a major category word has more than one stressed vowel only the main or full stress in the word is metrically significant, and we indicate this by marking the fully stressed vowel with the accent ´. Thus a word such as
>
> 1 3
> anticipate
>
> has two stressed vowels, of which only the antepenultimate is fully stressed since its stress is greater than the remaining stresses in the word. Only this stress is metrically significant. Notice that in a compound word like
>
> 1 2
> blackbird

both stresses would count metrically since both stresses are the full stresses within their respective words, namely black and bird.

Dit is hierdie stel reëls wat geldig is vir die hersiene Halle/Keyser-voorstel (1971a). Dit verskil van die reëls in die oorspronklike voor=stel (1966) veral ten opsigte van relatiewe klem: daar word nie meer onderskei tussen die sterk beklemtoonde sillabes van 'n saamgestelde woord nie en alle sillabes word vir metriese doeleindes geklassifiseer as õf beklemtoond õf onbeklemtoond. Hierdie suiwer linguisties gefun=deerde reëls vir die onderskeiding tussen metries prominente en metries nie-prominente sillabes kan vervolgens getoets word aan W.H. Auden se "In Time of War" (vergelyk ook die toetsing van tradisionele en struk=turalisties-linguistiese riglyne vir die bepaling van metriese iktus in hierdie selfde voorbeeld in 1 en 2 hierbo):

(11) vi. IN TIME OF WAR

1. Here war is simple like a monument
   W S W S W S W S W S

2. A telephone is speaking to a man
   W S W S W S W S W S

3. Flags on a map assert that troops were sent;
   W S W S W S W S W S

4. A boy brings milk in bowls. There is a plan
   W S W S W S W S W S

5. For living men in terror of their lives
   W S W S W S W S W S

6. Who thirst at nine who were to thirst at noon,
   W S W S W S W S W S

7. And can be lost and are, and miss their wives,
   W S W S W S W S W S

8. And unlike an idea, can die too soon
W S W S W S W S W S

* 9. But ideas can be true although men die,
W S W S W S W S W S

10. And we can watch a thousand faces
W S W S W S W S X

11. Made active by one lie:
W S W S W S

12. And maps can really point to places
W S W S W S W S X

13. Where life is evil now:
W S W S W S

14. Nanking; Dachau
W S W S

—— - 'n onbeklemtoonde sillabe in S-posisie
═══ - 'n beklemtoonde sillabe in W-posisie
═══ - 'n maksimale klem in W-posisie

Die bostaande skandering belig 'n hele paar tekortkominge in die reëls vir metriese verse in die Halle/Keyser-voorstelle (1971a, 1971b en 1972). Dit is in die eerste instansie onmiddellik duidelik dat linguisties bepaalde klem die belangrikheid van 'n sillabe in sowel W- as S-posisies van die mentrum ondubbelsinnig kan registreer. 'n Mens sou kon redeneer dat die Halle/Keyser-reëls vir beklemtoning sowel ooreenstemming met as afwyking van die metrum reflekteer. Dit is egter óók duidelik dat die Halle/Keyser-reëls nie voorsiening maak vir sekondêre klem in meersilla= bige hoofkategoriewoorde (vormwoorde) soos "monument/telephone" nie; die potensiële belangrikheid van eensillabige subkategoriewoorde (funk= siewoorde) soos can en are (vers 7) word eweneens geïgnoreer. Met Wimsatt (1970:201) kan 'n mens van sulke gevalle sê: "Metrical stresses disappear by the dozen". En met Standop (1975(1972):67) sou eweneens beweer kon word "that words of the so-called minor categories do not carry an unalter=

ably fixed stress, but may be differently stressed in different syntactic constructions. A metrical theory which ignores this and thus leads to inconsistent stress assignments immediately gives rise to grave doubts about its value". Die metriese prominensie van hierdie woorde kan dus moeilik met linguistiese reëls bepaal word en Halle en Keyser weier om vir sulke problematiese gevalle terug te val op 'n ekstra-linguistiese beginsel soos byvoorbeeld Chatman (1965) se "metrical set", wat vir hierdie skrywer - in ooreenstemming met tradisionele opvattinge soos dié van Wimsatt en Beardsley (1959) - die metriese gewig sal bepaal van die sillabes in "meter-fixed feet" (vergelyk hierbo in 1.2.1). In 'n antwoord op Wimsatt (1970) se kritiek op die skrywers se oorspronklike voorstel (Halle en Keyser, 1966) sê hulle tereg: "...a metrical theory which allows the meter to coerce us into departing from the 'linguistic rules of stress' and to tilt the linguistically given stress levels 'in favor of the meter' is virtually contentless, for by recourse to such tilting in favor of the meter almost any arrangement of linguistically given stresses may be rendered metrically acceptable" (Halle en Keyser, 1971b:162).

Dit is korrek dat die metrikus hom nie kan verlaat op die onderliggende metrum vir 'n betroubare onderskeiding tussen metries belangrike en metries onbelangrike sillabes nie. Dit is egter ook waar dat 'n problematiese versreël soos "So, if I dreame I have you, I have you" ook nie geskandeer kan word volgens die linguistiese reëls vir beklemtoonde sillabes wat Halle en Keyser (1966, 1971b) voorstel nie. Vergelyk hier weer die vers wat hierbo bespreek is in 1.2.1:

(19) viii. So, if I drēame I have you, I have you
W S W S W S W S W S

Die Halle/Keyser-reëls maak slegs voorsiening vir 'n klem op die verbum dreame, aangesien dit die enigste hoofkategoriewoord in die versreël is. Daar is egter reeds in 1.2.1 hierbo bevind dat die mees aanvaarbare en betroubare skandering vir hierdie vers verkry word uit riglyne vir klem wat aangevoer word deur Stein (1956a), Smith (1959) en Tarlinskaja (1976b). Vergelyk hier weer 'n rekonstruksie van die skandering wat verantwoord word deur die uitgangspunte van al drie hierdie metriste:

(19) viii.' / / / / /
So, if I dreame I have you, I have you
W S W S W S W S W S

Indien die tradisionele en strukturalisties-linguistiese skandering van (19) herskryf word in die Halle/Keyser-notasie, is dit duidelik wat die tekortkominge van (19)(viii) is in vergelyking met die skandering wat voorgestel is in (19)(viii)'. Indien gelet word op die relevering van woorde deur middel van klem, sonder die Halle/Keyser-skandering die verbum dreame uit as vooropgestel deur die metrum. In werklikheid moet volgens (19)(viii)' hierbo egter veel meer woorde omlyn word deur klem: so, dreame, have, en you. Indien daarby ook nog gelet word op die relevering van woorde deur middel van klemtone wat nie ooreenstem met die metrum nie, moet so en die tweede have ekstra gereleveer word. Hierdie gegewens is belangrike interpretatiewe leidrade wat nie af te lees is uit 'n skandering van die bogenoemde versreël volgens die "linguistic givens" van die taal nie. Alhoewel die skandering in (19)(viii) volkome metries is volgens die korresponderende reëls in (28) hierbo - dit word gedek deur die tweede alternatief onder (28)(b)(ii) - is dit nogtans nie vir interpretatiewe doeleindes 'n betroubare skandering nie. Die Halle/Keyser-reëls vir klem is dus slegs in 'n beperkte mate relevant vir metriese analise: dit kan onderskei tussen metriese en onmetriese versreëls, maar dit kan nie die verhouding tussen die onderliggende metriese patroon en die werklike ritmiese realisering van hierdie patroon korrek weergee nie.

Hierdie tekortkominge in die Halle/Keyser-reëls vir die bepaling van metries signifikante sillabes in W- en S-posisies in die metrum het natuurlik nie onopgemerk verbygegaan nie. Dit is onder andere vanuit 'n tradisionele hoek gekritiseer deur Wimsatt (1970) en Standop (1972). 'n Alternatiewe linguisties-gefundeerde skanderingsprosedure wat gegrond is op strukturalistiese in plaas van generatiewe beginsels is voorgestel in Hewitt (1972). Binne 'n transformasioneel-generatiewe raamwerk verskaf Magnuson en Ryder (1970) en Kiparsky (1975) die belangrikste teenvoorstelle. Die bogenoemde kritici verwerp die Halle/Keyser-reëls vir die bepaling van metries signifikante sillabes gedeeltelik of in die geheel. Daar is egter talle metrici wat die basiese aannames in sowel die oorspronklike as die hersiene teorieë van Halle en Keyser (1966 en 1971a onderskeidelik) aanvaar maar dan bepaalde aanvullende wysiginge daarin aanbring. Die belangrikste hiervan is die talle kritiese studies van Beaver, wat deur homself benoem word as die "extended original theory" (Beaver, 1974: 7), en waarin Halle en Keyser se kriteria vir leksikale klem aangevul word met verskeie reëls vir sins- of fraseklem. Voordat ingegaan word op

Beaver se versie(s) van die Halle/Keyser-voorstelle kan daar eerstens gelet word op enkele aanvullings wat gemaak word ten opsigte van die Halle/Keyser-reëls vir leksikale klem.

Halle en Keyser (1966) is nie heeltemal onbewus van die potensiële belangrikheid van subkategoriewoorde nie. In 'n terloopse opmerking sê die skrywers: "It is ... true that contextual factors may provide a guide as to stress of minor category words" (1966:202). Hierdie kontekstuele faktore word egter nêrens gespesifiseer nie, sodat die gevaar van 'n subjektiewe interpretasie deur verskillende lesers en/of metrici nie uitgesluit is nie. Die skrywers sou waarskynlik besef het dat pronomina soos you in (19)(viii) of we in (11)(vi) kontekstueel belangrik is. Freeman (1968:85) verdedig in 'n voetnoot 'n soortgelyke standpunt: "Occasionally, where the rhetorical structure of a line seems to require it, I have allowed pronouns to carry major stress". Die enigste toevoeging ten opsigte van pronomina kom egter van Guéron (1974:77), wat pronomina in vraagkonstruksies saam met uitroepe insluit onder hoofkategoriewoorde (vergelyk in hierdie verband ook die riglyne van Tarlinskaja (1976b) in 1.1.1 hierbo). Beaver (1969:259) klassifiseer saam met adverbia van wyse (veral dié wat afgelei is van adjektiewe) ook aanwysende pronomina ("deictic pronouns") as hoofkategoriewoorde. Dergelike toevoeging los egter nog nie die probleem op van die onbeklemtoonde pronomina in (11)(vi) en (19)(viii) hierbo nie. Kiparsky (1975:597) spesifiseer onder watter omstandighede meersillabige preposisies soos upon, over, under, ens. beklemtoond sal wees in die metrum: "...the stress on prepositions is disregarded metrically when they are in construction with a noun phrase, but taken into account when they occur in isolation". In 'n frase soos "against Drýden" sal die leksikale klem op die preposisie metries onbelangrik wees. Wanneer dit egter voorkom voor 'n onbeklemtoonde sillabe, sal dit wel metries signifikant wees, soos byvoorbeeld in "agáinst me". 'n Spesifisering van die omgewing van subkategoriewoorde vir die bepaling van metriese prominensie is belangrik, maar Kiparsky se toevoeging los nog nie die probleem op van eensillabige preposisies wat dalk metries belangrik mag wees nie. Coetzee (1972:104-107) bespreek 'n versreël uit Van Wyk Louw se "Ons wil moet blink wees", waarin sommige van die preposisies duidelik metries prominent behoort te wees:

(31) Ons wil moet blink wees, buigsaam soos die staal,
een helder drif, een lem, een straal

vanuit die brein, die skouer, die taaie digte
vlegsel van die spiere en armgewrigte
tot in die koel punt van die mes

Coetzee se skanderingsbeginsel van verplasing van heffings wat deur die metrum vereis word, waardeur dit moontlik word om die preposisies tot en in in (31) hierbo albei te beklemtoon, kan nie onderskryf word nie (vergelyk die kritiek op Coetzee in hierdie verband in 1.1.1 hierbo). Dit is nietemin duidelik dat tot en in albei kontekstueel belangrike woorde is, omdat dit die kulminasiepunt aandui van die voorafgaande verse. Nóg 'n suiwer linguistiese beredenering (Halle en Keyser), nóg 'n terug=val op die sterk posisies in die metriese patroon (Wimsatt en Beardsley, Chatman (1965)) lewer egter betroubare kriteria op vir die vasstelling van klem op subkategoriewoorde soos pronomina en preposisies.

'n Belangrike aanvulling tot die reëls vir klem in die Halle/Keyser-voorstelle is dié van Hascall (1969, 1970):

> Rhyming rule - If a word is rhymed, the syllable which carries the rhyme is considered to have full stress, whether or not it has linguistic stress.
> (Hascall, 1969:363; 1970:139).

Die klankstruktuur van 'n gedig sou dus 'n medebepalende faktor kon wees in die vasstelling van metries prominente sillabes. Volrym aan die einde van die versreël, veral as dit 'n duidelik gereleveerde klankherhalings=patroon is soos in W.H. Auden se "In Time of War", sou 'n objektiewe maatstaf kon wees vir die bepaling van klem ten opsigte van sekere pro=blematiese gevalle. In (11)(vi) hierbo sou Halle en Keyser se onvoldoende aanduiding van metriese prominensie aangevul kon word ten opsigte van vers 1, 13 en 14:

(11) vii. 1. Here war is like a monument
W S W S W S W S

3. Flags on a map assert that troops were sent;
W S W S W S W S W S

13. Where life is evil now:
W S W S W S

14. Nanking; Dachau
W S W S

Hascall se "rhyming rule" kan toepasbaar gemaak word op enersyds die sekondêr, tersiêr of swak beklemtoonde sillabes van meersillabige woorde en andersyds ook afgedwing word op onbeklemtoonde eensillabige funksie= woorde. In (11)(vii) hierbo word die sekondêre klem in "monumênt", die tersiêr of dalk swak klem in "Dachâu" en die onbeklemtoonde "nów" volgens hierdie reël almal metries prominent gemaak. Dit bring die Halle/Keyser-skandering in (11)(vi) vir "mônumênt" (vers 1) en "nów" (vers 13) in oor= eenstemming met die Tarlinskaja-skandering in (11) - vergelyk 1.1.1 hierbo. Hascall se beklemtoning van "Dâchâu" (vers 14) is egter selfs 'n toe= voeging tot die skandering van Tarlinskaja - tot sover die volledigste en mees verantwoorde skandering van hierdie gedig van Auden. Dit is sinvol dat hierdie woord maksimaal beklemtoon sal word, aangesien Nanking en Dachau pas aan die einde van die gedig die werklike inhoud onthul van die vergelyking in vers 1, waar oorlog gesien word as 'n monument (vergelyk die bespreking van die metaforiese taalgebruik van hierdie gedig hierbo in hoofstuk I:3.3). Die feit dat hierdie twee woorde geïsoleerd voorkom in die laaste vers van die gedig, en die feit dat "Dâchâu" maksimaal be= klemtoon word deurdat albei sillabes metries prominent gemaak word, sou myns insiens retrospektief ook maksimale beklemtoning vereis vir "Nânkîng". Die implikasies van Hascall se toevoeging is duidelik: as die klankstruk= tuur van 'n gedig medebepalend sou kon wees vir die signalering van metrie= se prominensie, is daar geen rede om aan te neem dat die sintaktiese en die metaforiese struktuur van 'n gedig nie dieselfde funksie sou kon verrig nie. Hierdeur word 'n belangrike leemte uitgewys in die skanderings= riglyne van alle metrici wat tot sover bespreek is: alle relevante aspekte van die struktuur van 'n gedig moet in ag geneem word by die bepaling van metriese prominensie. Dit beteken dat enige sillabe of woord wat meta= fories, sintakties of klankmatig vooropgestel is (vergelyk die uiteenset= ting in hoofstuk I, II en III hierbo), metries prominent sal wees in W- of S-posisies van die metrum. Selfs die skanderingsriglyne van Tarlinskaja (1976a, 1976b) - tot sover die metrikus wat sowel linguistiese as metriese prinsipes behoorlik verantwoord het - moet aangevul word in hierdie opsig.

Hierbo is reeds daarop gewys dat Halle en Keyser (1966:202) opmerk dat subkategoriewoorde metriese prominensie sou kon verkry weens kontekstuele faktore. Die enigste ander voorsiening wat binne hulle reëls gemaak word vir die moontlike beklemtoning van subkategoriewoorde is emfatiese ("con= trastive") klem: "We include among major category words any word with

emphatic or contrastive stress" (Halle en Keyser, 1971b:157). Hiermee is die moontlikheid van 'n subjektiewe en/of arbitrêre toekenning van emfatiese klem ingebou in hulle andersins suiwer linguistiese bepaalbare riglyne vir klemtoekenning. Veral wanneer emfatiese klem 'n versreël moet vrywaar van 'n onmetriese tipering, lyk dit asof die toekenning daarvan slegs fungeer om 'n leemte in die verklarende waarde van hulle reëls te verberg. Vergelyk die skandering van die volgende vers:

(32) * i. If I lose thee, my loss is my love's gain
W S W S W S W S W S

ii. If I lose thee, my loss is my love's gain
W S W S W S W S W S

In (32)(i) is die reël onmetries, omdat die sterk beklemtoonde verbum lose in 'n W-posisie van die metrum voorkom tussen twee onbeklemtoonde pronomina. Dit is dus 'n maksimale klem ("stress maximum") in 'n W-posisie en oortree die derde alternatief in (28)(b)(ii), waar gespesifiseer word dat maksimale klemtone nie mag voorkom in W-posisies van die metrum nie. Indien thee egter emfatiese klem kry soos in (32)(ii) is die reël metries, aangesien beklemtoonde sillabes wel mag voorkom in W-posisies in ooreenstemming met die derde alternatief van (28)(b)(ii). Magnuson en Ryder (1970:794) wys op die gevaar van subjektiwiteit in Halle en Keyser (1966) se aanwending van emfatiese klem in die skandering van Chaucer se poësie: "This sort of statement is the death of metrics. What Chaucer put into his iambic matrix is one thing, subject to one clear and unambiguous set of rules, which it is our task to discover. How one reads it and interprets it is another thing, subject to variations of interpretation ...". Halle en Keyser (1971b:174) wys egter daarop dat die kontekstuele aanduidinge baie sterk moet wees voordat 'n woord emfatiese klem kan kry. Die reël uit (32) hierbo kom volgens die skrywers uit 'n sonnet waarin pronomina nie minder as vyf-en-dertig keer gebruik word nie, en waarin die opposisie tussen die protagoniste I, you en she belangrik is. Hierdie tipe kontekstuele aanwysings is dan vir die skrywers "...precisely the conditions under which contrastive stress can be called into play..." (1971b:174). In (11)(vi) hierbo - waar die Halle/Keyser-reëls vir klemtoekenning getoets is aan die Audensonnet - sal die pronomen we in vers 10 waarskynlik om kontekstuele redes emfatiese klem kan kry: dit kontrasteer met die "living men" van die oktaaf. Ook in

vers 9 van (11)(vi) sou kontekstuele redes aangevoer kon word vir emfa= tiese klem op can: die kontrasterende konstruksie tussen die konjunksies but/although maak die klem op can 'n sterk moontlikheid in "But ideas can be true although men die". Indien die kontrasterende klem op can geregverdig is, beteken dit dat vers 9 nie meer onmetries sal wees in 'n Halle/Keyser-skandering nie. Vergelyk die skandering van vers 9 in (11)(vi) met 'n skandering van dieselfde vers waar kontrasterende klem wel in berekening gebring word:

(11) vi.* a) 9. But ideas can be true although men die
W S W S W S W S W S

b) But ideas can be true although men die
W S W S W S W S W S

Die kontrasterende klem op can voorkom 'n maksimale klem in die tweede W-posisie van die vers, sodat (11)(vi)(b) 'n volkome metriese versreël is. Dit spreek vanself dat kontrasterende klem nie arbitrêr aangewend mag word net om 'n foutiewe skandering van 'n metriese vers as onmetries reg te stel nie. Die toekenning van emfatiese klem in (32)(ii) en (11)(vi)(b) hierbo kan egter ook gemotiveer word vanuit die vereiste wat Beaver (1969) stel vir die toepassing van die opsionele reël, waardeur emfatiese klemtone metries signifikant kan wees. Vergelyk: "If the status of contrastive stress is metrically unique ... it would appear to be due to the fact that such stress is assigned, not by lexical stress rules, and not by rules of the phonological cycle determining the stress pattern of the phrase within which the syllable in question occurs, but by some later rule, possibly optional, operating across constituent boundaries and adding stress in accordance with an output constraint, namely, the exis= tence of some semantically or grammatically contrasting item of the same category present in another phrase, though that phrase may have been deleted by transformation and not present in the surface structure" (1969: 260). In 'n poging om die subjektiewe element in die toekenning van emfatiese klem uit te skakel, onderskei Beaver (1969) verder tussen ener= syds emfatiese klem, wat willekeurig toegeken of onderdruk kan word in individuele voordragte van verskillende lesers en andersyds kontrasterende ("contrastive") klem, wat baie moeilik onderdruk sal kan word. Beaver (1969) probeer op dié manier onderskei tussen respektiewelik 'n opsionele

en 'n verpligte reël: die eerste sou onbruikbaar wees in die signalering van metriese prominensie; die tweede sou metries relevant wees. Kontrasterende klem kan dan 'n metries relevante faktor wees in die signalering van klem op funksiewoorde, aangesien sommige woorde volgens Beaver (1969) altyd die semantiese implikasie van kontras het. Woorde soos other, further, die vergrotende en oortreffende trappe van vergelyking van adjektiewe en adverbia, en same is semanties gemerk vir kontras maar word nie altyd in 'n kontrasterende funksie gebruik nie. Sommige woorde is weer nie semanties gemerk vir kontras nie maar "... belong to closed subclasses so small that they may be said to have high semantic potential for contrastive stress - for example, pronouns, modals, affirmation and negation morphemes, quantifiers like much, many, and so forth" (Beaver, 1969:263 - 264). Dit is dan veral hierdie laaste klas wat deur kontrasterende klem gepromoveer sou kon word tot metriese prominensie. Aangesien die belangrikheid van die kontekstuele faktore vir die toekenning van kontrasterende klem nog altyd berus by die oordeel van die metrikus, kan die subjektiewe element egter, ten spyte van die bogenoemde poging tot klassifikasie, nie geëlimineer word nie. Beaver (1969:268) kom uiteindelik, na 'n ondersoek van die voorkoms van kontrasterende klem in verskeie metriese posisies, tot die volgende gevolgtrekking: "...contrastive stress occupies a linguistic status intermediate between optional performance rules and more deeply determined phonological rules".

Die toekenning van kontrasterende klem is dus slegs in 'n beperkte mate 'n metries relevante faktor: dit kan nie suiwer objektief bepaal word nie, en dit kan bowendien nie alle subkategoriewoorde beklemtoon wat metries prominent is nie. In die Audengedig (vergelyk (11)(vi) hierbo) is daar wel 'n hele aantal subkategoriewoorde wat sou kon kwalifiseer vir kontrasterende klem: nine (vers 6) as die teendeel van noon in dieselfde vers; were (vers 6) omdat dit 'n toevoeging is tot die korresponderende eerste gedeelte van vers 6; can en are (vers 7) omdat albei woorde lost (vers 7) nader spesifiseer; can (vers 9) en we (vers 10) om redes wat reeds hierbo bespreek is; one (vers 11) omdat dit kontrasteer met thousand (vers 10). Alhoewel 'n hele aantal kontekstueel belangrike subkategoriewoorde metriese prominensie verkry weens kontrasterende klem, is daar in die skandering van (11)(vi) egter nog 'n hele paar sillabes wat - in vergelyking met die skandering volgens Tarlinskaja se beginsels in (11) hierbo - steeds onbeklemtoond gelaat word: like (vers 1), (tele)phone

(vers 2), is (vers 4), un(like) (vers 8) en (al)though (vers 9). Die Halle/Keyser-reëls vir leksikale klem, met enkele toevoeginge deur ander generatiewe metrici soos onder andere Hascall (1969, 1970) en Beaver (1969), is dus onvoldoende vir die bepaling van metriese prominensie. Voordat die relevansie van reëls vir frase- of sinsklem bespreek word, kan die Halle/Keyser-konsep van maksimale klem ("stress maximum") eers van nader bekyk word.

'n Maksimale klem is aanvanklik (Halle en Keyser, 1966) getipeer as 'n sillabe wat relatief meer beklemtoond is as die twee sillabes aan weerskante daarvan. Die groot vernuwing wat sō 'n tipering van 'n maksimale klem bring, is dat die omgewing van 'n metries prominente sillabe uitgebrei word na drie sillabes. Dit dan in teenstelling tot alle metriese teorieë wat die jambiese pentameter verdeel in vyf voete en wat dan die relatiewe klem van 'n metriese iktus bepaal in verhouding tot slegs die sillabe wat direk daaraan voorafgaan. Vergelyk die verskil tussen die volgende twee skanderings:

(33) i. When to the sessions of sweet, silent thought
x - / x - / x - / x - / x -

ii. When to the sessions of sweet silent thought
W S W S W S W S W S

In (33)(i) is die beginsel van relatiewe klem (Wimsatt en Beardsley, 1959) telkens slegs toegepas op elke afsonderlike voet. Hiervolgens is elke tweede sillabe in 'n voet relatief sterker beklemtoond as dié sillabe wat onmiddellik daaraan voorafgaan. In 'n tradisionele skandering maak dit dus nie saak of die linguisties beklemtoonde sweet in die swak posisie van die vierde voet sterker beklemtoond is as die funksiewoord of in die sterk posisie van die derde voet nie. Vergelyk hier weer die volgende uitspraak van Wimsatt en Beardsley (kyk 1.1.1 hierbo vir 'n illustrasie van hulle skanderingsbeginsels): "... the slack of a given foot (in hierdie geval sweet in die vierde voet in (32)(i)) can be stronger than the stress of the preceding foot (in hierdie geval of in die derde voet in (32)(i))" (1967(1959):107). Die groter noukeurigheid van die Halle/Keyser-skandering is onmiddellik duidelik: of word nie beklemtoon nie, omdat die linguisties beklemtoonde hoofkategoriewoord sweet aan die regterkant daarvan 'n sterker klem dra as die onbeklemtoonde subkategoriewoord of. Die definiëring van

'n maksimale klem as 'n relatief sterker beklemtoonde sillabe in verhouding tot die twee sillabes aan weerskante daarvan maak 'n geforseerde realisering van die onderliggende metriese patroon onmoontlik. In 'n Halle/Keyser-skandering waar die beginsel van maksimale klem geld, sal 'n swak of onbeklemtoonde sillabe nooit gepromoveer word tot klem en 'n sterk beklemtoonde sillabe ook nooit gedemoveer word tot 'n "swak" aktualisering daarvan nie. 'n Verdere voordeel van die Halle/Keyser-skandering is dat die verhouding tussen die onderliggende metrum en die werklike linguistiese aktualisering van hierdie metriese patroon gereflekteer kan word. Die skandering in (32)(ii) maak naamlik voorsiening vir die volgende metries-ritmiese gegewens: die onderliggende metriese patroon van die jambiese pentameter is verteenwoordig in die WS-posisies onder elke sillabe; die linguistiese realisering van hier= die patroon word bokant die versreël aangedui deur beklemtoonde sillabes te merk met die aksentteken (/); afwykinge van die metriese patroon word aangegee deur die enkel onderstreping van onbeklemtoonde S-posisies en die dubbel onderstreping van die beklemtoonde W-posisies. Hierdie aspek van die Halle/Keyser-skandering kom weer hieronder vol= lediger ter sprake in 2.

Die beginsel van relatiewe klem oor die grense van die voet heen word deur Beaver (1968a) in meer besonderhede uitgewerk. Hy pas Chatman (1965) se kategorieë van sillabes met verskillende vokaalkwaliteite aan om die Halle/Keyser-konsep van maksimale klem te spesifiseer. Chatman (1965) se kategorieë word soos volg geïnkorporeer in die defi= niëring van maksimale klem:

a) full-voweled monosyllabic words with non-reducible vowels (e.g. "straight", "bright", etc.)
b) reducible full-voweled monosyllabic words ("a", "to", "shall", "you", "it", "can", etc. In general, most non-lexical monosyllabic words can reduce the vowel coloring to /ɨ/.
c) stressed syllables of polysyllabic words
d) full-vowelled unstressed syllables in polysyllabic words
e) unstressed syllables in polysyllabic words with reduced vowels

> We now assume that a syllable of type a or c, preceded and followed by syllables of types b,d, or e will constitute a stress maximum, unless a syntactic juncture intervenes ... we will maintain that if a major syntactic boundary intervenes between two metrical positions, neutralization occurs, which is to say, the adjacent positions cannot carry stress maxima ...
>
> (Beaver, 1968a:312)

Die veronderstelling dat 'n maksimale klem gedefinieer moet word binne die grense van 'n sintaktiese snit, word oorgeneem uit Halle en Keyser (1966:202-203). Die skrywers stel dat neutralisasie van klem plaasvind wanneer twee klemtone geskei word deur 'n sintaktiese grens (gewoonlik aangedui deur 'n leesteken). Hierdie beginsel is 'n linguistiewe gegewe: " ... it is a fact about the rules of English stress placement that they operate within but not across major syntactic breaks. Thus stress subordination will be found within major categories but not across major syntactic breaks. For this reason, it is only at "pauses" (Jespersen, 1900) that one will find two equal stresses back to back, i.e. absence of stress subordination" (Halle en Keyser, 1966:203). Die belangrikste uitkoms van die erkenning van die beginsel van relatiewe klem binne 'n sintaktiese snit is die feit dat hierdeur gestipuleer kan word onder watter omstandighede 'n beklemtoonde sillabe mag voorkom in 'n W-posisie van die metrum. Beaver (1968a:312) se aanvulling van maksimale klem toegepas op (33)(ii) hierbo, lyk dan so:

(33) iii.

			+							
			/			/		/		/
When	to	the	sessions	of	sweet,		silent		thought	
	b	b	b	c	d	b	a		c	e	a
	W	S	W	S	W	S	W		S	W	S

\+ - 'n maksimale klem ("stress maximum")

Soos blyk uit (33)(iii) hierbo is daar volgens die Halle/Keyser/Beaver-reëls vier beklemtoonde sillabes maar slegs een maksimale klem. Die versreël is dus - ten spyte van die afwykinge van die metrum - volkome metries binne die Halle/Keyser-sisteem, wat die beperking stel dat geen maksimale klem mag voorkom in 'n W-posisie van 'n jambiese versreël nie. Let op die verskil tussen respektiewelik 'n tradisionele en 'n generatiewe skandering van die bogenoemde versreël: Wimsatt en Beardsley (1959) sou redeneer dat die beklemtoonde sweet in 'n metriese non-iktus nie die jambiese patroon versteur nie, omdat klemreduksie plaasvind onder die invloed van die metrum; Halle/Keyser (1966) en Beaver (1968a) sou redeneer dat die versreël volkome metries is, omdat klemreduksie nie werksaam is oor 'n sintaktiese grens nie en die linguisties beklemtoonde sweet dus nie 'n maksimale klem kan wees in 'n W-posisie van die metrum nie.

Die probleem met die eerste definisie van maksimale klem, waar die

beginsel van relatiewe klem ondersteun is, is dat opeenvolgende sterk beklemtoonde sillabes nie altyd geskei word deur 'n sintaktiese grens nie. 'n Vers soos Chaucer se

(34) * With this quyksilver, shortly for to sayn
W S W S W S W S W S

het dus 'n maksimale klem in die tweede W-posisie, omdat die sterk klem op "silver" swakker is as die sterk klem op "quick...". Die vers sal om hierdie rede onmetries wees volgens Halle en Keyser se korresponderende reëls, aangesien daar 'n maksimale klem voorkom in 'n W-posisie van die metrum. Dergelike gevalle dwing Halle en Keyser om 'n herdefiniëring te gee van maksimale klem:

> DEFINITION: When a fully stressed syllable occurs between two unstressed syllables in the same syntactic constituent within a line of verse, this syllable is called a "stress maximum" (Halle en Keyser, 1971a:169).

Weens hierdie herdefiniëring van die voorwaardes of sillabiese omgewing vir maksimale klem staan latere versies van die Halle/Keyser-teorie (1971a,1971b en 1972) bekend as die 'hersiene teorie' ('revised theory' - vergelyk Beaver, 1974:7). Slegs twee grade van klem word onderskei: beklemtoonde en onbeklemtoonde sillabes. Gevalle soos (34) hierbo sal dan natuurlik nie meer onmetries wees nie, omdat die beklemtoonde sillabe van "quicksilver" nie voorkom tussen twee onbeklemtoonde sillabes nie. Gevalle soos (33)(iii) sal ook sonder 'n sintaktiese breuk tussen sweet en silent metries wees, aangesien " the back-to-back primary lexical stresses presumably neutralize each other" (Beaver, 1971a:186). Die tekortkominge van die Halle/Keyser-reëls vir klem in die bepaling van metriese prominensie is reeds hierbo bespreek. Van belang is egter die verklarende waarde wat die skrywers opeis vir hulle nosie van 'n maksimale klem.

Dit is in die eerste instansie moontlik om te onderskei tussen 'n metriese en 'n onmetriese versreël. Dit is ook moontlik om te onderskei tussen minder en meer komplekse realiserings van die jambiese pentameter. Vergelyk die volgende drie voorbeelde:

(35) * i. Ode to the West Wind by Percy Bysshe Shelley
W S W S W S W S W S X

```
                                  +       +       +
                 /    /    /      /       /       /
ii.  O Wild West Wind, thou breath of Autumn's being
     W  S    W    S     W    S    W   S  W    S X

                +      +       +       +
                /      /       /       /       /
iii. The curfew tolls the knell of parting day
      W   S  W    S    W    S    W   S   W   S
```

Die eerste is onmetries, omdat daar 'n maksimale klem in 'n W-posisie is. Die tweede en derde is albei metriese versreëls maar met 'n verskil in die realisering van die jambiese pentameter. Die tweede is meer kom= pleks, omdat daar 'n beklemtoonde sillabe voorkom in die tweede W-posisie van die versreël. Die derde is 'n absoluut neutrale realisering van die jambiese pentameter, omdat elke S-posisie gerealiseer word deur 'n beklem- toonde sillabe en verder omdat daar geen beklemtoonde sillabe voorkom in 'n W-posisie in die metrum nie. Die minder en meer komplekse realiserings van die jambiese pentameter hou direk verband met die toelaatbare afwykinge wat in tradisionele teorieë uitgedruk is in terme van metriese voete. Hierdie aspek van die maksimale klem kom daarom hieronder ter sprake in 1.3.2.

Daar kan ten slotte hier nog net gelet word op die grootste aantal maksi= male klemtone wat kan voorkom in die mees neutrale realisering van die jambiese pentameter. Vergelyk hier weer (35)(iii) hierbo:

```
                +      +       +       +
                /      /       /       /       /
(35) iii. The curfew tolls the knell of parting day
           W   S  W    S    W    S    W   S   W   S
```

Omdat daar geen onbeklemtoonde lettergreep volg na die laaste beklem= toonde S-posisie nie, is dāy nie 'n maksimaal beklemtoonde sillabe nie. Trouens, die laaste S-posisie in 'n jambiese reël kan alleen maksimaal beklemtoon wees, indien die versreël eindig op 'n ekstra metriese sillabe:

```
                +       +      +   +      +
                /       /      /   /      /
(35)  iv. Die jaar word ryp in goue akkerblare
           W    S    W   S   W  S W S  W   S X
```

Die onderskeiding wat as gevolg van die definiëring van die maksimale klem getref word tussen die neutrale realiserings van die jambiese versreëls in (35)(iii) en (35)(iv) hierbo is geforseerd. Om watter rede sou 'n vers wat

eindig op 'n S-posisie in die metrum minder maksimale klemtone registreer as 'n vers wat eindig op 'n ekstra metriese sillabe? Halle en Keyser bespreek die jambiese pentameter, wat gewoonlik voorgekom het in rymende verse. Moet 'n mens volgens hulle toekenning van maksimale klem in rymende verse aflei dat die manlike rymsillabe in 'n neutrale jambiese versreël minder beklemtoond is as die vroulike rymsillabe in 'n feitlik neutrale aktualisering van die jambiese pentameter? Dit lyk asof die skrywers hier nie rekening gehou het met die releverende funksie van 'n belangrike struktuuraspek in poëtiese taalgebruik nie (vergelyk hoofstuk III hierbo vir 'n uiteensetting van die funksie van klenkherhalingspatrone in die poësie). Selfs indien die laaste beklemtoonde sillabe in 'n S-posisie nie versterk word deur rym nie (vergelyk die bespreking van Hascall (1969, 1970) se "rhyming rule" hierbo in hierdie verband), is daar nog geen rede om aan te neem dat só 'n metries prominente sillabe relatief minder beklemtoond sal wees as die beklemtoonde sillabes in die eerste vier S-posisies van 'n versreël geskryf in jambiese pentameter nie. Hierdie tekortkoming van die Halle/Keyser-spesifisering van maksimale klem is onder andere gekritiseer deur Bailey (1975a:19): "There is nothing in the prosody of the English language which requires that the first or last syllable of a word or phrase connot be perceived as bearing a perceptible strong stress ...". Trouens, Bailey (1975a:29) bevind - na 'n statistiese analise van die jambiese tetrameter van tien Engelse digters - dat "...the last ictus ... is the strongest; it reaches a low of 79 per cent. in Eliot, but for the rest of the poets ranges from 84 to 98 per cent. This indicates that the last ictus plays an important rhythmical function in the structure of the line; it is stressed more often because it helps to signal the line ending" (onderstreping van my). Ook Hascall (1969:364) beklemtoon - naas sy aanvulling tot die Halle/Keyser-reëls vir klemtoekenning deur die formulering van 'n "rhyming rule" - die belangrikheid van die einde van die versreël: "Even when there is no syntactic break at the end of the line, the position is felt as climactic rhetorically in exactly the same way as the end of a sentence or the end of a paragraph".

Dit is duidelik dat die Halle/Keyser-tipering van maksimale klem, soos hulle gelykstelling van metriese prominensie en linguisties-beklemtoonde sillabes, in bepaalde opsigte problematies is. Die voor- en nadele van die Halle/Keyser-voorstelle word hieronder in 1.4 finaal opgeweeg teen

tradisionele en strukturalisties-linguistiese benaderinge van die metries-ritmiese struktuur van die poësie. Vergelyk hier ten slotte 'n skandering van Auden se "In Time of War", waarin maksimale klem ook aangedui word:

(11) viii. IN TIME OF WAR

1. Here war is simple like a monument
   W S W S W S W S W S

2. A telephone is speaking to a man
   W S W S W S W S W S

3. Flags on a map assert that troops were sent;
   W S W S W S W S W S

4. A boy brings milk in bowls. There is a plan
   W S W S W S W S W S

5. For living men in terror of their lives,
   W S W S W S W S W S

6. Who thirst at nine who were to thirst at noon,
   W S W S W S W S W S

7. And can be lost and are, and miss their wives,
   W S W S W S W S W S

8. And unlike an idea, can die too soon
   W S W S W S W S W S

9. But ideas can be true although men die
   W S W S W S W S W S

10. And we can watch a thousand faces
    W S W S W S W S X

11. Made active by one lie:
    W S W S W S

12. And maps can really point to places
W S W S W S W S X

13. Where life is evil now:
W S W S W S

14. Nanking; Dachau
W S W S

/ - linguisties bepaalde klem volgens die Halle/Keyser-aanwysings

\+ - maksimale klem - 'n beklemtoonde sillabe ingesluit deur twee onbeklemtoonde sillabes

\ - aanvullende klemtone volgens die reël vir rym (Hascall, 1969) en volgens kontrasterende klem (Beaver, 1969).

Indien aangeneem word dat daar 'n graduele klemverskil is tussen enersyds 'n maksimale klem en andersyds 'n sterk beklemtoonde sillabe, is die Halle/Keyser-skandering (selfs met die aanvullings volgens Hascall (1969) en Beaver (1969)) onvolledig en onnoukeurig. Van al die rymsillabes het slegs faces/places maksimale klem; tog is daar geen rede om aan te neem dat hierdie woorde sterker gereleveer behoort te word as die ander rym= woorde in die gedig nie. Waar daar 'n opeenhoping van klemtone is, soos in vers 4 hierbo in (11)(viii), is daar selfs geen enkele maksimale klem in die hele vers nie. Tog is daar eweneens geen rede om aan te neem dat die klemtone in die reeks "A bóy brings mílk in bówls" minder gereleveerd is as die maksimale klemtone in byvoorbeeld "And maps can really point to places" (vers 12) nie. 'n Opeenhoping van klemtone word gewoonlik aange= tref by 'n ritmiese afwyking van die onderlinge reëlmaat van die metriese patroon. Om hierdie rede sal só 'n gedeelte van die versreël juis voorop= gestel wees as interne afwyking (Levin, 1965a). Indien aangeneem word dat 'n maksimale klem sterker is as 'n beklemtoonde sillabe sonder maksi= male klem, beteken dit dat die Halle/Keyser-skandering nie ritmiese af= wykings van die metrum genoegsaam releveer nie.[18] Die nosie van maksi= male klem is dus veral ten opsigte van twee aspekte problematies: dit negeer die belangrikheid van 'n beklemtoonde sillabe in manlike rym; dit releveer nie klemtone wat afwykinge van die metrum registreer nie.

Dit is nie net so dat sommige beklemtoonde sillabes nie maksimale klem het

nie. Daar is reeds daarop gewys dat dit ook so is dat sommige onbeklem=toonde sillabes in (11)(viii) hierbo volgens ander skanderings van die Auden-sonnet metries prominent is: like (vers 1), (tele)phone (vers 2), is (vers 4), (un)like (vers 8) en (al)though (vers 9) is almal beklemtoond volgens Tarlinskaja se riglyne vir metriese iktus (vergelyk (11) hierbo in 1.1.1). Die enigste belangrike toevoeging by Tarlinskaja se riglyne is die beklemtoning van "Dachâu", omdat dit rym met now (Hascall, 1969).

Die Halle/Keyser-reëls vir leksikale klem wat metriese prominensie moet signaleer is dus nie voldoende om alle metries signifikante sillabes in 'n gedig aan te dui nie. Die Halle/Keyser-konsep van maksimale klem kan fungeer om die verskil tussen metriese en onmetriese versreëls aan te dui; dit kan egter nie gebruik word om komplekse realiserings van die metrum noukeurig te omlyn nie.

1.3.1.2 Beklemtoning binne frases

Hierbo is reeds daarop gewys dat die leemtes in die Halle/Keyser-spesifi=sering van metries prominente sillabes nie onopgemerk verbygegaan het nie. Halle en Keyser se reëls vir leksikale beklemtoning word in verskeie studies deur Beaver (onder andere 1971a, 1971b en 1974) aangevul met reëls wat die graad van klem binne sinsnedes of frases bepaal. [19] Die skrywer aanvaar die basiese prinsipes in die oorspronklike Halle/Keyser-voorstel (1966) maar gee dan 'n "...elaboration of that theory ... to make it consistent with the full range of English stress rules by the addition of a formalized 'stress exchange rule' (SER) and a second 'alternating stress rule' " (1974:7). Hierdie versie van die oorspronklike Halle/Keyser-teorie word dan die uitgebreide oorspronklike teorie genoem ("extended original theory"). 'n Maksimale klem word binne Beaver se uitgebreide teorie 'n "stress prominence" genoem en in ooreenstemming met Halle en Keyser (1966) se oorspronklike voorstel gedefinieer as "... a syllable with linguistically assigned stress greater than that found on either adjacent syllable (within a line of verse) without intervening major juncture" (Beaver, 1974:9). Hierbo is reeds aangetoon dat 'n maksimale klem in die hersiene versie van die Halle/Keyser-teorie (1971a) gedefinieer word as 'n beklemtoonde sillabe wat aan weerskante afgegrens word deur 'n onbeklemtoonde sillabe. Die implikasies van hierdie hersiene tipering van maksimale klem word deur Beaver (1974:9) soos volg opgesom: 'This eliminates any reckoning with secondary or tertiary stress in a word, and it ignores

the reduction of a primary stress to some lesser stress by any other rule in the grammar (particularly by the compound and nuclear stress rules)". In teenstelling met die Halle/Keyser-standpunt meen Beaver (1971a) dat die volgende reëls vir klem almal metries signifikant is:

I. Lexical Stress Rules
II. The Compound Stress Rule
III. The Second Alternating Stress Rule
IV. The Nuclear Stress Rule
V. The Stress Exchange Rule

(Beaver, 1971a:186, 1971b:612)

Die reëls vir leksikale klem is reeds bespreek in 'n uiteensetting van die Halle/Keyser-voorstelle (vergelyk 1.3.1.1 hierbo). Daar sal vervolgens nagegaan word of the reëls vir frase- en sinsklem metries signifikant is, en of leemtes in die Halle/Keyser-riglyne vir metries prominente sillabes hierdeur opgevang kan word. Nadat leksikale klem toegeken is aan die komponente binne 'n samestelling "functioning as a single part of speech rather than as a phrase" (Beaver, 1971a:187), word die linkerkantste klem deur die reël vir klem in samestellings versterk. In metriese versreëls sou samestellinge soos "New World", "storm-beaten" en "love-kindling" dus altyd met die eerste komponent in 'n S-posisie moes voorkom. Dit is egter nie altyd die geval nie. Vergelyk:

(36) i. The Néw Wórld shook him off; the Old yet groans
W S W S W S W S W S

* ii. To dry the rain on my stórm-béaten face
W S W S W S W S W S

* iii. And his lóve-kíndling fire did quickly steep
W S W S W S W S W S

Soos gesien kan word uit die posisies van die samestellinge in die verse hierbo, sal 36 (ii) en (iii) onmetries wees, indien aangeneem word dat die reël vir klem in samestellinge metries relevant is. Hierdie verse sou ook onmetries wees in die oorspronklike Halle/Keyser-voorstel, waar 'n maksimale klem gedefinieer is as 'n sillabe met sterker linguistiese klem as die sillabes aan weerskante daarvan.

Vir Kiparsky (1975) is die klemverspreiding in 'n samestelling soos midnight "a 1-3 stress pattern" (1975:586). Soos Beaver (1971a) toon Ki= parsky ook aan dat samestellinge kan voorkom in albei die posisies wat aangetoon word in (36) hierbo. Daar is egter 'n verskil in die "spanning" tussen die abstrakte metriese patroon en die linguistiese realisering van hierdie patroon ten opsigte van die verskillende realiserings van die samestellinge in die metriese posisies hierbo. Kiparsky (1975:586) ver= duidelik hierdie verskil soos volg:



'n Samestelling in SW-posisie het 'n minimale spanning van 1; 'n same= stelling in WS-posisie daarenteen, het 'n maksimale spanning van 5. "Accordingly, the system predicts that compounds should occur in both positions, but that strong-weak positioning should be much more frequent than weak-strong positioning in iambic verse" (Kiparsky, 1975:586). Binne Kiparsky se sisteem kan die primêre klem van 'n samestelling dus wel voor= kom in 'n W-posisie. Die versreël is nie daardeur onmetries nie maar slegs 'n meer komplekse realisering van die jambiese metrum as wanneer die primêre klem van die samestelling voorkom in 'n S-posisie van die metriese patroon. Die samestellings in (36)(ii) en (iii) hierbo is dus volgens Kiparsky se uiteensetting nie onmetries nie maar slegs meer komplekse realiserings van die jambiese patroon as die samestelling in die metriese (36)(i) hierbo. [20)]

Van gevalle soos diê in (36)(ii) en (iii) sê Beaver (1971b:589) egter die volgende: "If a situation of this kind occurs, we must either assume that the rule does operate in metered verse and that the line is unmetrical, or that the rule does not operate metrically - or, better, that the additional stress assigned by the Compound Rule is too slight to overcome the cancella= tion of back-to-back lexical stress". Beaver vind dan dat die reël vir samestellinge wat as woorde fungeer wel toegepas word in metriese versreëls,

maar dat 'n later reël (die "Stress Eschange Rule") die onmetriese maksimale klemtone herstel, sodat verse soos (36)(ii) en (iii) nie onmetries sal wees nie.

Dieselfde word gevind ten opsigte van die "Nuclear stress rule", waardeur in 'n sintaktiese frase die mees regterkantste leksikaal beklemtoonde sillabe addisionele klem verkry. Ook hierdie reël is wel metries relevant en die toepassing daarvan lei tot maksimale klem in sowel S-posisies (metriese verse) as W-posisies (onmetriese verse). Ook vir hierdie reël is daar dan 'n latere reël - die "stress exchange rule", wat die maksimale klem in 'n W-posisie sal reduseer tot 'n sekondêre of tersiêre klem in vergelykking met die sterker klem in 'n naasliggende S-posisie in die versreël. Vergelyk hier eers Beaver (1971a:191) se uiteensetting van die sikliese toepassing van die "nuclear stress rule" in 'n versreël:

(37) $\overset{1}{\underset{W}{\text{And}}}\ [_{VP}[_{VP}[_{A}\overset{2}{\underset{S}{\text{wisely}}}\ \overset{3}{\underset{W}{}}]_{A}\ [_{V}\overset{4}{\underset{S}{\text{curbed}}}]_{V}]_{VP}\ [_{NP}[_{NP}[_{A}\overset{5}{\underset{W}{\text{proud}}}\ _{A}]$

$[_{N}\overset{6}{\underset{S}{\text{man's}}}]_{N}]_{NP}]_{NP}\ [_{NP}[_{NP}[_{A}\overset{7}{\underset{W}{\text{pretending}}}\ \overset{8}{\underset{S}{}}\ \overset{9}{\underset{W}{}}]_{A}\ [_{N}\overset{10}{\underset{S}{\text{wit}}}]_{N}]_{NP}]_{NP}]_{VP}]_{VP}$

1. LSR — 1 1 1 1 1 1
   A A V V A A N N A A N N
2. NSR — 2 1 2 1 2 1
   VP VP VP NP NP NP NP NP
3. NSR — 3 2 3 1
   NP NP
4. NSR — 3 2 4 3 4 1
   VP VP

1, 2, 3, ens. bokant die versreël - die posisies van die sillabes in die versreël

VP - verbale frase
NP - nominale frase
A - adjektief
V - verbum
LSR - "lexical stress rule"
NSR - "nuclear stress rule"

Die ononderbroke strepe onderkant die grade van klem (1 - primêr, 2 - se= kondêr, 3 - tersiêr en 4 - swak) toon die omgewing aan waarbinne die be= trokke reël toegepas word. In die eerste ry word 'n leksikale klem van 1 toegeken aan elke woord. In die tweede ry word die "nuclear stress rule" (hierna NSR) toegepas in drie omgewings: die VP "wisely curbed", die NP "proud man's"" en die NP "pretending wit". In die derde ry is die omgewing waarbinne die NSR toegepas word die NP "proud man's pretending wit". Laastens, in die laaste sikliese toepassing van die NSR is die omgewing waarbinne die reël werksaam is, die hele VP "wisely curbed proud man's pretending wit". Die enigste leksikaal beklemtoonde sillabe in 'n W-posisie is proud tussen die leksikaal beklemtoonde curbed en man's in S-posisies. Al die ander beklemtoonde sillabes word van mekaar geskei deur linguisties onbeklemtoonde sillabes, sodat die enigste geval van relatiewe klem wat deur die NSR beslis moet word die drie opeenvolgende klemtone in die gedeelte "cûrbed prôud mân's" is. Soos gesien kan word uit die sikliese toepassing van die NSR in (37) hierbo het proud 'n klem= sterkte van 4, sodat dit relatief minder beklemtoond is as die twee be= klemtoonde sillabes waardeur dit ingesluit word: curbed het 'n klemsterkte van 2 en man's 'n klemsterkte van 3. Die leksikaal beklemtoonde proud in 'n W-posisie is dus nie 'n maksimale klem nie, en die versreël is gevolglik metries. Maksimale klem kom wel voor in al die moontlike S-posisies wat in 'n jambiese pentameter maksimaal beklemtoon kan wees; daarenteen word slegs twee maksimale klemtone gerealiseer deur leksikale klem. Vergelyk hier die verskil tussen enersyds 'n Halle/Keyser-skande= ring met slegs leksikale klem en andersyds 'n Beaver-skandering waar die NSR siklies toegepas is:

(37) i.

		+						+		
And	wísely	cûrbed	prôud		mân's		pretênding		wít	
W	S	W	S		W	S		W S	W	S
	+		+			+		+		
	3		2		4	3		4		1

ii.

And	wísely	cûrbed	prôud		mân's		pretênding		wít	
W	S	W	S		W	S		W S	W	S

In (37)(i) word slegs die tweede en vierde S-posisies gerealiseer as mak= simale klemtone, omdat die ander twee S-posisies nie voorkom tussen twee onbeklemtoonde sillabes nie. In (37)(ii) daarenteen word die eerste vier S-posisies almal gerealiseer as "stress prominences" (Beaver se term vir die maksimale klem van Halle en Keyser), omdat hulle ingesluit word deur

sillabes wat relatief minder beklemtoond is. Dit lyk asof die NSR ten minste een tekortkoming van die Halle/Keyser-beginsels regstel: alle moontlike leksikaal beklemtoonde sillabes in S-posisies kan gerealiseer word as maksimale klemtone in die versreël. Beaver (1971a) verkry dus deur die toepassing van twee addisionele reëls vir frase- of sinsklem - die "com= pound rule" (CR) en die "nuclear stress rule" (NSR) - 'n meer genuanseerde onderskeiding tussen leksikaal beklemtoonde sillabes en 'n meer uitgebreide karakterisering van maksimale klemtone in 'n versreël. Daar is egter nog twee groot leemtes in Beaver se skandering van (37)(ii) hierbo: 1) ten spyte van die feit dat die laaste S-posisie die sterkste leksikale klem het, is dit tog nie 'n "stress prominence" nie; 2) die interne afwyking (Levin) (1965a) wat geregistreer word deur die beklemtoonde proud in 'n W-posisie word nie genoegsaam gereleveer nie. Soos Halle en Keyser (1971a) wil ook Beaver (1971a, 1971b) met behulp van reëls onderskei tussen metrie= se en onmetriese versreëls. Die versreël uit Pope - (37)(ii) hierbo - is daarom 'n illustrasie van die metriese relevansie van die NSR: "... we find, as we examine typical deployments of verb phrases and sentences in metered verse, that operation of the NSR appears to reinforce the abstract metrical pattern, and in the case of back-to-back lexical stress, tends therefore to establish stress maxima in strong (even) metrical posi= tions" (Beaver, 1971a:191). 'n Korrekte onderskeiding tussen metriese en onmetriese versreëls waarborg egter nog nie 'n skandering waarin die verhouding tussen enersyds die metriese patroon en andersyds die ritmiese realisering van hierdie patroon noukeurig gereflekteer word nie. Bowendien kan die relatiewe klemsterkte van die leksikaal beklemtoonde sillabes in (37)(ii) betwis word. Hewitt (1972:235) - wat die Trager/Smith-onderskei= ding van vier relatiewe klemsterktes onderskryf - meen dat die vers soos volg geskandeer behoort te word:

(37) iii. $^{2}\breve{}$ And $^{2}\hat{}\,\breve{}$ wisely $\acute{}$ curbed $^{2}/^{2}\hat{}$ proud $^{2}\,\acute{}$ man's $^{2}/^{2}\grave{}\,\hat{}\,\breve{}$ pretending $^{3}\acute{}$ wit

/ - afgrensing van die derde voet waarin die (vir Beaver) proble= matiese leksikale klem op proud in 'n W-posisie van die metrum voorkom

2, 3 ens. - toonhoogte

$\acute{}$ - primêre klem

$\hat{}$ - sekondêre klem

$\grave{}$ - tersiêre klem

$\breve{}$ - swak klem (onbeklemtoond)

Hewitt (1972:235) merk op: "Thus wit, man's and curbed all carry relative primary stress and are of equal value; and pretending, proud and wisely all carry relative secondary stress and are of equal value. Even if these latter should be pronounced with a stylistic relative primary stress, then the allophonic principle (vergelyk die uiteensetting van hier= die beginsel deur Hawkes (1962) in 1.2.2 hierbo) would take care of the problem that would arise in the case of proud man's (waar twee opeenvolgen= de sillabes nie foneties gerealiseer word as ewe sterk nie), and the stress is not distorted as it is under NSR". Die toepassing van hierdie reël om metriese iktusse te versterk is dus nie sonder probleme nie.

Alhoewel die reëls vir frase- en sinsklem - die CR en die NSR - in baie gevalle die leksikale klem van sillabes in S-posisies van die metrum versterk, is daar ook gevalle waar 'n toepassing van hierdie reëls 'n mak= simale klem in 'n W-posisie tot gevolg het. Vergelyk byvoorbeeld die volgende gevalle:

(38) * i. So let the blue lump poise between my knees
3 2 3 1
W S W S W S W S W S

* ii. And yet this great wink of eternity
3 2 1
W S W S W S W S W S

Voorbeelde soos dié in (38) laat Beaver (1971a:192) met twee alternatiewe: "... either that the NSR is not operative in metered verse, or that some other stress rule is operative ...". Beaver redeneer dat Wimsatt en Beardsley (1959) in problematiese gevalle soos (38) hierbo, die eise van die onderliggende abstrakte metriese patroon in ag neem: "...there occurs a quiet promotion of weaker syllables, and a partial suppression of certain ones ..." (Beaver, 1971a:193). Beaver onderskryf hierdie beginsel dat die graad van klem op sillabes verander kan word. Anders as in tradisionele opvattinge (soos dié van Wimsatt en Beardsley (1959)) word so 'n graduele verandering in die klemsterkte van 'n sillabe egter nie toegeskryf aan "some poetic 'norm'" nie maar bepaal deur nog 'n ander linguistiese reël wat metries relevant is. Hierdie reël word genoem die "Stress Exchange Rule" (SER) en dit is "a rule of stress in the language, an optional rule, which permits the realignment of such (vergelyk die verse in (38) hierbo) deviant lines to 'fit the meter'" (Beaver, 1971a:194).

Wanneer hierdie reël toegepas word op die versreëls in (38) hierbo, het dit die volgende effek:

(38) i.' So let the blue lump poise between my knees
2 3 2 1
W S W S W S W S W S

ii.' And yet this great wink of eternity
2 3 1
W S W S W S W S W S

Daar is nou nie meer maksimale klemtone in die W-posisies wat gevul is met onderskeidelik lump en wink nie; daar is wel maksimale klemtone in die twee S-posisies aan weerskante van hierdie woorde. Dit lyk asof Beaver (1971a, 1971b en 1974) met behulp van 'n gesofistikeerde toepassing van linguistiese reëls uiteindelik uitkom by 'n basiese aanname in tra= disionele metriese studies: die onderliggende metriese patroon bepaal in problematiese gevalle die graad van die klemsterkte van die sillabes om aan te pas by die metriese patroon. Vergelykbaar met Beaver se "Stress Exchange Rule" is Kiparsky (1975) se "Rhythm Rule, which reverses a 3-2 stress pattern before a primary stress in the next word within a phrase, e.g. 3 2 1 2 3 1 3 2 1 2 3 1
"Tennessee Williams → Tennessee Williams; unknown author → unknown author" (1975:595). Kiparsky beperk die bogenoemde reël egter tot vroeë Engelse poësie om die uitspraak van woorde in byvoorbeeld Shakespeare se poësie te inkorporeer in sy metriese teorie. Daarenteen is Beaver se SER volgens Kiparsky (1975:596) "... a lexically unrestricted Rhythm Rule ... that ... will reduce virtually any sequence of stresses to an alternating pattern". Kiparsky wys dus op die gevaar dat Beaver (1971a, 1971b) se SER op 'n willekeurige manier linguistiese klemtone sal verander om ooreen te stem met die alternering van swakker en sterker beklemtoonde sillabes in 'n jambiese patroon. Beaver (1971b) is egter nie onbewus van hierdie ooreenkoms met die arbitrêre verandering in klemsterkte wat in tradisionele opvattings aangebring is om ooreen te stem met die metriese patroon nie: "It is important to note that to postulate such a rule is not to claim that the 'words are read to fit the meter'. It is under quite specific conditions that the Stress Exchange Rule ... can reverse the effects of the Nuclear Stress Rule: it can do so only on a syllable adjacent to another syllable also affected by the Nuclear Stress Rule; this syllable must be in a strong position; and there must be a primary stress on some

strong position to the right, without intervening juncture. This is by no means to claim that the words 'may be pronounced so as to fit the meter'" (1971b:605). Wat die tradisionele metrici in baie gevalle intuïtief aangeneem het, word hier deur Beaver verklaar met verwysing na 'n linguistiese reël. Hiermee is die skrywer terug by die uitgangspunt wat in die oorspronklike Halle/Keyser-voorstel (1966) gestel is: die digter oortree nie die linguistiese gegewens van 'n taal nie, maar gebruik die onderliggende metriese patroon om uit die linguistiese gegewens ("linguistic givens") dít te selekteer wat nodig is om die onderliggende abstrakte metriese patroon linguisties te aktualiseer. Hierdie reël is verder 'n illustrasie van 'n oogmerk in generatiewe benaderings tot die metries-ritmiese struktuur van die poësie: om eksplisiet en formeel te beskryf en verklaar wat implisiet en informeel in tradisionele opvattinge gestel is. Beaver (1971b: 605-606) stel dit so: "... it could well be that if prosodists have seemed to claim that the natural linguistic stress on words may be altered to fit the meter, the proposed rule is in effect the element of truth that was always present in such claims". Die geformaliseerde reël (SER) lyk dan so:

$$[<{}_2\overset{\alpha}{\text{syl}}_{S}<{}_1\overset{\beta}{\text{syl}}_{W}>{}_2\overset{\alpha}{\text{syl}}_{S}>{}_1] \longrightarrow [<{}_2\overset{\beta}{\text{syl}}_{S}<{}_1\overset{\alpha}{\text{syl}}_{W}>{}_2\overset{\beta}{\text{syl}}_{S}>{}_1] \,/\, X - Y\ \underset{S}{\text{syl}}\ Z_{v}]$$

where α is any positive stress level; where β has greater stress than α; where X, Y, and Z are any number of syllables, including zero; and Y contains no major juncture, and V is a line of metered verse.
(Beaver, 1974:11).

Die geformaliseerde reël definieer drie gevalle waar die klemsterkte van naasliggende leksikaal beklemtoonde sillabes gewysig kan word: "(1) sequences of three stressed syllables in SWS, with greater stress in W than in either S; (2) sequences of two stressed syllables in SW, where greater stress is in W; and (3) sequences of two stressed syllables in WS, with greater stress in W" (Beaver, 1974:11).

In die reëls wat tot sover bespreek is - die CR, die NSR en die SER - het Beaver (1971a, 1971b en 1974) probeer om graduele klemverskille aan te dui tussen leksikaal beklemtoonde woorde en sillabes. Op hierdie manier word meer maksimale klemtone in 'n versreël onderskei as wat moontlik is volgens die aanwysings van die hersiene Halle/Keyser-teorie (1971a). Hierbo (vergelyk 1.3.1.1) is egter reeds gesien dat in die Halle/Keyser-onderskeiding tussen enersyds leksikaal beklemtoonde en andersyds onbe=

klemtoonde sillabes geen voorsiening gemaak word vir die sekondêre klem van meersillabige hoofkategoriewoorde nie. Die "Second Alternating Stress Rule" (SASR) word volgens Beaver (1971a:189) toegepas op die "phonological word (which) consists of each lexical word in an utterance plus the non-lexical words which precede it". Vergelyk die volgende versreël uit Pope, asook Wimsatt en Beardsley (1959) se rekonstruksie daarvan (vergelyk ook die bespreking van dieselfde twee versreëls in 1.1.1 hierbo):

(39) i. A little learning is a dangerous thing
W S W S W S W S W S

ii. A little conceit is a dangerous thing
(W)W S W W S W W S W W S

In die versreël uit Pope ((39)(i) hierbo) is "is a dangerous" 'n fonologiese woord. Beaver (1971a:188-189) probeer verklaar waarom is in een geval ((39)(i)) beklemtoon en in 'n ander geval ((39)(ii)) volgens Wimsatt en Beardsley (1959) onbeklemtoon kan wees. Daar word veronderstel dat 'n opsionele reël toegepas kan word op die omgewing wat afgegrens word deur 'n fonologiese woord, ""and that this optional rule will permit stress on alternate syllables working back from the main stress in the lexical word ..." (Beaver, 1971a:189). Hierdie opsionele reël sal dan verklaar waarom die kopula is in (39)(i) hierbo volgens Wimsatt en Beardsley (1959) beklemtoon behoort te word. Beaver maak hierdie reël opsioneel, omdat hy uitgaan van die veronderstelling dat subkategoriewoorde soms metries prominent en ander kere weer onbeklemtoond in die metrum is - vergelyk die beklemtoonde en onbeklemtoonde is in onderskeidelik (39)(i) en (ii) hierbo in hierdie verband. Die buigbaarheid in die toekenning van klem ("stress flexibility") maak hierdie woorde volgens Beaver (1971a) metries bruikbaar. Met hierdie reël probeer Beaver dan nog 'n aanname uit tradisionele opvattinge oor die metrum verklaar: die feit dat normaalweg onbeklemtoonde subkategoriewoorde (funksiewoorde) dikwels in die poësie beklemtoon word in metriese S-posisies in die versreël. Dit is 'n belangrike aanvulling tot die Halle/Keyser-reëls vir metriese prominensie, aangesien die moontlikheid van beklemtoonde subkategoriewoorde nou ten minste in die vooruitsig gestel word deur 'n linguistiese reël. Die metriese prominensie van subkategoriewoorde is met die toevoeging van hierdie reël ook nie meer uitsluitlik afhanklik van die toekenning van kontrasterende klem nie (vergelyk die bespreking hierbo

in 1.3.1.1). Dit lyk asof Beaver met die toevoeging van reëls soos die SER en die SASR met linguistiese argumente probeer om die abstrakte me= triese matroon so volledig moontlik te aktualiseer. Vergelyk in hierdie verband ook die kritiese opmerking van Hewitt (1972:234) oor die metriese prominensie van is in (39)(i) en (ii) hierbo: "... in Pope's line - (39)(i) - the well-established iambic pentameter prompts the reader to give metrical stress to every other syllable, one of which is is. In the construct - (39)(ii) - the anapestic feet prompt the reader to deny metrical stress to is. In each case the relative stress, tertiary, remains the same. Therefore, the only 'rule' operating here is the 'rule' of the metrical matrix. Under this, the reader is naturally encouraged to follow the meter in assigning metrical stress to words with low relative stress, especially in an alternating unstress-stress pattern where the unstressed words on either side are as weak or (as in this case) weaker than the word in question". 'n Mens vra jou af: waarom dan nie maar van die begin af by problematiese gevalle - naasliggende leksikaal beklemtoonde sillabes of onbeklemtoonde subkategoriewoorde - alle sillabes in S-posisies in die metrum outomaties beklmtoon nie? Die toepassing van die SER en die SASR resulteer tog immers in die linguistiese aktualisering van metries sterk posisies in die versreël. Beaver (1971a:196) ontken egter die implisiete ge= lykstelling tussen linguisties gefundeerde en metries bepaalde beklemtoning van subkategorie-woorde: "It is important to note that the recognition of such rules in the language does not make it possible to fit any line into any meter" Nòg die SASR, nòg die SER kan byvoorbeeld verhoed dat die volgende versreël uit Keats onmetries geskandeer word:

(40)* How many bards gild the lapses of time
W S W S W S W S W S

Die SASR kan nie toegepas word nie, omdat die fonologiese woord "of time" te kort is om 'n alternering van klemtone van regs na links vanaf die leksi= kaal beklemtoonde time te bewerkstellig. Die SER kan ook nie toegepas word nie, omdat die maksimale klem in die vierde W-posisie geflankeer word deur twee onbeklemtoonde sillabes, waarop die NSR dus ook nie toegepas kan word nie.

Daar kan ten slotte nog daarop gewys word dat 'n vroeëre vorm van die SASR ook sekondêre of tersiêre klem in alternerende sillabes van meersillabige

woorde bewerkstellig: "...the Alternating Stress Rule ... is operant in many of our polysyllabic words where the final syllable has tertiary stress and the antepenult has primary stress, as in 'cŏntemplāte', 'hŭrricāne', 'ānecdŏte', ..." (Beaver, 1971b:604).

Met hierdie stel addisionele reëls vir die bepaling van metries prominente sillabes meen Beaver (1971a:196) dat hy 'n linguistiese fundering verskaf het vir leemtes wat Wimsatt (1970) opgemerk het in die Halle/Keyser-reëls (1966) vir beklemtoonde en dus metries signifikante sillabes. Dus: "The important thing to observe in the foregoing sketch of rules of stress operating in meter is that they provide, precisely, the means whereby we may take account of Wimsatt's 'foothills' as well as of the mountain peaks ..." Verder kan hierdie reëls almal toegepas word binne die raamwerk van die "stress maximum theory", maar dan in 'n meer genuanseerde vorm daarvan as die mees resente Halle/Keyser-voorstel (1971a): "For the rules reveal several different kinds of stress maxima, in accordance with whether the stress maxima are created by lexical rules alone, or by lexical rules plus phrasal rules (the NSR); and in accordance with whether they are created by obligatory rules on the one hand (Lexical and NSR) or optional ones on the other (SASR and SER)" (Beaver, 1971a:196).

Die reëls is georden en word toegepas in 'n bepaalde volgorde, naamlik: leksikale reëls vir klemtoekenning en daarna die reëls wat klem bepaal in frases en sinsnedes: die CR, die SASR, die NSR en die SER. Vergelyk vervolgens die toepassing van al hierdie reëls vir klem op 'n versreël:

(41)

	As	fresh	-poured	red	wine	of	a	mighty	pulse
	W	S	W	S	W	S	W	S	W	S
1. Lexical stress	⌣	/	/	/	/	⌣	⌣	/	⌣	/
2. Compound Rule		1	2							
3. SASR						/	⌣	/	⌣	
4a. NSR				2	1			2		1
4b. NSR		2	3	3	1	2		3		1
4c. NSR		3	4	4	2	3		4		1
5a. SER					3	2				

(Beaver, 1971b:612).

Uit (41) word die effek van die gesamentlike toepassing van Beaver se

reëls vir metries prominente sillabes duidelik: die subkategoriewoord of word beklemtoon na die toepassing van die SASR; daar word onderskei tussen vier grade van klem by leksikaal beklemtoonde sillabes na die sikliese toepassing van die NSR; uiteindelik word die onmetriese maksimale klem op wine in 'n W-posisie herstel na die toepassing van die SER. Dit is nie duidelik of Beaver se gedifferensieerde stelsel van klemtoekenning herlei kan word tot 'n vereenvoudigde stelsel waarin uiteindelik weer twee grade van metriese prominensie onderskei word nie (vergelyk Tarlinskaja (1976b) se aanwysings vir klem in 1.1.1 hierbo). Dit is wel duidelik dat maksimale klemtone met verskillende grade van klem onderskei word:

			+				+		+		
			3		4		4	3	2		4		1
(41)	i.	As	fresh-poured		red		wine		of	a	mighty		pulse
		W	S		W		S	W	S	W	S	W	S

Hiervolgens word die oorspronklike onbeklemtoonde of uiteindelik aangetref in die S-posisie met die sterkste maksimale klem; daar is verder maksimale klemtone met 'n klemsterkte van onderskeidelik 3 en 4 in die eerste en vierde S-posisies; die tweede S-posisie het geen maksimale klem nie. Dit is myns insiens sterk te betwyfel of hierdie gradering van klem wel 'n korrekte weergawe is van die linguistiese aktualisering van die metriese patroon in (41)(i). Om watter rede sou die subkategoriewoord of 'n groter klem moet dra as enige ander leksikaal beklemtoonde sillabe in die vers? Om watter rede sou by die kulminasie van klemtone in die gedeelte "frésh-pőured rēd wīne" slegs die eerste leksikaal beklemtoonde sillabe ook 'n maksimale klem kon wees? Om watter rede sou die metriese posisie met die sterkste leksikale klem - pulse in die laaste S-posisie - nie 'n maksimale klem kon wees nie? Beaver (1971a, 1971b en 1974) se poging tot 'n meer genuanseerde verantwoording van die reëls vir metriese prominensie wat aangedui word in Halle en Keyser (1971a) is klaarblyklik nie sonder probleme nie. Die skrywer se poging tot 'n meer gespesifiseerde definiëring van die konsep van maksimale klem is eweneens eerder verwarrend as verhelderend in 'n geval soos (41)(i) hierbo. Beaver se aanvullende reëls vir die bepaling van metries prominente sillabes kan vervolgens getoets word aan die Audensonnet wat reeds geskandeer is volgens verskeie riglyne en reëls wat verkry is uit tradisionele, strukturalistiese en generatiewe raamwerke (vergelyk al die verskillende skanderings van (11) in die onderafdelings van hierdie hoofstuk). Die leksikale reël vir klemtoekenning soos uiteengesit in Halle en Keyser (1971a) sal eers toege=

pas word en leksikale klem (/) sal bo die sillabes aangedui word. Daarna sal slegs die eindresultaat van 'n toepassing van die geordende reëls in Beaver se sisteem bokant die betrokke sillabes in elke versreël numeries uitgedruk word.

(11) ix. IN TIME OF WAR

1. Here war is simple like a monument:
W S W S W S W S W S

2. A telephone is speaking to a man
W S W S W S W S W S

3. Flags on a map assert that troops were sent
W S W S W S W S W S

4. A boy brings milk in bowls. There is a plan
W S W S W S W S W S

5. For living men in terror of their lives,
W S W S W S W S W S

6. Who thirst at nine who were to thirst at noon,
W S W S W S W S W S

7. And can be lost and are, and miss their wives
W S W S W S W S W S

8. And unlike an idea, can die too soon
W S W S W S W S W S



'n Syferwaarde bokant 'n onbeklemtoonde sillabe beteken dat so 'n sillabe gepromoveer word tot klem deur die SASR. Maksimale klemtone word soos gewoonlik aangedui met (+).

Die skandering hierbo in (11)(ix) kan vervolgens kortliks vergelyk word met die toepassing van: 1) Halle/Keyser-beginsels vir leksikale beklemtoning - (11)(v) in 1.3.1.1; 2) Chatman se onderskeiding tussen "meter-fixed" en "meter-fixing" voete - (11)(iii) in 1.2.2; 3) Tarlinskaja se gedifferensieerde en vereenvoudigde sisteme vir klemtoekenning - (11) in 1.1.1. 'n Vergelyking met die skandering volgens die Halle/Keyser-beginsels vir leksikale klem in (11)(v) hierbo onthul onmiddellik die verskynsel dat daar in die skandering volgens Beaver se reëls in (11)(ix) veel minder S-posisies in die metrum linguisties ongeaktualiseerd is. 'n Toepassing van die SASR sorg vir die beklemtoning van die volgende subkategoriewoorde

in S-posisies: like (vers 1), to (vers 2), on (vers 3), is (vers 4), of (vers 5), un(like) (vers 8), an (vers 8), en by (vers 11). Hierdie woorde is almal - omdat hulle geen leksikale klem kry as subkategorie= woorde nie - onbeklemtoond in die Halle/Keyser-skandering. 'n Vroeëre vorm van die SASR sorg ook daarvoor dat die tersiêre klem in die meersillabige woorde "monument" (vers 1) en "telephone" (vers 2) geaktualiseer word as metries prominent in die S-posisies waarin hierdie sillabes voorkom. Die SER word twee keer toegepas om 'n relatief sterker klem in 'n W-posisie te reduseer:

2 3 3 2 2
"But ideas can be true ⟶ But ideas can be true" (vers 9); "A boy brings
3 3 2
milk ⟶ A boy brings milk" (vers 4).

Die tweede geval is in die hersiene Halle/Keyser-teorie (1971a) nie onme= tries nie, omdat die klemtone in opeenvolgende posisies verhoed dat brings 'n maksimale klem word in 'n W-posisie. Vers 9 is egter onmetries volgens die Halle/Keyser-teorie, tensy can 'n kontrasterende klem verkry (vergelyk die wysigings wat aangebring word aan die Halle/Keyser-skandering in (11)(viii) hierbo in 1.3.1.1). Dit is duidelik dat Beaver se skandering 'n veel reëlmatiger realisering van die onderliggende metriese patroon tot gevolg het as dié een wat gebaseer is op die Halle/Keyser-beginsels vir klemtoekenning.

Ten spyte daarvan dat byna alle subkategoriewoorde in S-posisies in die skandering van (11)(ix) beklemtoon word, is daar tog nog twee gevalle waar= voor Beaver se reëls nie voorsiening maak nie: are (vers 7) en now (vers 13). Die SASR kan nie toegepas word op hierdie woorde nie, aangesien die eerste voor 'n sintaktiese pouse en die tweede as die laaste element in die versreël voorkom. Hierdie reël kan slegs toegepas word indien daar 'n leksikaal beklemtoonde sillabe in dieselfde sintaktiese snit regs van die betrokke subkategoriewoord voorkom. Vir klem op die rymwoord now word wel voorsiening gemaak in Hascall (1969, 1970) se "rhyming rule" - vergelyk die bespreking van (11)(vii) hierbo in 1.3.1.1. Hierdie aanvulling by die Halle/Keyser-reëls vir klemtoekenning kan dus daarvoor sorg dat subkategoriewoorde wat buite die toepassingsbereik van die SASR val, beklemtoon word indien hulle klankmatig vooropgestel word in die eindrym. Vir die beklemtoning van are word slegs voorsiening gemaak onder die buig= baarheid wat toegelaat word binne die toekenning van kontrasterende klem (Beaver, 1969). 'n Effens ander geval is die onbeklemtoonde meersillabige subkategoriewoord although in vers 9. Weens die klem op men in 'n W-posi=

sie sal die toepassing van die SASR die eerste sillabe van hierdie woord moet promoveer tot klem. Dit sou egter nog 'n klem in 'n W-posisie tot gevolg hê - afgesien van die feit dat die woordeboekklem vir hierdie woord op die tweede lettergreep val - sodat Beaver (1971a, 1971b) waarskyn= lik nie in hierdie geval die opsionele SASR sou toegepas het nie.

Al drie die gevalle hierbo, sowel as byna al die subkategoriewoorde wat beklemtoon word na die toepassing van die SASR, is ook metriese iktusse in Chatman (1965) se gerekonstrueerde skandering van die Audensonnet - vergelyk (11)(iii) in 1.2.2 hierbo. Dit is almal gevalle wat beklemtoon word op grond van die "metrical set" (Chatman, 1965), en wat dus voorkom in die sogenaamde "meter-fixed" voete wat Chatman onderskei (vergelyk die uiteensetting hierbo in 1.2.2). Daar is egter 'n paar subkategorie= woorde wat beklemtoon word na die toepassing van die SASR, wat voorkom in die non-iktus van Chatman se "meter-fixing" voete. Hierdie woorde word nie beklemtoon in Chatman se gerekonstrueerde skandering in (11)(iii) en (iv) in 1.2.2 hierbo nie: on (vers 3) en can (vers 9). Aangesien die SASR 'n opsionele reël is, sou hierdie gevalle - omdat hulle blykbaar teen die verwagtingspatroon van "meter-fixing" voete ingaan - waarskynlik on= beklemtoon gelaat kan word. Die enigste subkategoriewoord wat in 'n "meter-fixing" voet beklemtoon word, is we (vers 10); ook hierdie woord val binne die toepassingsbereik van die SASR. 'n Verdere ooreenstemming tussen die gerekonstrueerde skanderings van onderskeidelik Beaver in (11) (ix) en Chatman in (11)(iii) en (iv) is die beklemtoning van die meer= sillabige woorde monument (vers 1) en telephone (vers 2). 'n Vroeë vorm van die SASR maak die tersiêre klem op die laaste lettergreep van hierdie woorde metries signifikant; by Chatman word hulle vanselfsprekend beklem= toon in ooreenstemming met die onderliggende metriese patroon. Interessant genoeg word een van die gevalle waar klemverandering moontlik was na die toepassing van die SER bevestig deur Chatman se beginsels, terwyl die ander een andersom geskandeer word in (11)(iii) en (iv) hierbo. Vergelyk:

(11) x. 4.

	a^1	a		a	a		a^1	a
	A	boy		brings	milk		in	bowls . ...
	⏑	/		⏑	/		⏑	/

(Chatman)

		3		3	2		1	
		/		/	/		/	
4.	A	boy		brings	milk	in	bowls.	...
	W	S		W	S	W	S	

(Beaver)

```
      a¹  c   b   a¹  a¹   a
9.  But ideas can be true ...
      ⏑  /   /   ⏑   ⏑   /

          3   2       2
9.  But ideas can be true ...
      W   S   W   S   W   S
```

In vers 4 word die leksikaal beklemtoonde "brings milk", wat 'n spondee sou kon wees in tradisionele terme, deur sowel Beaver as Chatman geskandeer as 'n jambe ⏑/, met 'n relatief swakker beklemtoonde brings[3] gevolg deur 'n relatief sterker beklemtoonde milk[2]. Vir hierdie geval sou 'n mens dus kon redeneer dat 'n reël soos die SER onafhanklik geregverdig word deur Chatman se "meter-fixed" voet.

In vers 9 kom die SER se omkering van klemsterkte egter voor in 'n "meter-fixing" voet, wat trogeïes geskandeer word volgens Chatman se beginsels: "But ideas can ...". Hiervolgens sou die SER nie toegepas moes word nie, in welke geval vers 9 volgens Beaver se reëls vir die realisering van maksimale klem nog steeds onmetries sou wees:

```
                2           2
                /   3       /
(11)  x.'  But ideas can be true ...
             W  S  W   S   W   S
```

Om op te som: sillabes wat gepromoveer word na die toepassing van die SASR is ook metriese iktusse in "meter-fixed" voete. Vir hierdie gevalle sou die SASR beskou kon word as 'n linguistiese fundering vir 'n metriese beginsel wat deur Chatman (1965) oorgeneem word uit tradisionele benaderings soos dié van Wimsatt en Beardsley (1959). By "meter-fixing" voete word die gepromoveerde klemtone binne die toepassingsbereik van die SASR egter nie geregverdig indien hulle voorkom in die non-iktus van hierdie voete nie. Dit is gewoonlik gevalle waar trogeïese inversie voorkom binne die jambiese patroon. Die SASR ignoreer hiervolgens 'n fundamentele beginsel in Chatman (1965) se teorie: die toelaatbaarheid van omgekeerde voete in 'n jambiese metrum. Ook die toepassing van Beaver se SER word ondersteun in "meter-fixed" maar weerspreek in "meter-fixing" voete in die gerekonstrueerde skandering van die Audensonnet volgens die beginsels van Chatman (1965). Die SASR en die SER is dus reëls wat in verreweg die meeste gevalle die moontlike klem in 'n S-posisie van die metrum sal bewerkstellig. Soms

word so 'n ooreenstemming met die onderliggende metriese patroon egter geforseerd geaktualiseer, deurdat die ritmiese afwykinge van hierdie patroon nie aangedui word nie.

Die gerekonstrueerde skandering volgens Beaver se stel geordende reëls ((11)(ix) hierbo) kan ook nog vergelyk word met die gerekonstrueerde skandering volgens die riglyne van Tarlinskaja (1976b) - vergelyk (11) in 1.1.1 hierbo. Alle subkategoriewoorde wat in Tarlinskaja se sisteem sekondêr (T) beklemtoon is in die gedifferensieerde skandering word na die toepassing van die SASR gepromoveer tot klem. Die omgekeerde is egter nie waar nie: nie alle subkategoriewoorde wat gepromoveer word tot klem na die toepassing van die SASR word ook in Tarlinskaja se gedifferensieerde of vereenvoudigde sisteem beklemtoon nie. Subkategoriewoorde wat nie beklemtoon word in die gerekonstrueerde skandering volgens Tarlinskaja se beginsels nie, is die volgende: to (vers 2), on (vers 3), of (vers 5), an (vers 8) en by (vers 11). Hiervolgens lyk dit asof die toepassing van die SASR resulteer in die beklemtoning van metries nie-signifikante woorde. Omdat die reël opsioneel is, is dit egter moeilik om vas te stel of die bogenoemde woorde inderdaad beklemtoon sou wees na die toepassing van al die reëls wat volgens Beaver metries relevant is. Die SASR is dus nie diskriminerend genoeg nie: metries nie-prominente sillabes word beklemtoon saam met metries prominente sillabes. Daar kan vervolgens nagegaan word in watter mate die toepassing van die SER gereflekteer word in Tarlinskaja se gedifferensieerde sisteem. Vergelyk:

(11) xi.

4. A boy brings milk in bowls. ...

(Tarlinskaja)

3 3 2 1
/ / / /
4. A boy brings milk in bowls. ...
W S W S W S

(Beaver)

9. But ideas can be true ...

(Tarlinskaja)

3 2
/ 2 /
9. But ideas can be true ...
W S W S W S

(Beaver)

Soos gesien kan word uit (11)(xi) hierbo, is brings in vers 4 volgens die gedifferensieerde skandering van Tarlinskaja relatief swakker beklemtoon as milk. Die toepassing van die SER om brings milk te verander na brings milk word dus ondersteun deur Tarlinskaja se beginsels vir die beklemtoning van sillabes volgens linguistiese en metriese beginsels (vergelyk hierbo in 1.1.1). Volgens Tarlinskaja se gedifferensieerde aanduidings is die verswakte primêre klem op ideas in 'n W-posisie van die metrum egter nie relatief swakker as die sekondêre klem op can in 'n S-posisie nie (vers 9). Hier word die verandering vanaf ideas can tot ideas can, na die toepassing van die SER, dus nie ondersteun deur 'n skandering volgens Tarlinskaja se beginsels nie. Onafhanklike regverdiging vir die toepassing van die SER in die gedeeltes hierbo in (11)(xi) word dus slegs ten opsigte van vers 4 verkry uit 'n gedifferensieerde stelsel van klemtoekenning volgens Tarlinskaja se riglyne vir die skandering van gevalle soos dié in (11)(xi). In 'n vergelyking hierbo in (11)(x) van die resultate van toepassing van die SER met Chatman se "meter-fixing" en "meter-fixed" voete is tot 'n soortgelyke gevolgtrekking gekom: die verandering van klemsterkte wat bewerkstellig word deur 'n toepassing van die SER word bevestig ten opsigte van vers 4 maar nie ondersteun ten opsigte van vers 9 nie. Ten spyte van verskille in die skanderingsbeginsels van Tarlinskaja en Chatman (vergelyk die bespreking van (11)(iv) hierbo in 1.2.2) word tot dieselfde gevolgtrekking gekom ten opsigte van die toepassing van Beaver se SER: dit kan nie aanvaar word as 'n betroubare skanderingsbeginsel nie, aangesien dit soms ooreenstem met en ander kere weer verskil van onderskeidelik tradisionele (Tarlinskaja) en strukturalisties-linguistiese (Chatman) skanderings.

Die bepaling van die beklemtoning van onderskeidelik sekondêre en tersiêre klem in meersillabige hoofkategoriewoorde en onbeklemtoonde eensillabige subkategoriewoorde met behulp van reëls wat alternerende sillabes beklemtoon (die verskillende vorme van die SASR), is volgens die bostaande gevolgtrekkings nie maksimaal betroubaar nie. Dit kan enersyds semanties belangrike subkategoriewoorde in die laaste posisie van die versreël (now in vers 13) of anders voor 'n sintaktiese pouse (are in vers 7) nie beklemtoon nie. Andersyds word veel meer subkategoriewoorde beklemtoon as in generatiewe (Halle en Keyser), strukturalisties-linguistiese (Chatman) of tradisionele (Tarlinskaja) skanderings van die Audensonnet. Soos die SASR is die SER 'n reël wat resulteer in 'n byna volkome reëlmatige linguistiese aktualisering van die onderliggende metriese patroon. Ook

hierdie reël word egter nie vir alle toepassings daarvan ondersteun deur tradisionele en/of strukturalisties-linguistiese skanderings van die Audensonnet nie. Beaver se twee opsionele reëls resulteer in 'n tē slaafse realisering van die abstrakte metriese patroon. Hierdeur word die funksionele afwykinge van so 'n onderliggende patroon nie weerspieël in 'n skandering van die Audensonnet volgens die beginsels vir klemtoekenning in Beaver (1971a, 1971b en 1974) se sisteem nie.

1.3.2 Die groepering van sillabes in metriese posisies

Een van die belangrikste uitkomste van 'n generatiewe benadering tot die metries-ritmiese struktuur van die poësie is die vervanging van die tradisionele konsep van die voet met 'n reeks posisies in die versreël.[21] Die waarde van Halle en Keyser (1966) se alternatiewe skanderingsprosedures word ten opsigte van hierdie aspek selfs ingesien deur 'n tradisionele kritikus van die generatiewe benadering: "The degree of abstraction or non-committedness of the Halle-Keyser 'positions' is, I believe, an improvement over the traditional terms of English metrical discussion; it is a device which anticipates and forestalls a number of distractions which have characteristically arisen in the discussion of both syllable and stress" (Wimsatt, 1970:198-199).

Die jambiese pentameter word deur Halle en Keyser (1971a:164) gekarakteriseer as "... the meter in which correspondence rules assign all syllables in a line, stressed and unstressed, to abstract metrical entities". Dit beteken dat daar in hierdie teorie van die jambiese pentameter onderskei moet word tussen 'n sillabe en 'n posisie: "The syllable is a unit of the line; the metrical position is a unit of the meter" (Freeman, 1969:195). Die tipiese jambiese pentameter bestaan uit tien posisies, waarvan die ongelyke posisies swak en die gelyke posisies sterk is. 'n Versreël waarin die jambiese pentameter geaktualiseer word, kan egter wissel tussen nege en twaalf sillabes. Daar is dus nie altyd 'n verhouding van een-tot-een tussen enersyds die sillabe as 'n versreëleenheid en andersyds die posisie as 'n abstrakte metriese entiteit nie. Om hierdie rede word in generatiewe teorieë van byvoorbeeld die jambiese pentameter veronderstel dat korresponderende reëls nodig is om te spesifiseer wat die verhouding is tussen sillabe en metriese posisie. In die eerste gedeelte van Halle en Keyser (1971a:169) se karakterisering van die jambiese pentameter

word korresponderende reëls gegee vir die rangskikking van sillabes in metriese posisies. Vergelyk hier weer die uiteensetting van die jambiese pentameter (kyk ook die inleidende opmerkings oor (28) in 1.3.0 hierbo):

(28) (a) ABSTRACT METRICAL PATTERN
(W)$^{+}$S WS WS WS WS (X) (X)
where elements enclosed in parentheses may be omitted and where each X position may be occupied only by an unstressed syllable.

(b) CORRESPONDENCE RULES
(i) A position (S, W or X) corresponds to a single syllable
OR
to a sonorant sequence incorporating at most two vowels (immediately adjoining or separated by a sonorant con= sonant)

DEFINITION: When a fully stressed syllable occurs between two unstressed syllables in the same syntactic consti= tuent within a line of verse, this syllable is called a 'stress maximum'.

(ii) Fully stressed syllables occur in S positions only and in all S positions
OR
Fully stressed syllables occur in S positions only but not in all S positions
OR
Stress maxima occur in S positions only but not in all S positions

Die korresponderende reëls in (28)(b)(i) hierbo bepaal die verhouding tussen sillabe en metriese posisie. In 'n uiteensetting van hulle skande= ringsprosedure direk na die karakterisering van die jambiese pentameter, spesifiseer Halle en Keyser (1971a) hoe die korresponderende reëls toege= pas word om die verhouding tussen die sillabes in 'n versreël en hulle korresponderende metriese posisies te bepaal:

> We must now show how lines are scanned within the revised theory. The procedure is as follows. In each line we first establish position occupancy by numbering the different syllables in the line from left to right. (It is important to keep in mind that extra-metrical sylla= bles, both in verse-initial and verse-final positions, are not included in the numbering. On the other hand, the missing first syllable in headless lines must be counted). If the number is ten, a one-to-one occupancy of positions by syllables is assumed, in accordance with the first alternative in (52bi) - (28)(b)(i) hierbo. If the number is one less than ten, a check is made to determine if a one-to-one syllable-to-position assignment can be made by assuming that the first W is missing (a headless line). If the number of syllables is more than ten, a check is made to determine whether the line contains any extra-metrical syllables or whether two adjacent syllables may be assigned to a single

position in accordance with the second alternative of (52bi) - (28)(b)(i) hierbo.

(Halle en Keyser, 1971a:170).

Halle en Keyser gee hiermee veel noukeuriger aanwysings vir die groepering van sillabes ten opsigte van die abstrakte metriese patroon as in enige van die benaderinge wat tot dusver bespreek is. In tradisionele en struktura=listies-linguistiese teorieë is byvoorbeeld ook gestel dat meer as een sillabe in 'n metriese iktus of non-iktus ingedeel kan word. Die presiese omstandighede vir so 'n indeling is egter nie gespesifiseer nie. Coetzee (1972:38-40) verskaf 'n goeie voorbeeld van die arbitrêre toepassing van elisie in die sknadering van twee verse uit Van Wyk Louw se "H. Petrus":

(42) i. 'n Jakkals grawe in die sneeu

ii. die jakkals grawe in die son

Die opeenvolging van vokale tussen die tweede sillabe van "grawe" en die daaropvolgende eensillabige "in" vorm volgens Halle en Keyser (1971a:169) se tweede alternatief onder (28)(b)(i) hierbo 'n sonorante reeks. Die moontlikheid vir 'n groepering van hierdie twee sillabes in een posisie is dus in (42)(i) en (ii) 'n linguistiese gegewe. Coetzee (1972:40) pas egter slegs in (42)(ii) elisie toe - dit wil sê die betrokke twee sillabes word geaktualiseer as een. Sy rede is onoortuigend: die klem op in in (42)(i) is aanvaarbaar, maar "vreemd" in (42)(ii). Aangesien daar volgens die skrywer nie drie opeenvolgende swak beklemtoonde sillabes mag wees in 'n jambiese versreël nie, word elisie toegepas in (42)(ii). Volgens Halle en Keyser se skanderingsprosedure (1971a:170) sal albei versreëls in (42) egter op dieselfde manier geskandeer word:

(42) i.' 1 2 3 4 5 6 7 8
'n Jakkals grawe in die sneeu
W S W S W S W S

ii.' 1 2 3 4 5 6 7 8
die jakkals grawe in die son
W S W S W S W S

Die Halle/Keyser-aanwysings vir die jambiese pentameter word hier aangepas vir enige jambiese metrum. Aangesien albei die versreëls in (42) 'n gelyke

aantal sillabes het, word 'n een-tot-een relasie tussen sillabe en posisie veronderstel. Hierdie versreëls word dus geskandeer in ooreenstemming met die eerste alternatief onder (28)(b)(i) hierbo. Selfs al is daar dus 'n sonorante reeks in die verse hierbo, word twee sillabes nie ingedeel in een posisie nie, omdat 'n een-tot-een relasie tussen sillabe en posisie veronderstel word. Om te sien waarom Coetzee (1972:40) se skandering van (42)(ii) onmoontlik is, moet die klem op die verskillende sillabes ook bygevoeg word (voorlopig word slegs die Halle/Keyser-aanwysings vir klem (1971b:157) soos uiteengesit in 1.3.1.1 hierbo gevolg):

(42) ii.'' *die jakkals grawe in die son
W S W S W S X

* 'n onmetriese versreël

Coetzee se toepassing van elisie het tot gevolg dat 'n beklemtoonde sillabe in 'n ekstra metriese posisie voorkom. Volgens Halle en Keyser se beperking op ekstra metriese sillabes hierbo in (28)(a) mag 'n ekstra metriese posisie slegs gevul word deur 'n onbeklemtoonde sillabe. (Daar word aangeneem dat enige W-posisie wat volg op die laaste S-posisie in 'n jambiese versreël ekstra metries is). Coetzee se skandering is foutief, omdat 'n klaarblyk= like metriese versreël geklassifiseer word as onmetries.

Die Halle/Keyser-aanwysings vir die groepering van sillabes in abstrakte metriese posisies kan vervolgens getoets word aan P.J. Philander se ""Maal= tyd". Daar sal onderskei word tussen metries prominente en metries nie-prominente sillabes volgens die Halle/Keyser-aanwysings vir leksikale klem soos uiteengesig in 1.3.1.1 hierbo. 'n Maksimale klem in 'n W-posisie sal gebruik word as 'n aanduiding dat die versreël òf onmetries is, òf anders dat Halle en Keyser se korresponderende reëls in (28)(b)(i) hierbo nie voorsiening maak vir bepaalde tipes jambiese versreëls nie.

(43) MAALTYD

1 2 3 4 5 6 7 8 9 S/P

1. Ou moeder met haar hoepelrokkie 9/8

W S W S W S W S X

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10
/ / / / /
2. en stywe kappie, staan hande gevou 10/10
W S W S W S W S W S

1 2 3 4 5 6 7 8 9
/ / /
*3. in die vorm van 'n koperklokkie 9/8
W S W S W S W S X

1 2 3 4 5 6 7 8
/ /
4. vir smôrens, smiddags en vir nou. 8/8
W S W S W S W S

1 2 3 4 5 6 7 8
/ / / /
5. Die blou bord en die skoon servet 8/8
W S W S W S W S

1 2 3 4 5 6 7 8
/ / /
6. die helder bril, die Bybel oop, 8/8
W S W S W S W S

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10
/ / / /
7. en teen die hoë muur haar groot portret 10/10
W S W S W S W S W S

1 2 3 4 5 6 7 8
/ /
8. hou my aan haar steeds vasgeknoop. 8/8
W S W S W S W S

1 2 3 4 5 6 7 8
/ / /
9. En op die gladde, blink buffet, 8/8
W S W S W S W S

1 2 3 4 5 6 7 8 9
/ / / /
10. glimmend in die skerp lig van die lamp, 9/10
(W) S W S W S W S W S

1 2 3 4 5 6 7 8
/ / /
11. skyn sy nou in die seëngebed 8/8
W S W S W S W S

```
          1   2  3   4  5   6 7 8  9
         /                  /      /
* 12.  leef sy nou in die wasige damp          9/10
    (W) S   W  S  W   S   W S W  S
```

```
          1  2   3    4      5     6 7    8  9
                        /                 /
  13.  Sy was eèrs goud, heel làter silwer,   9/8
          W  S   W    S      W     S W    S  X
```

```
          1     2    3 4   5   6    7
                     /              /
  14.  nòu's sy koper waar sy staan,          7/8
     (W) S     W   S W   S   W    S
```

```
          1     2  3  4  5   6     7  8
                           /        /
* 15.  maar met elke lui dan skilfer          8/8
          W     S  W  S  W   S     W  S
```

```
         1        2     3     4     5
        /               /     /     /
  16.  af ... die grasgroenspaan.             5/6
     (W)S        W     S     W     S
```

Volgens Halle en Keyser (1971a:170) se skanderingsprosedure kan 'n een-tot-een relasie tussen sillabe en posisie veronderstel word vir 'n jambiese versreël met 'n gelyke aantal sillabes (die Halle/Keyser-teorie word aan=gepas om nie net jambiese versreëls met 'n norm van tien sillabes nie maar ook jambiese versreëls met 'n norm van enige gelyke aantal sillabes in te sluit). In (43) hierbo behoort vers 2 en 7 (10 sillabes) en vers 4, 5, 6, 8, 9, 11 en 15 (8 sillabes) dus almal metriese versreëls te wees met 'n een-tot-een relasie tussen sillabe en posisie. Soos gesien kan word uit die skandering van (43) is vers 15 egter onmetries indien die Halle/Keyser-aanwysings gevolg word. Hierdie vers eindig op 'n onbeklemtoonde sillabe, sodat die aantal sillabes in die vers in werklikheid bereken moet word as 7 + 1. So gesien, is vers 15 'n koplose versreël:

```
                  1   2  3  4  5   6    7  8
                                /        /
(43)  i.    maar met elke lui dan skilfer        8/8
         (w) S    W  S  W  S   W    S  X
```

Hierdie tipe versreël kom baie algemeen voor in die poësie, sodat hier 'n aanvulling nodig is by die Halle/Keyser-skanderingsprosedure: 'n jambiese versreël wat eindig op 'n onbeklemtoonde sillabe en wat 'n gelyke aantal

sillabes het, moet geskandeer word soos 'n koplose versreël wat eindig op 'n ekstra metriese sillabe. 'n Een-tot-een relasie tussen sillabe en posisie kan verkry word deur te veronderstel dat die eerste W-posisie nie gevul is met 'n sillabe nie en dat die laaste sillabe 'n ekstra metriese posisie aktualiseer. Vergelyk vir versreëls wat 'n soortgelyke skandering as dié in (43)(i) vereis, ook nog die volgende gevalle:

(44) i. met borsspelde en wit parallelle 10/10
(W) S W S W S W S W S X

ii. van kalkoenrooi druppeldrelle 8/8
(W) S W S W S W S X

iii. gryp met die swart draf van pale 8/8
(W) S W S W S W S X

Die tweede tipe realisering van die jambiese pentameter wat deur Halle en Keyser (1971a:170) onderskei word, is 'n versreël met een sillabe minder as die gelyke aantal wat as norm vir 'n bepaalde gedig veronderstel word. Hierdie tipe versreël het nog steeds 'n een-tot-een relasie tussen sillabe en posisie, mits veronderstel word dat die eerste W-posisie nie gevul word met 'n sillabe nie. In (43) hierbo behoort vers 10, 12, 14 en 16 dus metries te wees, indien hulle geskandeer word volgens die bogenoemde aan=wysings. Vers 12 is egter onmetries, indien dit geskandeer word as 'n koplose versreël. Die enigste ander moontlike oplossing vir hierdie versreël is om te veronderstel dat dit een sillabe te veel het en om dan te probeer vasstel of daar nie êrens twee sillabes is wat gegroepeer sal kan word in een posisie nie:

(43) ii. leef sy nou in die wasige damp 9/8
W S W S W S W S

Tussen die tweede en derde sillabe van "wasige" kan wel in Afrikaans elisie toegepas word. Die /x/ is egter nie een van die sonorante konso=nante nie, sodat Halle en Keyser (1971a:169) se voorwaardes vir die groepe=

ring van twee sillabes in een posisie uitgebrei sal moet word om ook die /x/ tussen twee vokale in te sluit by dié konsonante wat elisie toelaat. Vergelyk hier ook die veranderinge wat Freeman (1968:68) aanbring in die Halle/Keyser-aanwysings vir die groepering van twee sillabes in een po= sisie: "For sixteenth-century verse, the list of consonants over which synaloepha can occur ... must be extended to include at least /v/ and /ð/ (and perhaps /z/)...". "Synaloepha" is die tegniese term in generatiewe benaderings vir die groepering van twee sillabes in een posisie. Die voorwaardes waaronder synaloepha mag plaasvind, word goed opgesom deur Freeman (1969:197-198):

> A metrical position normally is actualized by one syllable. It may be actualized by two syllables (synaloepha), however, under the following conditions: where the syllables consist of two contiguous vowels, irrespective of word boundary; where the syllables are separated by a sonorant consonant (and, from the early sixteenth century onward, by a voiced fricative) and where the syllables consist of an unstressed or weakly stressed monosyllabic word and a preceding stressed or unstressed syllable.

Halle en Keyser (1971a:171) gee die volgende voorbeeld van 'n versreël waarin synaloepha toegepas word:

(45) Yet dearly I love you and would be loved fain
W S W S W S W S W S

Die teenoorgestelde van synaloepha "where the relation of metrical position to syllable is one - many" is diaeresis "where the relation of metrical position to syllable is many - one" (Freeman, 1969:196). In 'n sonorante reeks is dit dikwels moontlik om 'n ekstra sillabe in te voeg, omdat die gereduseerde vokaal /ə/ onderliggend is in vorme soos "wondrous", soos byvoorbeeld gesien kan word in die aanwesigheid van die /ə/ in die vorm "cancerous": "... the underlying forms of some words lack /ə/, while others have it: wonder lacks an underlying vowel, as shown by wondrous, but cancer has it, as shown by cancerous" (Hascall, 1970:134). Hierdie gegewe word deur digters geëksploiteer, sodat Hascall (1970) opmerk: "I should not be surprised ... to find wondrous used to fill three positions or cance= rous to fill two, though I should expect wondrous to occur usually in two positions and cancerous usually in three" (1970:134). Diaeresis moet toe= gepas word in die derde vers van "Maaltyd", aangesien hierdie vers onmetries is, indien dit slegs geskandeer word as 'n versreël met een sillabe te veel in 'n ekstra metriese posisie:

(43) iii. in die vorm van 'n koperklokkie 9/8
W S W S W S W S X

iv. in die vorm van 'n koperklokkie 9/10
(W) S W S W S W S W S X

Soos gesien kan word uit (43)(iii) en (iv) hierbo kan hierdie versreël op twee maniere geskandeer word: 1) met synaloepha in die eerste W-posisie, diaeresis in die woord "vorm" wat twee posisies vul en 'n ekstra metriese sillabe aan die einde van die versreël; 2) as 'n koplose versreël met diaeresis in "vorm" en 'n ekstra metriese sillabe aan die einde van die versreël. Die maksimale klem in 'n W-posisie beslis dus wel dat die versreël nie slegs 'n ekstra metriese sillabe het nie (vergelyk die skandering van vers 3 hierbo in (43)); dit kan egter nie beslis watter van die twee moontlikhede hierbo in (43)(iii) en (iv) die korrekte skandering is vir hierdie versreël nie. In só 'n geval sal die konteks van die hele gedig in aanmerking geneem moet word om te beslis watter skandering die mees betroubare is. Dit sal ook daarvan afhang of die preposisie in in die uiteindelike skandering beklemtoond of onbeklemtoond sal wees. In 'n onbeklemtoonde vorm is synaloepha waarskynlik; in 'n beklemtoonde vorm sal die vers waarskynlik geskandeer moet word as koploos om aan in sy regmatige prominensie te verleen. Die variante skanderings hierbo het dus implikasies vir die interpretasie van die gedig - hierdie aspek kom hieronder ter sprake in 2.

Die laaste tipe versreël wat genoem word in Halle en Keyser (1971a:170) se skanderingsprosedure is dié met 'n ekstra sillabe in 'n X-posisie aan die einde daarvan. Daar is reeds gesien dat vers 3 in (43) nie slegs ekstra metries is nie maar ook diaeresis en óf synaloepha óf 'n ongevulde W-posisie het. Só 'n versreël vereis dan in die skandering daarvan meer as een van die moontlikhede vir die rangskikking van sillabes in posisies wat gespesifiseer word in die Halle/Keyser-riglyne. Daar is egter wel versreëls in "Maaltyd" met een sillabe te veel, wat slegs 'n ekstra metriese sillabe aan die einde van die versreël het. Hierdie verse kan dus geskandeer word volgens die Halle/Keyser-aanwysings hierbo: "If the number of syllables is more than ten, a check is made to determine whether the line contains any extra-metrical syllables ..." (1971a:170). Vers 1 en 13 in (43) kan volgens hierdie aanwysings geskandeer word as versreëls met 'n een-tot-een

relasie tussen sillabe en posisie en een ekstra metriese sillabe in 'n X-posisie aan die einde van die versreël:

(43) v. 1. / / / /
Ou moeder met haar hoepelrokkie 9/8
W S W S W S W S X

/ /
vi. 13. Sy was èers goud, heel làter silwer 9/8
W S W S W S W S X

In P.J. Philander se "Maaltyd" word dus versreëls aangetref wat al die moontlikhede illustreer wat genoem word in Halle en Keyser (1971a:170): 1) versreëls met 'n gelyke aantal sillabes en 'n een-tot-een relasie tussen sillabe en posisie (vers 2, 4, 5, 6, 7, 8, 9 en 11); 2) versreëls met een sillabe te min en 'n een-tot-een relasie tussen sillabe en po= sisie, maar met die eerste W-posisie nie gevul nie - koplose versreëls dus (vers 10, 14 en 16); 3) versreëls met een sillabe te veel in 'n ekstra metriese posisie (X) aan die einde van die versreël en 'n een-tot-een relasie tussen sillabe en posisie (vers 1 en 13); 4) versreëls met een sillabe te veel, waar twee sillabes gegroepeer word in een posisie - synaloepha (vers 12).

Alhoewel byna al die verse in (43) getipeer kon word volgens die Halle/ Keyser-aanwysings, is sommige versreëls foutief geskandeer as onmetries na die toepassing van die bostaande riglyne. Vir die skandering van hierdie verse moes sekere aanpassings gemaak word ten opsigte van die Halle/Keyser-aanwysings: 1) vers 15 is 'n voorbeeld van 'n versreël met 'n gelyke aantal sillabes wat eindig op 'n onbeklemtoonde sillabe; só 'n versreël moet geskandeer word as ekstra metries en koploos; 2) sommige versreëls vereis vir 'n metriese skandering daarvan 'n kombinasie van die moontlikhede wat genoem word in Halle en Keyser (1971a:170): vers 12 is koploos maar het ook nog synaloepha binne die vers; vers 3 is ekstra metries en het verder òf synaloepha òf 'n ongevulde W-posisie. Vir hier= die vers is diaeresis (Freeman, 1969 en Hascall, 1970 se aanvulling tot die Halle/Keyser-aanwysings) egter ook noodsaaklik. Die bogenoemde tipes versreëls illustreer minder of meer komplekse realiserings van die abstrak= te jambiese patroon van 'n gelyke aantal posisies. Halle en Keyser se korresponderende reëls vir die rangskikking van sillabes in abstrakte metriese entiteite soos die swak en sterk posisies in die versreël maak

dit moontlik om verskeie tipes realiserings van die metriese patroon te kan onderskei.

Tot sover is gekonsentreer op die versreël as 'n metries-ritmiese eenheid. Dit is egter ook nodig om by 'n spesifisering van die verhouding tussen sillabe en posisie ook die wisselwerking tussen die sin [22] en die versreël in aanmerking te neem. Vergelyk byvoorbeeld die volgende twee verse:

(46) i.
1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11
/ / / /
van waterblomme; en skeemrings wit soos graan 11/10
W S W S X W S W S W S

ii.
1 2 3 4 5 6 7 8 9
/ / / / / /
What makes him tick? Each night now I tie 9/10
W S W S (W) S W S W S

Die punktuasie in (46)(i) en (ii) hierbo is 'n duidelike aanwysing dat die versreëls verdeel word in sintaktiese snitte: in die eerste geval dui die kommapunt die einde aan van 'n sintaktiese snit wat begin het in die vorige verse van die gedig - dit is dus die einde van 'n enjambement; in die tweede geval is die punt die grens tussen die einde van een sin en die begin van 'n nuwe. Tot sover is ekstra metriese en ongevulde swak posisies in die versreël nog net aangetref in onderskeidelik die eind- of beginposisie van die versreël. Hierbo in (46)(i) en (ii) signaleer die X- en W-posisies egter nie die einde of begin van die versreël nie, maar wel die einde en begin van sintaktiese eenhede. Die moontlikheid van ekstra metriese sillabes voor sintaktiese grense binne die versreël word genoem in Halle (1967:74): ". . . extrametrical syllables are freely admitted at the end of the line, and, very infrequently, before major syntactic breaks within the line". Die volgende voorbeeld dien as illustrasie:

(46) iii. from mine own knowledge. As nearly as I may

Die onderstreepte sillabe voor die punt is volgens Halle 'n voorbeeld van 'n ekstra metriese sillabe voor 'n sintaktiese grens binne die versreël. Die moontlikheid van 'n ongevulde W-posisie binne die versreël word bespreek in Hascall (1970:135-136): "An odd (weak) position can be filled by ø between two even (strong) positions filled by stressed syllables".

Die skrywer stel hierdie reël op na 'n ondersoek van die poësie van John Lydgate, waarin 'n hele aantal versreëls voorkom "...which bring two lexical stresses together, while the line as a whole lacks a syllable; that is, one position is filled by the null element" (1970:135). Hascall se reël maak dus nie noodwendig voorsiening vir die signalering van 'n sin= taktiese snit deur 'n ongevulde W-posisie nie. Halle (1967) se spesifi= sering van die voorkoms van ekstra metriese sillabes voor sintaktiese grense binne die versreël kan egter maklik uitgebrei word om ook ongevulde W-posisies toe te laat onder dieselfde omstandighede. Die feit dat die versreël soms verdeel moet word in kleiner ritmiese eenhede word egter nie altyd aangedui met 'n punktuasieteken nie. Vergelyk hier vervolgens C.L. Leipoldt se "Sekretarisvoël" op twee maniere geskandeer: 1) suiwer volgens die Halle/Keyser-beginsels met die versreël as die ritmiese een= heid; 2) met inagneming van kleiner sintaktiese en/of semantiese ritmiese afbakenings binne die versreël:

(47) i. *1. Sekretarisvoël met jou lange bene — 11/10
W S W S W S W S W S X

*2. met jou penne agter die ore styf — 10/10
W S W S W S W S W S

*3. met jou stadige stappies, wat maak jy hier? — 11/10
W S W S W S W S W S

*4. Sekretarisvoël met jou lange bene — 11/10
W S W S W S W S W S X

5. met jou vaalgrys vere en lang lang lyf, — 10/10
W S W S W S W S W S

6. met jou groot groot oë, wat maak jy hier? — 10/10
W S W S W S W S W S

ii. 1. 1 2 3 4 5 1 2 3 4 5 6
Sekretarisvoël met jou lange bene 5/6; 6/6
(W) S W S W S (W) S W S W S X

2. 1 2 3 4 1 2 3 4 5 6
met jou penne agter die ore styf 4/4; 6/6
(W) S W S X W S W S W S

3. 1 2 3 4 5 6 7 1 2 3 4
met jou stadige stappies, wat maak jy hier? 7/6; 4/4
(W) S W S W S X W S W S

4. 1 2 3 4 5 1 2 3 4 5 6
Sekretarisvoël met jou lange bene 5/6; 6/6
(W) S W S W S (W) S W S W S X

5. 1 2 3 4 5 6 1 2 3 4
met jou vaalgrys vere en lang lang lyf, 6/6; 4/4
(W) S W S W S X W S W S

6. 1 2 3 4 5 6 1 2 3 4
met jou groot groot oë, wat maak jy hier? 6/6; 4/4
(W) S W S W S X W S W S

Die feit dat vier uit die ses versreëls van Leipoldt se "Sekretarisvoël" volgens die skandering in (47)(i) onmetries is, laat die vermoede ontstaan dat die versreëls op 'n ander manier geskandeer moet word. By nader onder=soek blyk dat die parallelle konstruksies wat telkens begin met "met jou ..." uitbreidings is wat ingevoeg is tussen die aangesprokene en die vraag in elke strofe (vergelyk hoofstuk II hierbo vir 'n uiteensetting van die sintaktiese struktuur van poëtiese taalgebruik). Die kernmededeling in elke strofe is:

(47) iii. 1 2 3 4 5 6 7 8 9
Sekretarisvoël, wat maak jy hier? 9/10
(W) S W S W S W S W S

Soos blyk uit die rekonstruksie in (47)(iii) sou hierdie mededeling geskan=deer kon word as 'n ritmiese eenheid - hier in die vorm van 'n koplose

versreël. Die skandering in (47)(ii), waar die parallelle konstruksies telkens as selfstandige ritmiese eenhede binne die vers geskandeer word, reflekteer dus die onderliggende sintaktiese organisasie van die gedig: die kernmededeling in (47)(iii) word gespesifiseer met behulp van inge= voegde parallelle konstruksies. Die skandering in (47)(ii) verhelder dus die sinstruktuur van die gedig. Volgens die bostaande uiteensetting word dit duidelik dat die Halle/Keyser-riglyne uitgebrei en aangepas kan word om ook buite en binne die grense van die versreël sintaktiese eenhede metries-ritmies te analiseer. Só 'n uitbreiding van die Halle/Keyser-rig= lyne kan ten slotte ook nog geïllustreer word met verwysing na Wallace Stevens se "The Snow Man" (vergelyk die bespreking van hierdie gedig in hoofstuk II: 2.3 en 3 hierbo). Indien die gedig streng geskandeer word volgens die Halle/Keyser-riglyne, is meer as die helfte van die versreëls onmetries:

(48) i.

	(/) (/) / /	S/P
* 1.	One must have a mind of winter	
	W S W S W S W S	8/8
	/ / /	
* 2.	To regard the frost and the boughs	8/8
	W S W S W S W S	
	/ / / /	
3.	Of the pine-trees crusted with snow;	8/8
	W S W S W S W S	
	(/) / / /	
* 4.-	And have been cold a long time	7/8
	(W) S W S W S W S	
	/ / / /	
* 5.	To behold the junipers shagged with ice,	10/10
	W S W S W S W S W S	
	/ / / /	
* 6.	The spruces rough in the distant glitter	10/10
	W S W S W S W S W S	
	/ / (/) /	
7.-	Of the January sun; and not to think	11/12
	(W) S W S WS W S W S W S	
	(/) / / /	
* 8.	Of any misery in the sound of the wind,	12/12
	W S W S W S W S W S W S	

9. - In the sound of a few leaves, 12/12
(W) S W S W S W S

* 10. - Which is the sound of the land 7/8
(W) S W S W S W S

11. - Full of the same wind 5/6
(W) S W S W S

12. - That is blowing in the same bare place 9/10
(W) S W S W S W S W S

13. For the listener, who listens in the snow, 11/10
W S W S W S W S W S

14. - And, nothing himself, beholds 7/8
(W) S W S W S W S

15. Nothing that is not there and the nothing that is. 12/12
W S W S W S W S W S W S

Vir enkele versreëls geld sommige van die alternatiewe skanderings wat hierbo by P.J. Philander se Maaltyd (43) uiteengesit is. So byvoorbeeld kan vers 1 geskandeer word as koploos en ekstrametries:

(48) ii. 1. - One must have a mind of winter S/P 8/8
(W) S W S W S W S X

Vers 6 het soos vers 1 'n gelyke aantal sillabes met die laaste sillabe onbeklemtoond. Hierdie vers is egter nog steeds onmetries indien dit soos vers 1 in (48)(ii) hierbo geskandeer word as koploos en ekstrametries:

(48) iii. * 6. - The spruces rough in the distant glitter S/P 10/10
(W) S W S W S W S W S X

'n Verskuiwing van SW-posisies vir die vers as geheel verplaas die onmetriese

maksimale klemtone vanaf die tweede gedeelte van die vers (vergelyk die skandering van vers 6 in (48)(i) hierbo) na die eerste gedeelte daarvan (vergelyk (48)(iii) hierbo). Soos dit die geval was met die meeste vers= reëls in Leipoldt se "Sekretarisvoël" (47) is dit nodig om vers 6 uit Stevens se "The Snow Man" te verdeel in kleiner metries-ritmiese eenhede binne die vers:

(48) iv. 6. The spruces rough - in the distant glitter — S/P 4/4, S/P 6/6
W S W S (W) S W S W S X

Só 'n verdeling hou rekening met kleiner sintaktiese groeperinge binne die versreëleenheid. Apart beskou, kan die beginsels wat hierbo uiteen= gesit is, toegepas word op hierdie twee dele binne vers 6: die eerste gedeelte word geskandeer soos 'n reëlmatige jambiese versreël met 'n gelyke aantal sillabes waarbinne 'n een-tot-een relasie tussen sillabe en posisie veronderstel kan word; die tweede gedeelte moet soos vers 1 geskandeer word as tegelyk koploos en ekstrametries (kyk (48)(ii) hierbo). Aangesien nie minder nie as agt uit die vyftien versreëls in "The Snow Man" onmetries is wanneer die versreël as die metries-ritmiese eenheid beskou word, kan aangeneem word dat vers 6 'n algemene strukturele beginsel in hierdie gedig illustreer. Dit is nodig om nie die versreëleenheid nie maar wel kleiner sintaktiese groeperinge binne die vers te beskou as die werklike metries-ritmiese eenhede van hierdie gedig. Vergelyk vervolgens 'n skandering van "The Snow Man" waar die sintaktiese groeperinge die basis is vir die indeling van sillabes in posisies:

(48) v. 1. - One must have a mind of winter — S/P 3/4, S/P 5/4
(W) S W S W S W S X

2. To regard the frost and the boughs — 3/4, 2/2, 3/4
(W) S W S W S (W) S W S

3. Of the pine-trees crusted with snow — 4/4, 4/4
W S W S W S W S

4. And have been cold a long time — 4/4, 3/4
W S W S (W) S W S

5. To behold the junipers shagged with ice, 3/4 4/2
(W) S W S W S X X (W) S W S

6. The spruces rough in the distant glitter 4/4 6/6
W S W S (W) S W S W S X

7. Of the January sun; and not to think 7/8 4/4
(W) S W S WS W S W S W S

8. Of any misery in the sound of the wind 7/5 3/4 3/4
W S W S X (W) S W S (W) S W S

9. - In the sound of a few leaves 3/4 4/4
(W) S W S W S W S

10. Which is the sound of the land 4/4 3/4
W S W S (W) S W S

11. - Full of the same wind 5/6
(W) S W S W S

12. - That is blowing in the same bare place 4/4 5/6
(W) S W S X (W) S W S W S

13. - For the listener, who listens in the snow, 5/4 6/6
(W) S W S X W S W S W S

14. And, nothing himself, beholds 1/2 4/4 2/2
(W) S W S W S W S

15. Nothing that is not there and the nothing that is
(W) S X W S W S (W) S W S X W S
2/2 4/4 4/4 2/2

(/) - wisselend belangrike klemtone - vergelyk 1.4 hieronder

Uit die skandering van (48)(v) word dit duidelik dat die spel tussen sin=

taksis en versreël in "The Snow Man" gereflekteer word in die verhouding tussen sillabe en posisie binne die verse. In gedigte soos Leipoldt se "Sekretarisvoël" (47) en Stevens se "The Snow Man" (48) word die leser as 't ware gedwing om te let op die kleiner metries-ritmiese eenhede binne die versreël. Hierdie metries-ritmiese eenhede stem ooreen met die woordgrense of met sintaktiese groeperings binne die vers. Die Halle/Keyser-reëls vir die verhouding tussen sillabe en posisie kan dus uitgebrei word om nie net die metries-ritmiese struktuur van die vers=reëleenheid nie, maar inderdaad ook die metries-ritmiese struktuur van sintaktiese groeperinge binne die versreëleenheid te beskryf. Hiermee word dit moontlik om eksplisiet te beskryf wat navorsers soos De Groot (1930), Kayser (1946), Cloete (1953) en Braakhuis (1962) reeds gestel het: nie die voet nie maar sintaktiese groeperinge binne die versreël moet beskou word as die eintlike ritmiese eenhede in die poësie (kyk voetnoot 9 hierbo).

Die verdienstes van die Halle/Keyser-onderskeiding tussen sillabe en posisie is duidelik: dit beskryf die metries-ritmiese struktuur van òf die versreëleenheid òf sintaktiese groeperinge binne en buite die vers=reëleenheid. Hiermee kan die kunsmatige indeling van die voet verval en in die plek daarvan kan in die skandering van 'n gedig die versmatige en/of sintaktiese struktuur daarvan metries-ritmies beskryf en geanali=seer word.

Die beperking op 'n maksimale klem in 'n W-posisie (Halle en Keyser, 1971a) is in die bostaande analises gebruik as 'n kriterium vir die onderskeiding tussen 'n aanvaarbare en 'n onaanvaarbare skandering van 'n versreël. In plaas daarvan om aan te neem dat drie uit die sestien versreëls in Philan=der se "Maaltyd" onmetries is, is eerder gesoek na 'n alternatiewe skandering vir dié versreëls. Dieselfde beginsel is gevolg by die alter=natiewe skandering van Leipoldt se "Sekretarisvoël" en Stevens se "The Snow Man", waar die onmetriese versreëls in elk van dié gedigte 'n sintak=tiese wetmatigheid onthul wat geldig is vir die hele gedig. Die maksimale klem in 'n W-posisie is egter nie altyd 'n aanduiding van 'n foutiewe skandering nie. Vergelyk byvoorbeeld die volgende Yeatsgedig:

(49) DEATH

1 2 3 4 5 6
/ / /
1. Nor dread nor hope attend 6/6
W S W S W S

1 2 3 4 5 6
/ / \
2. A dying animal 6/6
W S W S W S

1 2 3 4 5 6
/ / /
3. A man awaits his end 6/6
W S W S W S

1 2 3 4 5 6
/ / \
4. Dreading and hoping all 6/6
W S W S W S

1 2 3 4 5
/ / /
5. Many times he died, 5/6
(W) S W S W S

1 2 3 4 5 6
/ / / \
6. Many time rose again. 6/6
W S W S W S

1 2 3 4 5 6
/ / /
7. A great man in his pride 6/6
W S W S W S

1 2 3 4 5 6 7
/ / /
8. Confronting murderous men 7/6
W S W S W S

1 2 3 4 5 6
/ / \
* 9. Casts derision upon 6/6
W S W S W S

```
          1 2  3  4   5    6
              /             /
*10.  Supersession of breath          6/6
          W S  W  S   W    S
```

```
          1   2    3      4  5   6
              /    /             /
11.   He knows death to the bone      6/6
          W   S    W     S  W   S
```

```
          1   2    3 4 5    6
          /             /    /
12.   Man has created death          6/6
          W   S    W S W    S
```

\ - bygevoegde klemtone by die Halle/Keyser-aanwysings vir klem - kyk die uiteensetting hieronder in 1.4 in hierdie verband.

In 'n gedig waarvan die aantal posisies per versreël feitlik deurgaans ses is - vers 5 is 'n koplose versreël en vers 7 het synaloepha binne die vers - is 'n alternatiewe skandering vir die twee onmetriese gevalle (vers 9 en 10) onwaarskynlik. Die een-tot-een relasie tussen sillabe en posisie is dwarsdeur die gedig gehandhaaf in verse met ses sillabes. Om hierdie rede word die maksimale klem in 'n W-posisie nie vir hierdie verse beskou as 'n aanduiding van onmetrisiteit nie maar slegs as 'n verdere graad van 'n meer komplekse realisering van die jambiese metrum in hierdie gedig. Halle en Keyser se maksimale klem in 'n W-posisie word in gevalle soos (49) hierbo dus geïnterpreteer as 'n duidelike afwyking van die metrum. [23)]

Die moontlikhede van Halle en Keyser (1971a) se korresponderende reëls om die verhouding te bepaal tussen sillabes en posisies in die versreël blyk duidelik uit die toepassing van hierdie reëls vir die verskillende gevalle hierbo. Die waarde van die beperking op 'n maksimale klem ("stress maximum") in 'n W-posisie is ook geïllustreer ten opsigte van die aanwysings vir alternatiewe skanderings en ten opsigte van die verkryging van lei= drade tot aanvullings by die Halle/Keyser-reëls en skanderingsprosedures. Die eintlike waarde van die beperkings op die maksimale klem in die verhouding daarvan tot bepaalde W-posisies in die versreël lê egter op= gesluit in die feit dat die tradisionele verdeling van die versreël in voete daardeur oorbodig word in generatiewe benaderings tot die metries-ritmiese struktuur van die poësie. 'n Fundamentele punt van kritiek wat

Halle en Keyser (1971a:167) teen die konsep van die voet het, is dat tradi= sionele teorieë die voete binne 'n versreël blykbaar beskou as van mekaar onafhanklike entiteite. Dit is 'n beskouing wat konsekwensies het vir sowel die bepaling van die metries prominente sillabes in 'n versreël as vir die aanduiding van toelaatbare afwykinge van die mees neutrale reali= sering van 'n bepaalde metriese patroon. Daar is reeds hierbo in 1.3.1.1 verwys na die verskil in respektiewelik tradisionele en generatiewe bepa= lings van die metries prominente sillabes in 'n versreël soos:

(33) i. When to the sessions of sweet, silent thought
x - / x - / x - / x - / x -
(tradisioneel)

ii. When to the sessions of sweet, silent thought
W S W S W S W S W S
(generatief)

Juis omdat die voete beskou word as van mekaar onafhanklike entiteite is dit moontlik om die beginsel van relatiewe klem (Wimsatt en Beardsley, 1959) toe te pas in elke afsonderlike voet. Die gevolg hiervan is die promovering van die onbeklemtoonde subkategoriewoord of tot 'n metries prominente sillabe en die demovering van die leksikaal beklemtoonde hoof= kategoriewoord sweet tot 'n metries nie-prominente sillabe. Hierdie beginsel - hoe geforseerd die beklemtoning "ŏf swĕet" ook al is - word aanvaar binne alle teorieë wat die voet in die skandering van versreëls behou. Dit is nie net waar van tradisionele benaderinge (Wimsatt en Beardsley, 1959; Coetzee, 1972) nie, maar dit is ewe waar van struktura= listies-linguisties georiënteerde metriese analises. Hawkes (1962) sou die verskil tussen respektiewelik die twee onbeklemtoonde en die twee beklemtoonde sillabes van die derde en vierde jambiese voete in (33)(i) verduidelik het met behulp van die Trager/Smith-stelsel en die fonetiese verskil tussen twee opeenvolgende sillabes met dieselfde graad van klem. Vir Chatman (1965) sou die derde en vierde voet albei "meter-fixed" wees. Die jambiese tipering van die voet as 'n relatief swakker beklemtoonde sillabe gevolg deur 'n relatief sterker beklemtoonde sillabe bly vir al hierdie metrici 'n realiteit in (33)(i) hierbo. Dat so 'n standpunt 'n negering is van die linguistiese aktualisering van die jambiese metrum, is blykbaar geen beswaar nie. Selfs in 'n heel resente toepassing van die

Trager/Smith-stelsel word die volgende kommentaar op die skandering van (33)(i) en (ii) nog aangetref: "in reference to the line from Shakespeare's sonnet, 'When to / the sess / ions of / sweet si / lent thought,' according to Halle and Keyser, 'the strict iambic theory requires that the prepo= sition to receive greater stress than sweet in violation of the linguistic givens of spoken English' (CSP, 190 - d.i. Halle en Keyser, 1966:190). The question concerning of and sweet does not arise when one considers that they do not appear in the same metric foot, hence their strength relative to each other is not at issue" (Hewitt, 1972:257 - onderstreping van my).

Die voordele van die bepaling van maksimale klem - nie binne die grense van die voet nie, maar oor ten minste drie metriese posisies - is duidelik. Alhoewel Wimsatt (1970) die betrokke versreël self sou geskandeer het soos in (33)(i) hierbo, is sy reeds aangehaalde opmerking oor die abstraktheid van die Halle/Keyser-konsep van posisies in die versreël nietemin 'n raak tipering van die tradisionele en strukturalisties-linguistiese skanderings= probleme ten opsigte van (33) hierbo: "... it (d.i. die konsep van 'posi= sies') is a device which anticipates and forestalls a number of distrac= tions which have characteristically arisen in the discussion of both syllable and stress" (Wimsatt, 1970:198-199 - onderstreping van my).

Die feit dat metriese voete binne tradisionele teorieë as van mekaar onafhanklike entiteite beskou word, beïnvloed ook die onderskeiding tussen metriese en onmetriese verse. Vergelyk die tradisionele en generatiewe skanderings van die volgende (volgens Halle en Keyser, 1971a:167) onmetiese reël:

(29) vii.' / Ode to the / West / Wind by / Percy / Bysshe / Shelley
- x / x - / - x / - x / - - / x
(tradisioneel)

vii. / Ode to the / West / Wind by / Percy / Bysshe / Shelley
W S W S W S W S W S X
(generatief)

Die maksimale klem in 'n W-posisie bepaal in die generatiewe skandering dat (29)(vii) onmetries is. In (29)(vii)' is daar egter, in tradisionele

terme, 'n aantal toelaatbare afwykinge van die metrum: 'n omgekeerde eerste voet, 'n spondeïese vyfde voet en twee trogeïese inversies in die derde en vierde voet. Die bogenoemde versreël sal dus metries wees binne 'n tradisionele benadering. Halle en Keyser (1971a:167) merk op: "The difficulty arises from the fact that the standard theory (d.i. tradisionele opvattinge soos dié van Wimsatt en Beardsley, 1959) formulates allowable deviations in terms of feet. (In fact, it is mainly in this domain that the entity 'foot' plays a significant role.) Implicit in this formulation is the view that deviations in one foot are independent of deviations in adjoining feet. This is not the case, however. Thus, although trochaic feet are admissible in iambic lines, they must not be consecutive, for consecutive trochaic feet render the line unmetrical ...". Belangriker as die onderskeiding tussen metriese en onmetriese versreëls is egter die inkorporering van die tradisionele teorieë se "allowable deviations" in die Halle/Keyser-skanderingsprosedure. In tradisionele teorieë is die toelaatbare afwyknge opgeneem in 'n lys, waarin gespesifiseer is watter voete die oorwegend jambiese voete in 'n versreël kon vervang: 'n onbeklem= toonde voet (pyrrhee), 'n spondee, die eerste voet omgekeer (trogee), omgekeerde voete binne die vers, 'n ekstra swak lettergreep ingevoeg binne die vers, die weglaat van die eerste swak sillabe (koplose versreël) - gebaseer op Halle en Keyser, (1971a:166). Ten einde sowel die neutrale realisering van die jambiese metrum as die toelaatbare afwykinge van hierdie metrum te kan illustreer, gee Halle en Keyser (1971a:169-170) volledige aanwysings ten opsigte van die volgende: 1) 'n karakterisering van die abstrakte jambiese metrum, 2) korresponderende reëls vir die linguistiese aktualisering van hierdie metrum en 3) 'n volledige skanderingsprosedure wat die verhouding spesifiseer tussen enersyds die beklemtoonde en onbe= klemtoonde sillabes en andersyds die metriese posisies in die versreël. Die skanderingsprosedure ten opsigte van die groepering van sillabes in metriese posisies is reeds volledig hierbo geïllustreer. Die volgerde stap in die Halle/Keyser-skanderingsprosedure word soos volg uiteengesit:

> Having established the syllable-to-position assignments, we next locate stressed and unstressed syllables in the line. We then check to see if the location of stressed and unstressed syllables satisfies one of the three alternatives of (52bii - (28)(b)(ii) hierbo). We begin by checking the first alternative and underlining all positions in which it is not satisfied, that is, we underline each position where an S is occupied by an unstressed syllable or a W by a stressed syllable. Next we examine the line in terms of the second alternative of (52bii - (28)(b)(ii) hierbo) and underline all positions where this is violated, that is, a W occupied by a stressed syllable now receives a double

> underline. Finally, we check out the third alternative: if any position violates this - that is, if any W is occupied by a stress maximum - the line is judged unmetrical. In checking we count full and unstressed vowels only.
>
> (Halle en Keyser, 1971a:170)

Anders as die toelaatbare afwykinge in die tradisionele opvattinge - waar hierdie afwykinge slegs opgeneem word in 'n lys - is alle afwykinge van die jambiese metrum in die Halle/Keyser-teorie georden volgens die verskillende alternatiewe wat ressorteer onder die korresponderende reëls. 'n Oortre= ding van 'n later alternatief signaleer 'n komplekser aktualisering van die metriese patroon as die oortreding van 'n vroeër alternatief. Die getal onderstrepings in 'n versreël druk dan numeries die kompleksiteit uit van 'n bepaalde aktualisering van die metrum.

Vergelyk vervolgens die skandering van 'n aantal versreëls wat steeds meer komplekse aktualiserings van die onderliggende metriese patroon registreer:

(50)

		S/P	K
i.	The curfew tolls the knell of parting day W S W S W S W S W S	10/10	0
ii.	- Twenty bookes clad in blak or reed (W) S W S W S W S W S (Illustrasie van 'n koplose versreël)	9/10	1
iii.	And leaves the world to darkness and to me W S W S W S W S W S (Illustrasie van twee pyrrhiese voete in die laaste vier posisies)	10/10	2
iv.	Are driven, like ghosts from an enchanter fleeing W S W S W S W S W S X (Illustrasie van synaloepha)		2
v.	Appeare in person here in court. Silence W S W S W S W S W S (Illustrasie van 'n trogeïese inversie na 'n sintaktiese pouse binne die vers)	10/10	3

vi. The Millere was a stout carl for the nones 11/10 4
W S W S W S W S W S X

(Illustrasie van 'n trogeïese inversie binne die versreël in die agste en negende posisie)

vii. Silent upon a peak in Darien 10/10 5
W S W S W S W S W S

(Illustrasie van 'n omkering in die eerste voet - trogeïese inversie)

viii. The course of true love never did run smooth 10/10 6
W S W S W S W S W S

(Illustrasie van 'n spondee in die laaste twee posisies)

Hiermee is al die toelaatbare afwykinge van die tradisionele opvatting nie net geïllustreer nie maar terselfdertyd beoordeel volgens die graad van kompleksiteit en georden volgens minder en meer moeilike aktualisérings van die onderliggende metriese patroon.

Die voordele van die Halle/Keyser-skanderingsprosedure is duidelik: die onderliggende metriese patroon word aangetoon in die abstrakte metriese posisies W, S of X; die linguistiese aktualisering van die abstrakte metriese patroon word aangedui met 'n (/) bo beklemtoonde sillabes; die afwykinge van die metrum word in die skandering gereflekteer deur middel van enkel- en dubbel onderstrepings; die kompleksiteit van die versreël word numeries uitgedruk deur die syfer aan die regterkant van die versreël.

Tot sover die uiteensetting van die skanderingsprosedures van tradisionele, strukturalisties-linguistiese en generatief-linguistiese beskouinge van die metries-ritmiese struktuur van die poësie. Daar sal vervolgens uiteengesit word watter skanderingsprosedure in hierdie studie gevolg sal word in die analises hieronder in 3 en 4.

1.4 Skanderingsprosedure

In die inleiding tot hierdie studie (vergelyk 0 hierbo) is gestel dat 'n